

**DIE ONDERWYSSTELSEL IN SWAZILAND
NA ONAFHANKLIKHEID**

VICTOR PERIE HUMAN, B.A., B.Ed., T.H.O.D.

Verhandeling voorgelê vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in

VERGELYKENDE OPVOEDKUNDE

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

STUDIELEIER: PROF. H.J. STEYN

POTCHEFSTROOM

1995

**DIE ONDERWYSSTELSEL IN SWAZILAND
NA ONAFHANKLIKHEID**

VICTOR PERIE HUMAN

VOORWOORD

Graag betuig ek my dank en waardering aan die volgende persone en instansies wat direk of indirek bygedra het tot die voltooiing van hierdie verhandeling:

- Prof. H.J. Steyn wat ingewillig het om as studieleier vir hierdie verhandeling op te tree en vir sy deurlopende ondersteuning;
- prof. M.C.A. Seyffert vir die taalversorging;
- mev. Susan van Wyk vir die woordverwerking;
- mev. Engela van der Walt verbonde aan Ferdinand Postma Biblioteek vir die kontrole van die bibliografie;
- amptenare van die Ministerie van Onderwys in die Koninkryk van Swaziland vir die vergunning om gebruik te maak van die onderwysargief, die biblioteek van die Universiteit van Swaziland en die bereidheid om tyd vir persoonlike onderhoude af te staan;
- my eggenote Freda en my kinders Erica, Charl, Perie en Johan vir hulle opofferende bydrae.

Victor P. Human
Amsterdam

OPSOMMING

In hierdie navorsing word die vraag gestel oor watter veranderinge in die Swazilandse onderwysstelsel ingetree het na onafhanklikwording. Ten einde 'n aanknopingspunt te kry vir die werklike problematiek, is daar eerstens gekyk na die struktuur van 'n onderwysstelsel in die algemeen. Aansluitend hierby is 'n historiese perspektief gegee van die Swazilandse onderwysstelsel sodat die struktuur van die onderwysstelsel voor onafhanklikwording bepaal kan word. Uit hierdie voorkennis kon bepaal word watter veranderinge na onafhanklikwording ingetree het. Om 'n antwoord op die gestelde probleem te kon verskaf, is die onderwysideale van Swaziland bepaal en aangetoon hoe dit die onderwysbeleid beïnvloed het. Daar is in diepte gekyk na die organisasie-strukture, onderwyskundige strukture en die ondersteuningsdienste en daar is aangedui in watter mate daar sukses in die ontwikkeling van die strukture te bespeur is. Die navorsing is afgesluit met 'n kort beskouing oor watter aspekte 'n remmende invloed op die stelsel het en of aan die minimum vereistes, wat daar aan 'n onderwysstelsel gestel word, gestand gedoen is sedert onafhanklikheid. Die gevolgtrekking waartoe geraak is, is dat die onderwysowerhede in Swaziland in 'n groot mate daarin geslaag het om, afgesien van die belemmerende faktore, ontwikkeling te laat plaasvind in die onderwysstelsel.

TREFWOORDE:

Nasionale onderwysstelsel; ontwikkelende onderwysstelsel; onderwysstelselbeleid; onderwysstelseladministrasie; onderwyskundige struktuur; ondersteuningsdienste.

SUMMARY

In this research the question was posed about what changes had taken place in the Swaziland system of education since independence. To tie on to the realistic problems, it was decided to look at the educational structure in general. Linked to this, a historical perspective of the Swaziland system of education was given, so that the structure of education before independence could be determined. By means of this historical information it could be determined what changes had taken place after independence. To answer the posed problem, the education-related ideals of Swaziland as well as the influence that it had on the education policy were determined. Organisational structures, educational structures and supporting services were looked at in depth and the extent of success that could be seen in the development of these structures was indicated. To conclude with, a brief look was taken at those aspects which had an inhibiting effect on the system and whether the minimum prerequisites, as required by a system of education, had been met since obtaining independence. The conclusion made is that the education authorities in Swaziland were to a great extent able to let development take place in their system of education, despite some inhibiting factors.

DESCRIPTORS:

National education system; developing education system; education system policy; education system administration; structure for teaching; support services.

INHOUDSOPGAW

Voorwoord	i
Opsomming	ii
Abstract	iii
Lys van Figure en Tabelle	xvi

HOOFSTUK 1 : INLEIDING

1

1.1 INLEIDING	1
1.2 PROBLEEMSTELLING	2
1.3 DOEL	2
1.4 TERREINAFBAKENING	3
1.5 NAVORSINGSMETODES	3
1.5.1 Literatuurstudie	3
1.5.2 Navorsingsbesoek	3
1.6 HOOFSTUKINDELING	3

HOOFSTUK 2 : DIE STRUKTUUR VAN 'N NASIONALE ONDERWYSSTELSEL ...

4

2.1 INLEIDING	4
2.2 DEFINISIE VAN 'N ONDERWYSSTELSEL	4
2.3 MINIMUM VEREISTES VIR 'N ONDERWYSSTELSEL	5
2.4 KOMPONENTE VAN DIE ONDERWYSSTELSEL	6

2.4.1	Inleiding	6
2.4.2	Onderwysstelselbeleid	7
2.4.3	Onderwysstelseladministrasie	8
2.4.4	Onderwyskundige struktuur	8
2.4.4.1	Die struktuur vir leergeleenthede	9
2.4.4.2	Die leerders (leerlinge)	10
2.4.4.3	Die onderriggewers	10
2.4.4.4	Onderrigmedium	10
2.4.4.5	Die fisiese fasiliteite	11
2.4.5	Ondersteuningsdienste	11
2.5	DETERMINANTE VAN DIE ONDERWYSSTELSEL	12
2.5.1	Kultuur as determinant van die onderwysstelsel	13
2.5.2	Geskiedenis as determinant van die onderwysstelsel	13
2.5.3	Die ekonomie as determinant van die onderwysstelsel	14
2.5.4	Politiek as determinant van die onderwysstelsel	14
2.5.5	Demografie as determinant van die onderwysstelsel	14
2.5.6	Geografie en klimaat as determinante vir die onderwysstelsel	15
2.5.7	Landsbehoefte as determinant van die onderwysstelsel	15
2.5.8	Gedifferensieerde behoeftes van die leerders as determinant van die onderwysstelsel	16
2.5.9	Lewensbeskouwlike verskille as determinante van die onderwysstelsel	16
2.6	SAMEVATTING	16

HOOFSTUK 3 : DIE SWAZILANDSE ONDERWYSSTELSEL - 'N SOSIO-POLITIESE EN HISTORIESE PERSPEKTIEF	18
3.1 INLEIDING	18
3.2 GEOGRAFIESE GESTELDHEID.	19
3.3 HISTORIESE AGTERGROND	19
3.4 BEVOLKING	20
3.5 EKONOMIESE STRUKTUUR.	21
3.6 POLITIEKE STRUKTURE	21
3.7 DIE ONDERWYS IN SWAZILAND - 'N HISTORIESE AGTERGROND TOT 1968	24
3.7.1 Inleiding.	24
3.7.2 Tradisionele onderwys	24
3.7.3 Formele onderwys	25
3.7.3.1 Sendingonderwys	25
3.7.3.2 Onderwys vir blankes	26
3.7.3.3 Onderwys vir kleurlinge (Euroafricans).	27
3.7.3.4 Onderwys vir Swazi's	28
3.7.4 Integrasiemodel en kultuurverskille in die onderwysstelsel, 1963-1968	29
3.8 SAMEVATTING.	29
 HOOFSTUK 4 : DIE NASIONALE ONDERWYSIDEAAL, ONDERWYSBELEID EN ORGANISASIESTRUKTURE IN DIE SWAZILANDSE ONDERWYSSTELSEL.	 31
4.1 INLEIDING	31

4.2	DIE NASIONALE ONDERWYSIDEAAL	31
4.2.1	Inleiding.	31
4.2.2	Onderwysideale voor onafhanklikheid	31
4.2.2.1	Die onderwysideale van die sendelinge	31
4.2.2.2	Die onderwysideale van die Britse koloniale regering.	32
4.2.3	Onderwysideale na onafhanklikheid	32
4.2.3.1	Die onderwysideale van die eerste nasionale ontwikkelingsplan, 1969-1973	32
4.2.3.2	Die onderwysideale van die tweede nasionale ontwikkelingsplan, 1973-1977	35
4.2.3.3	Die onderwysideale van die derde nasionale ontwikkelingsplan, 1978-1983	39
4.2.3.4	Die onderwysideale van die vierde nasionale ontwikkelingsplan, 1983/84 - 1987/88.	44
4.2.3.5	Die onderwysideale van die vyfde nasionale ontwikkelingsplan, 1989-1994	45
4.2.4	Samevatting	48
4.3	DIE ONDERWYSBELEID	49
4.3.1	Inleiding.	49
4.3.2	Die onderwysbeleid van die eerste nasionale ontwikkelingsplan, 1968-1973	49
4.3.3	Die Imbokodvo National Movement	49
4.3.4	Die Nasionale Onderwyskommissie, 1972.	51
4.3.5	Die tweede nasionale ontwikkelingsplan vir die onderwys, 1973-1977	52
4.3.6	Die derde nasionale ontwikkelingsplan vir die onderwys, 1978-1983	54
4.3.7	Die vierde nasionale ontwikkelingsplan vir die onderwys, 1984-1988.	54

4.3.8	Die Nasionale Onderwysersieningskommissie 1985	54
4.3.9	Die vyfde nasionale ontwikkelingsplan vir die onderwys, 1989-1994	57
4.3.10	Samevatting	59
4.4	ORGANISASIESTRUKTURE IN DIE SWAZILANDSE ONDERWYSSTELSEL	60
4.4.1	Inleiding.	60
4.4.2	Organisasiestrukture met onafhanklikheid in 1968	61
4.4.2.1	Minister van onderwys.	61
4.4.2.2	Permanente hoofsekretaris van onderwys.	61
4.4.2.3	Direkteur van onderwys	61
4.4.2.4	Ondersekretaris van onderwys.	62
4.4.2.5	Distriksonderwysbeampte	63
4.4.2.6	Hoofinspekteur van onderwys	63
4.4.3	Die organisasiestruktuur van die onderwys in 1980	63
4.4.3.1	Die minister van onderwys	65
4.4.3.2	Adjunkminister van onderwys	65
4.4.3.3	Permanente sekretaris van onderwys	65
4.4.3.4	Die direkteur van onderwys	65
4.4.3.5	Ondersekretaris van onderwys.	65
4.4.3.6	Die distriksonderwysbeamptes (D.O.B.)	66
4.4.3.7	Die sekondêre skoolinspektoraat.	66
4.4.4	Knelpunte in die organisasiestrukture van die onderwys in 1980	66
4.4.5	Organisasiestruktuur in 1990	67

4.4.5.1	Die minister van onderwys	67
4.4.5.2	Die eerste sekretaris van onderwys	69
4.4.5.3	Onderwysdienskommissie	69
4.4.5.4	Universiteit	69
4.4.5.5	Ondersekretaris	69
4.4.5.6	Onderwysbeplanning en statistiekdiens	69
4.4.5.7	Die direkteur van onderwys	70
4.4.5.8	Die distriksonderwysbeamptes	70
4.4.5.9	Die inspektoraat van die sekondêre skool	70
4.4.5.10	Onderwysersopleiding	70
4.4.6	Knelpunte in die organisasiestrukture in 1990	70
4.5	SAMEVATTING	72

**HOOFSTUK 5 : DIE SKOOLSTELSEL EN ONDERSTEUNINGSDIENSTE
IN DIE SWAZILANDSE ONDERWYSSTELSEL 73**

5.1	INLEIDING	73
5.2	DIE SKOOLSTELSEL IN DIE SWAZILANDSE ONDERWYSSTELSEL	73
5.2.1	Inleiding	73
5.2.2	Preprimêre onderwys	73
5.2.2.1	Agtergrond	73
5.2.2.2	Algemene organisasie van preprimêre skole	74
5.2.2.3	Toelatingsvereistes vir preprimêre skole	74

5.2.2.4	Statistiese gegewens.	74
5.2.2.5	Die kurrikulum van die preprimêre skool	75
5.2.2.6	Personeelvoorsiening in preprimêre skole	76
5.2.2.7	Onderrigmedium van preprimêre skole	76
5.2.2.8	Fisiese fasiliteite van preprimêre skole	76
5.2.3	Primêre onderwys	76
5.2.3.1	Agtergrond	76
5.2.3.2	Algemene organisasie van primêre onderwys	77
5.2.3.3	Toelatingsvereistes	77
5.2.3.4	Statistiese gegewens.	77
5.2.3.5	Die kurrikulum.	82
5.2.3.6	Personeelvoorsiening	83
5.2.3.7	Onderrigmedium.	84
5.2.3.8	Fisiese fasiliteite.	84
5.2.3.9	Eksamenstelsel	84
5.2.4	Sekondêre onderwys.	84
5.2.4.1	Agtergrond	84
5.2.4.2	Algemene organisasie van die sekondêre onderwys	85
5.2.4.3	Toelatingsvereistes	85
5.2.4.4	Statistiese gegewens.	86
5.2.4.5	Die kurrikulum.	87
5.2.4.6	Personeelvoorsiening	89

5.2.4.7	Onderrigmedium	90
5.2.4.8	Fisiese fasiliteite	90
5.2.4.9	Eksamenstelsel	91
5.2.5	Spesiale onderwys	91
5.2.5.1	Agtergrond	91
5.2.5.2	Algemene organisasie van spesiale onderwys	92
5.2.5.3	Toelatingsvereistes	92
5.2.5.4	Statistiese gegewens.	92
5.2.5.5	Die kurrikulum.	92
5.2.5.6	Personeelvoorsiening	92
5.2.5.7	Onderrigmedium.	93
5.2.5.8	Fisiese fasiliteite	93
5.2.6	Onderwysersopleiding	93
5.2.6.1	Agtergrond	93
5.2.6.2	Algemene organisasie van onderwysersopleiding	93
5.2.6.3	Toelatingsvereistes	94
5.2.6.4	Statistiese gegewens.	94
5.2.6.5	Die kurrikulum.	94
5.2.6.6	Personeelvoorsiening	95
5.2.6.7	Onderrigmedium.	95
5.2.6.8	Fisiese fasiliteite	95
5.2.6.9	Eksamenstelsel	95

5.2.7	Tersiêre onderwys	96
5.2.7.1	Agtergrond	96
5.2.7.2	Algemene organisasie van tersiêre onderwys	96
5.2.7.3	Toelatingsvereistes	96
5.2.7.4	Statistiese gegewens.	96
5.2.7.5	Die kurrikulum.	97
5.2.7.6	Personeelvoorsiening	97
5.2.7.7	Onderrigmedium.	97
5.2.7.8	Fisiese fasiliteite	97
5.2.7.9	Eksamenstelsel	98
5.2.8	Onderwys vir volwassenes.	98
5.2.8.1	Agtergrond	98
5.2.8.2	Algemene organisasie van onderwys vir volwassenes	98
5.2.8.3	Toelatingsvereistes	98
5.2.8.4	Statistiese gegewens.	99
5.2.8.5	Die kurrikulum.	99
5.2.8.6	Personeelvoorsiening	99
5.2.8.7	Onderrigmedium.	99
5.2.8.8	Fisiese fasiliteite	100
5.2.8.9	Eksamenstelsel	100
5.2.9	Nieformele onderwys	100
5.2.9.1	Agtergrond	100

5.2.9.2	Algemene organisasie van die nieformele onderwys	100
5.2.9.3	Toelatingsvereistes	100
5.2.9.4	Statistiese gegewens	101
5.2.9.5	Die kurrikulum	101
5.2.9.6	Personeelvoorsiening	101
5.2.9.7	Onderrigmedium	101
5.2.9.8	Fisiese fasiliteite	102
5.2.9.9	Eksamenstelsel	102
5.2.10	Afstandsonderwys	102
5.2.10.1	Agtergrond	102
5.2.10.2	Algemene organisasie	102
5.2.10.3	Toelatingsvereistes	103
5.2.10.4	Statistiese gegewens	103
5.2.10.5	Die kurrikulum	103
5.2.10.6	Personeelvoorsiening	104
5.2.10.7	Onderrigmedium	104
5.2.10.8	Fisiese fasiliteite	104
5.2.10.9	Eksamenstelsel	104
5.2.11	Beroepsgerigte onderwys	104
5.2.11.1	Agtergrond	104
5.2.11.2	Algemene organisasie van beroepsgerigte onderwys	105
5.2.11.3	Toelatingsvereistes	105

5.2.11.4	Statistiese gegewens	105
5.2.11.5	Die kurrikulum	106
5.2.11.6	Personeelvoorsiening	106
5.2.11.7	Onderrigmedium	107
5.2.11.8	Fisiese fasiliteite	107
5.2.11.9	Eksamenstelsel	107
5.2.12	Gedifferensieerde onderwys	107
5.2.13	Samevatting	107
5.3	ONDERSTEUNINGSDIENSTE IN DIE SWAZILANDSE ONDERWYSSTELSEL	109
5.3.1	Inleiding	109
5.3.2	Ondersteuningsdienste aan die leerders	109
5.3.2.1	Opvoedkundige meting, leiding en sielkundige dienste	109
5.3.2.2	Die skoolbiblioteek en -mediadiens	111
5.3.2.3	Skoolvoeding	112
5.3.3	Ondersteuningsdienste aan die onderriggewer	112
5.3.3.1	Kurrikulumdiens	112
5.3.3.2	Vakadviesdiens vir onderwysers	114
5.3.3.3	Professionele hulpdiens vir onderwysers	114
5.3.3.4	Eksamenafdeling	114
5.3.3.5	Radio-onderwys	115
5.4	SAMEVATTING	116

HOOFSTUK 6 : AFLEIDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN EVALUERING . . .	117
6.1 INLEIDING	117
6.2 MOTIVERING VIR DIE STUDIE	117
6.3 DOELSTELLING MET DIE NAVORSING	117
6.4 NAVORSINGSMETODES	117
6.5 ALGEMENE OORSIG	118
6.6 AFLEIDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN EVALUERING	119
6.6.1 Finansiering van die onderwys	120
6.6.1.1 Finansiering deur die regering	120
6.6.1.2 Finansiering deur die ouergemeenskap	121
6.6.2 Die kurrikulum	122
6.6.3 Voorsiening van onderriglokale	123
6.6.4 Onderwysadministrasie	123
6.6.5 Herhaling	123
6.6.6 Kostelose primêre onderwys	124
6.6.7 Onderwysersopleiding	124
6.6.8 Geslagsopvoeding	125
6.7 TIPIESE VERANDERINGS WAT MOONTLIK IS IN ANDER ONTWIKKELENDE STELSLS	125
6.8 SAMEVATTING	126
 BIBLIOGRAFIE	 127

LYS VAN FIGURE EN TABELLE

LYS VAN FIGURE

FIGUUR 2.1	
Voorstelling van die definisie van 'n onderwysstelsel	5
FIGUUR 3.1	
Die regeringstelsel van Swaziland.	23
FIGUUR 4.1	
Organisasiestruktuur van die Swazilandse onderwysstelsel in 1968	62
FIGUUR 4.2	
Organisasie van die onderwys in 1980.	64
FIGUUR 4.3	
Organisasie van die onderwys in 1990.	68
FIGUUR 4.4	
Voorgestelde organisasiestruktuur vir die onderwys.	71

LYS VAN TABELLE

TABEL 3.1	
Getal primêre en sekondêre skole in 1976	26
TABEL 4.1	
Onderwyserkwalifikasies in die primêre skool.	37
TABEL 4.2	
Onderwyserkwalifikasies vir die sekondêre skool.	37

TABEL 4.3	
Persentasie leerlingvordering in primêre skole	38
TABEL 4.4	
Persentasie leerlingvordering in sekondêre skole	38
TABEL 4.5	
Getal skole wat praktiese vakke aanbied, 1978 en 1982	42
TABEL 4.6	
Tempo van voortsetting, herhaling en uitval in die primêre skool 1971 tot 1972	53
TABEL 5.1	
Voorskoolse inskrywings in die verskillende streke, 1990 en 1992	75
TABEL 5.2	
Getal leerlinge en onderwysers in die primêre skool 1968 tot 1995	78
TABEL 5.3	
Alle leerlinge wat primêre onderwys ontvang volgens ouderdom, geslag en standerd in 1990	80
TABEL 5.4	
Getal leerlinge en onderwysers in sekondêre skole 1968 tot 1996	86
TABEL 5.5	
Getal skole wat praktiese vakke aanbied, 1978 en 1982	88
TABEL 5.6	
Inskrywing aan S.C.O.T. volgens departemente, 1987 tot 1992	106

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 INLEIDING

Swaziland, die kleinste staat in Suidelike Afrika, verwerf in 1968 sy onafhanklikheid van Brittanje. Tot op daardie stadium het skole in Swaziland langs etniese lyne ontwikkel, want daar was afsonderlike skole vir blankes, swartmense en gekleurdes (Husen & Postlethwaite, 1985:4956).

Met onafhanklikwording in 1968 was die onderwysstelsel ontoereikend, aangesien slegs 60 persent van die kinders in die ouderdomsgroep 7 tot 13 jaar primêre onderrig ontvang het terwyl sowat 30 persent in die ouderdomsgroep 14 tot 18 jaar sekondêre onderrig ontvang het (Swaziland Government, 1969:47).

Hoewel daar in 1964 deur wetgewing voorsiening gemaak is vir integrasie van kinders van alle rasse in skole, was daar nog steeds 'n agterstand en besondere probleme in die onderwysvoorsiening wat reggestel moes word. Voorbeelde hiervan was die volgende:

- 'n Aanpassing in die toelatingsouderdom van die leerlinge moes gemaak word, want daar was te veel leerlinge jonger as sewe jaar en ouer as dertien jaar in die primêre skole.
- Die primêreskoolkursus moes verkort word van 8 tot 7 jaar om aan te pas by die algemeen geldende gebruik om die skoolkursus te verdeel in 'n primêre en sekondêre fase. Dit moes teen die einde van 1968 gefinaliseer wees (Sasnet & Sepmeyer, 1966:1382-1384).
- Daar was 'n ernstige tekort aan behoorlike toepaslik opgeleide onderwysers. In 1968 het byvoorbeeld slegs 400 van die 1 600 onderwysers in die primêre skole oor sekondêre skoolopleiding beskik.
- Die skole was yl verspreid. Dit het groot afstande tussen skool en woning tot gevolg gehad. Skoolbywoning, veral vir die jonger kind, was moeilik.
- Die skoolkurrikulum het nie die behoefte van die land bevredig nie want Swaziland het 'n Westerse onderwysstelsel geërf wat elitisties georiënteerd was en nie

voorsiening gemaak het vir algemene skoolplig nie. Dit het die geesteswetenskappe vooropgestel ten koste van vakke soos landbou en tegnologie. Die kurrikulums het die tradisies, gewoontes, geloof en taal van die mense van Swaziland geïgnoreer (Thembela, 1980:167).

Die regering van Swaziland het hom sedert onafhanklikheid daarop toegelê om die verskillende probleme in onderwysvoorsiening op te los en het veral die ideaal gekoester om gratis basiese onderwys aan elke kind beskikbaar te stel. Veranderinge in die Swazilandse onderwysstelsel na onafhanklikheid was dus 'n noodwendigheid (Husen en Postlethwaite, 1985:4957).

1.2 PROBLEEMSTELLING

Die probleem wat in die navorsing aangespreek sal word, is: Watter veranderinge het in die Swazilandse onderwysstelsel ingetree na onafhanklikheid? Die volgende subprobleme kan geformuleer word, naamlik:

- Watter onderwysideaal is gestel en hoe het dit die onderwysstelselbeleid beïnvloed?
- Hoe het die organisasiestrukture na onafhanklikheid verander?
- Watter veranderinge is na onafhanklikheid in die onderwyskundige strukture aangebring?
- Watter veranderinge is in die ondersteuningsdienste aangebring?
- Watter tipiese veranderinge kan geïdentifiseer word wat ook op ander onderwysstelsels van toepassing kan wees?

1.3 DOEL

Ten einde die invloed van onafhanklikheid op die Swazilandse onderwysstelsel te bepaal, kan die volgende navorsingsdoelwitte soos volg gestel word, naamlik:

- om die historiese ontwikkeling van die Swazilandse onderwysstelsel te beskryf;
- om die ideaal vir die onderwys by onafhanklikheidswording te definieer en die invloed daarvan op die onderwysstelselbeleid aan te dui;
- om die verandering in die organisasiestrukture in die onderwys na onafhanklikheid te bepaal;
- om die verandering na onafhanklikheid ten opsigte van die skoolstelsel en ondersteuningsdienste te bepaal;

- om die tipiese veranderinge te beskryf wat ook ten opsigte van ander ontwikkelende onderwysstelsels van toepassing kan wees.

1.4 TERREINAFBAKENING

In die navorsing word die globale onderwysstelsel van die inwoners van die Koninkryk van Swaziland onder die loep geneem deur dit te analiseer, te beskryf en te evalueer. In die besonder is die onderwysbeleid, onderwyswetgewing, organisasiestrukture, onderwyskundige struktuur en ondersteuningsdienste ondersoek.

1.5 NAVORSINGSMETODES

1.5.1 Literatuurstudie

Primêre en sekondêre bronne is bestudeer wat in biblioteke in die RSA en Swaziland beskikbaar is.

1.5.2 Navorsingsbesoek

Navorsingsbesoeke is in Swaziland afgelê en onderhoude is gevoer met kundiges op grond van die posisie wat hulle beklee en gekies volgens metode van historiese gewig wat betrokke is by die Departement van Onderwys in Swaziland. Die onderhoude is gevoer aan die hand van 'n vraagskedule met die doel om die inligting met betrekking tot die struktuur van die Swazilandse Onderwysstelsel te bekom of om inligting wat bekom is, te verifieer.

1.6 HOOFSTUKINDELING

- Hoofstuk 1: Inleiding.
- Hoofstuk 2: Die struktuur van 'n nasionale onderwysstelsel.
- Hoofstuk 3: Die Swazilandse onderwysstelsel - 'n sosio-politiese en historiese perspektief.
- Hoofstuk 4: Die nasionale onderwysideaal, onderwysbeleid en organisasiestrukture in die Swazilandse onderwysstelsel.
- Hoofstuk 5: Die skoolstelsel en ondersteuningsdienste in die Swazilandse onderwysstelsel.
- Hoofstuk 6: Afleidings, gevolgtrekkings en evaluering.

HOOFSTUK 2

DIE STRUKTUUR VAN 'N NASIONALE ONDERWYSSTELSEL

2.1 INLEIDING

Ten einde uitvoering te gee aan die algemeen aanvaarde beskouing dat onderwys formeel deur nasionale onderwysstelsels aan moderne gemeenskappe voorsien word, is dit noodwendig dat daar in hierdie hoofstuk 'n beknopte beskouing gegee sal word van enkele aanvaarde definisies van die onderwysstelsel, komponente van die onderwysstelsel asook determinante van die onderwysstelsel. Kennis en insig van die onderwysstelsel in sy universele aard en individuele gestalte is noodsaaklik om die onderwyspraktyk wat in hierdie gebiedstudie vergestalt word, te kan verwerklik. Hierdie waarheid vind weerklank in die woorde van Sir Michael Sadler in 1900 wanneer hy sê: "A national system of education is a living thing, the outcome of forgotten struggles and difficulties and battles long ago." (Soos aangehaal deur Hans, 1949:3.)

2.2 DEFINISIE VAN 'N ONDERWYSSTELSEL

Wanneer die onderwysstelsel bestudeer word, is dit duidelik dat onderwysstelsels van die moderne wêreld basies uit dieselfde tipe komponente saamgestel is, aan dieselfde struktuurbeginne gebonde is, feitlik dieselfde werkwyses ter bereiking van dieselfde algemene doelstellings handhaaf, maar tog ook almal van mekaar verskil (Dekker en van Schalkwyk, 1989:3).

Verskille bestaan a.g.v. die volgende enkele redes:


- Die mens is 'n dinamies veranderende wese met voortdurende veranderende lewensbehoefte (waaronder onderwysbehoefte). Sy samelewingstrukture en omgewing/milieu word hiervolgens ingerig en voortdurend verander en aangepas.
- Die mens se leefwêreld bied moontlikhede en beperkings aan sy kultuurvorming, soos natuurlike en fisiese gegewens en kulturele skeppings, byvoorbeeld sosiale patrone, ekonomiese stelsels, etiese kodes, tradisies, tale en gewoontes.

Voorts meld Van Schaikwyk (1988:xiii) dat elke vergelykende opvoedkundige sy eie persoonlike teorie of idee oor die onderwysstelsel het. In die lig hiervan definieer Stone (1981:132) die onderwysstelsel soos volg:

“The national educational system, man's most comprehensive cultural product in the field of education, is an interwoven structure in which social structure of a given society combine with educational institutions so that, by the co-ordination of each one's contribution to education and by organisation, they may bring about the accelerated development of the young in the territory of a specific state, in compliance with the cultural and natural demands of time and space.”

Steyn (1991:3) maak 'n samevatting van die uitgangspunte van verskillende skrywers en meld dat die onderwysstelsel telkens as 'n struktuur of raamwerk beskryf word. Die hoofsaak hiervan is om opvoedende onderwys te voorsien aan 'n gemeenskap wat in 'n bepaalde staatsterritorium woonagtig is. Met laasgenoemde in gedagte definieer Steyn (1991:6) die onderwysstelsel in sy algemeenste vorm as “'n Logistieke raamwerk bestaande uit bepaalde komponente waardeur effektiewe onderwys moontlik word om in die onderwysbehoefes van 'n bepaalde groep mense (die teikengroep) te voorsien”. Die verband tussen die onderwysstelsel en die teikengroep blyk uit hierdie definisie baie duidelik en kan skematies as volg voorgestel word:

FIGUUR 2.1: VOORSTELLING VAN DIE DEFINISIE VAN 'N ONDERWYSSTELSEL



(Steyn, 1991:6)

2.3 MINIMUM VEREISTES VIR 'N ONDERWYSSTELSEL

Wanneer die onderwysstelsel in die moderne tyd bestudeer word, moet daar vasgestel word of die stelsel tekens toon dat die onderwysstelselontwerpers aandag geskenk het

aan die feit dat so 'n stelsel aan die minimum aanvaarbare internasionale vereistes voldoen. Die volgende vereistes word deur Steyn, (1993:182-187) gelokaliseer as die belangrikste internasionale vereistes waaraan 'n onderwysstelsel moet voldoen:

- die beskikbaarheid van onderwysfasiliteite en geleenthede vir alle lede van die bevolking;
- onderwys moet volgens 'n kernkurrikulum wat 'n gelyke balans definieer tussen akademiese en beroepsgerigte kurrikula waardeur die leerling vir die verskillende samelewingsverbandelike betrokkenheid toegerus word en sy verdere opleibaarheid verseker word;
- differensiasie op grond van godsdienstige, kulturele, taal en individuele verskille is belangrik, maar dit mag nie die leerder van volledige lewensrelevante onderwys weerhou nie;
- voldoende toepaslik gekwalifiseerde onderwysers moet beskikbaar wees;
- basiese fasiliteite vir onderwysers soos 'n skoolgebou, ameublement, skryfbord, handboeke en skryfmateriaal moet beskikbaar wees om effektiewe onderwys te laat plaasvind;
- die voorsiening van ondersteuningsdienste soos voedingskemas, gesondheidsdienste, pedagogiese en didaktiese dienste moet na behoefte en volgens omstandighede geskied;
- die staat moet wetlike en finansiële ondersteuning verleen en die minimum onderwysinhoude en standaarde waarborg;
- ouerbetrokkenheid by niedidaktiese en besluitnemingsprosesse is belangrik;
- die plaaslike besture het 'n verantwoordelikheid om die verhouding tussen skool en gemeenskap (werkplek) te stabiliseer.

2.4 KOMPONENTE VAN DIE ONDERWYSSTELSEL

2.4.1 Inleiding

Die mens besit slegs teoretiese kennis van die onderwysstelsel en daarom vorm elke vergelykende opvoedkundige, soos reeds in paragraaf 2.2 aangedui is, sy eie idee of teorie oor die onderwysstelsel. Hierdie teorieë verskil egter grootliks van mekaar na gelang die verskillende wetenskaplikes verskillende beginsels en aannames oor die onderwysstelsel huldig en aanvaar (Van Schalkwyk, 1988:xiii).

In hierdie navorsing word die komponente, onderwysstelselbeleid, onderwysstelsel-administrasie, onderwyskundige struktuur en ondersteuningsdienste gebruik vir die beskrywing van die onderwysstelsel (Steyn, 1991:19). Hierdie komponente van Steyn se benadering het uit die navorsing na vore gekom as 'n logiese benaderingswyse waardeur die kenmerke van 'n onderwysstelsel beskryf kan word.

2.4.2 Onderwysstelselbeleid

“Die onderwysstelselbeleid is die uitdrukking, die onder woord bring van die wyse waarop aan die geïdentifiseerde onderwysbehoefte van die teikengroep voldoen gaan word” (Steyn, 1991:19). Die onderwysstelselbeleid is die meganisme wat verseker dat gestelde doelstellings en doelwitte van 'n spesifieke onderwysstelsel in die praktyk nagestreef en bereik word. Die volgende riglyne (Van der Westhuizen, 1986:143-144) kan geldend wees by die formulering van die onderwysstelselbeleid, naamlik:

- dit moet die doelstellings van die onderwysstelsel weerspieël;
- dit moet konsekwent wees, hoewel interpretasieverskille mag voorkom;
- die beleid moet buigsaam wees; en
- die onderwysstelselbeleid moet in 'n geskrewe vorm verskyn en ter insae wees van alle betrokkenes en belanghebbendes.

Die onderwysstelselbeleid moet voorsiening maak vir doeltreffende onderwysstelsel-administrasie, onderwyskundige strukture en ondersteuningsdienste ten einde gestelde doelstellings te bereik. Om die onderwysstelselbeleid sinvol te formuleer, moet aandag geskenk word aan die doelstellings en doelwitte van die onderwysstelsel, die vorme waarin die onderwysstelsel verskyn en die formulering prosedures van die onderwysstelselbeleid wat gevolg word.

Wat die doelstellings en doelwitte van die onderwysstelsel betref is dit duidelik dat dit voortvloei en bepaal word deur die onderwysbehoefte van die teikengroep. Wat die vorme van die onderwysstelselbeleid betref, kan dit op verskillende wyses bekendgestel word, byvoorbeeld deur middel van wetgewing, regeringskennisgewings en departementele regulasies (Suid-Afrikaanse konteks) (Steyn, 1991:20-24).

Wat die prosedures by die vorming van die onderwysstelselbeleid betref, vertoon dit die volgende momente: Navorsing, beraadslaging, besluitneming, beleidformulering en wetgewing. (Rupertie soos aangehaal deur Van Schalkwyk, 1986:71.)

Van Schalkwyk (1986:72) merk tereg op dat die onderwysstelselbeleid verbied, gebied, verplig, beskerm, waarborg aandui en bepaal. Dit bied 'n vaste juridiese grondslag wat beteken dat dit afdwingbaar is, 'n vaste gemeenskaplike doel voor oë het, deur fundamentele beginsels beskerm word en nie uitgelewer is aan die veranderende wilsbesluite van individue nie.

2.4.3 Onderwysstelseladministrasie

Hierdie komponent kan gesien word as die faset van die onderwysstelsel waar personeelstrukture georden moet word met die oog op die verwerking van die onderwysstelsel se hoofdoel (Van Schalkwyk, 1986:86). Die daarstelling en korrekte implementering van die onderwysstelselbeleid in die praktyk, is die verantwoordelikheid van die onderwysstelseladministrasie. Ten einde die onderwysstelselideaal in die praktyk te verwerklik, word 'n organisasiestruktuur geskep wat bestaan uit onderwysstelselbestuurders, onderwyspersoneel en administratiewe personeel.

Die funksionaris in die onderwysstelseladministrasie is ook verantwoordelik vir die effektiewe aanwending en besteding van die onderwysfinansies (Van der Westhuizen, 1986:330-331). Dit dra daartoe by dat daar drie soorte onderwysbeheer onderskei kan word, naamlik gesentraliseerde, gedesentraliseerde en gemengde onderwysbeheer (Steyn, Steyn & de Waal, 1990:6). Die organisasiestruktuur van die onderwysstelseladministrasie moet dus 'n wetenskaplik beplande en berekende raamwerk wees. Om dit te kan bereik, kan die volgende riglyne (Van Schalkwyk, 1981:150-151) gebruik word:

- Werksaamhede moet binne die grense en moontlikhede van die onderwysstelselbeleid plaasvind;
- elke funksionaris is verantwoordelik vir die effektiewe uitvoering van sy pligte;
- amptenare mag nooit hulle gesag tot eie voordeel of die lot van die groep aanwend nie;
- alle handeling binne die onderwysstelseladministrasie moet altyd redelik, billik, opreg en eerlik wees sodat almal die maksimum voordeel daaruit sal kry;
- die onderwysstelseladministrasie moet die hoogste mate van doeltreffendheid handhaaf. Daar moet steeds in gedagte gehou word dat organisasiestrukture in die verskillende onderwysstelsels regoor die wêreld van mekaar verskil.

2.4.4 Onderwyskundige struktuur

In die RGN-verslag (1981:97) word die funksie van 'n onderwyskundige struktuur soos volg aangedui: "...om sodanige onderwys-/leersituasies te skep en te orden dat enersyds

so goed doenlik voorsiening gemaak word vir die verskillende vermoëns, belangstellings en keuses van leerders, en andersyds vir die geregverdigde en gedifferensieerde eise, veral beroepseise, wat die samelewing stel”.

Die onderwyskundige struktuur is meer as net die somtotaal van al die onderwysinrigtings wat deel daarvan vorm. Dit sluit alle vorme van onderwys in wat op 'n geordende gemeenskapsbasis aangebied word om sodoende die verlangde doelstellings te verwesenlik (Bondesio & Berkhout, 1987:44). 'n Verskeidenheid onderwyskundige struktuurkomponente word deur verskillende wetenskaplikes, byvoorbeeld Van Schalkwyk, Bondesio, Berkhout en Steyn aangehaal, maar vir die doel van hierdie betoog word die aandag slegs op die struktuur vir leergeleenthede, die leerlinge, die onderwysers, die medium van onderrig en die fisiese fasiliteite gevestig, omdat dit die kern gevorm het waarom die ontwikkeling van die onderwysstelsel in Swaziland na onafhanklikheid gedraai het.

2.4.4.1 Die struktuur vir leergeleenthede

Die struktuur vir leergeleenthede wys heen na die organisering van die onderwysinrigtings en/of die onderwysprogramme. Dit omsluit die verskillende onderwys- of opleidingsvlakke wat insluit (Steyn, 1991:33-34):

- Die preprimêre onderwysvlak - 'n instelling van vrywillige aard;
- die primêre onderwysvlak wat ses tot agt jaar kan duur en verpligtend is;
- die sekondêre onderwysvlak wat vier tot ses jaar kan duur en deels verpligtend is in die meeste onderwysstelsels;
- tersiêre vlakke vir gevorderde onderwys vir spesifieke beroeps- of ander lewens-toerusting.

Die volgende inrigtings op die verskillende vlakke wat vir onderwys bedoel is, word aangetref: bewaarskole, kleuterskole, primêre skole, tegniese skole, landbouskole, tegniese kolleges, teknikons, landboukolleges en universiteite.

Die onderwysprogramme wat in die gebruikers se behoeftes voorsien, word deur die kurrikula verteenwoordig.

Differensiasie van leergeleenthede word bepaal deur individuele aanleg en voorkeure, kulturele agtergrond en die lewensbeskouslike aangetref. Wat belangrik is van die gedifferensieerde pakkette is om te sorg dat die keuse van leerlinge verband hou met die vraag na mannekrag. Aan die ander kant kan die mannekragbehoefte van die land die

keusemoontlikhede van die leerders wesenlik beïnvloed (Steyn, 1991:35-38). Verder kan daar gedifferensieer word deur skoolsoorte, studierigtings, vakke en vlakke met 'n vertikale en horisontale beweging van leerlinge.

Afgesien van die differensiasie moontlikhede wat reeds gemeld is, moet daar ook ruimte gelaat word vir ouderdoms- en geslagsverskille vir hoogbegaafdes en verstandelik en fisiek gestremde leerlinge. In laasgenoemde twee gevalle moet daar ook voorsiening gemaak word vir verskillende grade van gestremdheid (Steyn, 1991:38-39).

2.4.4.2 Die leerders (leerlinge)

Die onderwyskundige struktuur moet ook na die kwaliteit en kwantiteit van die leerders verwys en terreine wat aandag behoort te verdien, is volgens Steyn (1991:41) die volgende:

- die getalleverspreiding van leerlinge in verskillende standerds, skoolfasies, onderwysvlakke, onderwysinrigtings en onderwysprogramme met inagneming van die ouderdom, geslag en kwalifikasies wat behaal is;
- die sosio-ekonomiese status van die leerders;
- die geografiese verspreiding en vestigingspatrone van die leerders, en
- die uitsaksyfers van die leerders.

2.4.4.3 Die onderriggewers

In die onderwyskundige struktuur moet ook rekenskap gegee word van die kwaliteit en kwaniteit van die onderriggewers en daar moet verwys word na (Steyn, 1991:42):

- opleidingsgeleenthede en -fasiliteite vir die onderriggewers;
- skolasiese en professionele kwalifikasies van die onderriggewers;
- die aantal onderriggewers in verskillende standerds, skoolfasies, onderwysvlakke en onderwysinrigtings in soverre dit geslag, kwalifikasies en ouderdom betref;
- onderwyser-leerlingverhouding;
- diensvoorwaardes en byvoordele van die onderriggewers.

2.4.4.4 Onderrigmedium

Moedertaal as medium behoort die eerste keuse te wees. Dit geld veral op die laer vlak omdat die onderrig deur middel van moedertaal op die vlak soveel meer suksesvol is.

Daar moet gelet word op die volgende (Steyn 1991:42):

- die taal wat as onderrigmedium gebruik word;
- die taalvaardigheid van die leerders, en
- die taalvaardigheid van die onderriggewers.

2.4.4.5 Die fisiese fasiliteite

Omdat die onderrig-leersituasie ruimtebepaald is en kan wissel van 'n lokaal tot selfs buite, moet die onderwyskundige struktuur volgens Steyn (1991:43) verslag doen van die volgende:

- beskikbaarheid van fasiliteite wat benodig word;
- verspreiding van die fasiliteite, en
- die koste van die fisiese fasiliteite.

2.4.5 Ondersteuningsdienste

In paragraaf 2.2 is reeds verwys na die dinamiek van die mens en sy leefwêreld en om daardie rede moet die onderwys ook dinamies bly. Hiervoor is die onderwysstelsel aangewese op en afhanklik van hulp van buite die skool. Die ondersteuningsdienste is dus onontbeerlik. Die doel van die ondersteuningsdienste kan dus gesien word as 'n middel om opvoedende onderwys te verryk, uit te bou, te ondersteun en te koördineer in belang van die leerders en die opvoeders. Die hulp wat verleen word, kan in twee kategorieë verdeel word, ten opsigte van die leerders en die onderriggewers (Van Schalkwyk, 1988:136-147).

- Ondersteuningsdienste aan leerders (Steyn 1991:44)
 - opvoedkundige ondersteuningsdienste wat insluit ortopedagogiese dienste, ortodidaktiese dienste, sosiopedagogiese dienste, beroepsoriënteringsdienste, spraakterapeutiese dienste en arbeidsterapeutiese dienste;
 - onderwysmediadiens;
 - skoolreisdiens;
 - skoolmusiekdiens;
 - mediese en tandheelkundige diens;
 - leerlingvervoer en -huisvesting;
 - buitelugopvoeding;
 - onderwysmuseum.

- Ondersteuningsdienste aan die onderiggewer (Steyn 1991:44)
 - Kurrikulumdiens;
 - eksamendiens;
 - vakadvies- en professionele diens;
 - onderwysmediadiens;
 - onderwysnavorsingsdiens;
 - kommunikasiediens;
 - onderwysopleiding;
 - publikasie- en taaldiens;
 - administratiewe dienste;
 - statistiek en rekenaardienste (Van Schalkwyk, 1988:135-147).

2.5 DETERMINANTE VAN DIE ONDERWYSSTELSEL

Die besondere indentiteitstruktuur van die onderwysstelsel van 'n land is die resultaat van die invloed van verskillende determinante op die individuele struktuur van 'n onderwysstelsel (Dekker en Van Schalkwyk 1989:11).

Steyn (1991:81) verdeel die determinante in twee hoofgroepe en onderskei tussen interne en eksterne determinante. Die onderskeid word gemaak omdat die onderwysstelsel bepaal word deur effektiewe onderwys. Die interne determinante wys op kragte en faktore wat in die onderwysstelsel self geleë is en beperkend of stimulerend op die onderwysstelsel inwerk. Die interne determinante kan opvoedkundig, histories of wisselwerkend van aard wees. Die eksterne determinante het te make met die fisiese omgewingskragte en -faktore wat ekstern op die onderwysstelsel inwerk om 'n bepaalde inhoud aan 'n spesifieke groep se onderwysbehoefte te gee en sodoende die aard van 'n onderwysstelsel bepaal. Die determinante wat in hierdie navorsing ter sprake is en in meer besonderhede behandel sal word is kultuur, demografie, geografie en klimaat, landsbehoefte, gedifferensieerde behoeftes van leerders en lewensbeskoulike verskille.

'n Determinant is 'n faktor of invloed wat deur sy aanwesigheid veranderinge bewerkstellig of die handeling van persone, instellings of organisasies en die bereiking van hulle besondere doelstellings en doelwitte bevestig. Determinante van die onderwysstelsel is faktore of invloede wat onderwysvoorsiening binne 'n gemeenskap beïnvloed, verander of stabiliseer. Dit word ontleen aan natuurlike, kulturele, politieke, godsdienstige, sosiale, ekonomiese, historiese, professionele en administratiewe faktore wat binne die gemeenskap werksaam is. Hulle beïnvloed die aard van die onderwysstelsel en inisier of

behoort verandering in die onderwysstelsel te inisieer namate die gemeenskap ontwikkel (R.G.N. Haasbroek, 1981:26-27).

2.5.1 Kultuur as determinant van die onderwysstelsel

Daar bestaan verskillende definisies vir kultuur, maar in die konteks as determinant kan volstaan word deur dit te definieer as “die arbeid en arbeidsproduk van die mens of gemeenskap”. Daar kan onder andere onderskei word tussen individuele kultuur, volkskultuur en universele kultuur, maar in die onderwysstelselperspektief word met groepskultuur gewerk omdat die onderwys betrekking het op ’n bepaalde groep mense. Daarom is dit wenslik om groepskultuur te onderskei en dit te beskryf as die “eiesoortige ideale, doelstellings, aktiwiteite, belangstellings en gedragspatrone van ’n bepaalde groep, onder leiding van ’n bepaalde lewensbeskouing soos vergestalt in daardie groep se geloof, herkoms, geskiedenis, kuns, wetenskap, tegnologie, taal, politiek, ekonomie, industrielewe, ensovoorts”. Groepskultuur kan ook nie individualisties geklee word nie, maar dui op die arbeid en arbeidsproduk van die groepslede (Steyn, Steyn en De Waal, 1990:10).

Die onderwysstelsel is volgens Stone (1981:63) een van die mens se omvattendste produkte op die terrein van die onderwys en Steyn (1991:86) verklaar dat die onderwysstelsel onlosmaaklik verbonde is aan die kultuur van die groep vir wie dit bedoel is. Kandel, (soos aangehaal is deur Hans, 1949:5) het in 1933 beklemtoon dat daar waarderend kennis geneem moet word van die kulturele magte in ’n onderwysstelsel en dat “the factors and forces outside the school matter even more than what goes inside it”.

2.5.2 Geskiedenis as determinant van die onderwysstelsel

Met geskiedenis as determinant van die onderwysstelsel word met die kultuur-historiese milieu bedoel dit waaruit ’n bestaande onderwysstelsel ontwikkel het. Dit impliseer dat die politieke, ekonomiese, sosiale en kerklike geskiedenis bygedra het om die eienskappe van ’n bepaalde onderwysstelsel te vorm (Steyn, 1991:89). Die “historiese” invloed wat uitgeoefen is deur die Westerse koloniale moondhede op die onderwys in Afrika is merkbaar. Die huidige onderwyspraktyke in die Koninkryk van Swaziland staaf hierdie stelling, want daar kan nie volkome weg beweeg word van die stelsel wat deur die sendingonderwys daargestel is nie (Thembela, 1980:150).

2.5.3 Die ekonomie as determinant van die onderwysstelsel

Die ekonomiese beleid wat in 'n land gevolg word, vorm die grondslag van die totale ekonomiese bedrywighede van daardie kultuurgroep. Die aard van die onderwysbehoefte word beïnvloed deur die ekonomie wat dan die inhoud en aard van die onderwysstelsel bepaal. Die krag van die ekonomie bepaal ook in welke mate die onderwysstelsel verfynd kan word (Steyn, 1991:90). Die invloed wat die ekonomie as determinant van die onderwysstelsel het, blyk uit die posisie in die Koninkryk van Swaziland waar die welvaart van die land belemmer word deur 'n gebrek aan landbou- en tegniese onderwys en omdat die inwoners steeds eerder akademiese onderwys verkies onder die invloed van die ou koloniale sisteem (Harley, 1977:5).

2.5.4 Politiek as determinant van die onderwysstelsel

Die woord politiek het in die gewone sin van die woord betrekking op staatkundige bestuur. Die wisselvorm in hierdie verband gee uitdrukking aan die siening dat 'n ordelike, veilige en gebalanseerde samelewing geskep word. Benamings wat aan verskillende vorme gegee word, wissel van outokrasie aan die een kant tot demokrasie aan die ander kant met 'n aantal tussenvorme. Voorbeelde hiervan is federasie, partisie, Kommunistiese en demokratiese staatsvorme, 'n volkeraad en 'n monargie. Wat ook al die staatkundige struktuur van die land is, dit hou implikasies in vir die onderwysstelsel (Dekker & Van Schalkwyk, 1989:8). Die invloed van die politiek op die onderwysstelsel blyk uit die daarstelling van wetgewing in 1964 in die Koninkryk van Swaziland waar die koloniale sisteem van segregasie in die onderwys vervang is deur 'n geïntegreerde onderwysstelsel met gelyke geleenthede vir alle inwoners (Swaziland Government, 1969:46).

2.5.5 Demografie as determinant van die onderwysstelsel

Die demografie van 'n land of gebied behels sàkè soos getalle, ruimtelike verspreiding en beweging van die bevolking. In die onderwysstelsel moet daar rekening gehou word met die getalle van die groep waarvoor 'n onderwysstelsel bedoel is. Samehangend hiermee is die volgende faktore waarmee rekening gehou moet word:

- beskikbaarheid van fasiliteite;
- voldoende opgeleide onderwysers;
- skoolplig en gedifferensieerde onderwysgeleenthede.

Die ruimtelike verspreiding van die gemeenskap beïnvloed ook die onderwys. In hoëdigtheidsgebiede kan gedifferensieerde onderwys aangebied word terwyl in lae-digtheidsgebiede minder geleentheid tot differensiasie bestaan. Die samevoeging van die primêre en sekondêre skoolfasies bewerkstellig dus hier 'n groter moontlikheid tot 'n hoër bestending per leerling.

Die verandering in die samestelling van die gemeenskap deur industrialisasie en ontvolking van die platteland lei daartoe dat fasiliteite vinnig op die een plek voorsien moet word terwyl ander weer oortollig verklaar word (Steyn, Steyn en De Waal, 1990:13-14). Die volgende voorbeeld illustreer die aspek baie duidelik: Die grootste deel van die bevolking in die Koninkryk van Swaziland is in die sentrale gedeelte rondom Mbabane en Manzini en in die Enzulwenivallei saamgetrek en het daar in 1970 24,1 persone per vierkante kilometer gewoon en daarom word die meeste en beste onderwysfasiliteite hier aangetref (Stone, 1981:69).

2.5.6 Geografie en klimaat as determinante vir die onderwysstelsel

Die geografiese omstandighede het te make met fisiese kenmerke van die land soos die topografie, ligging, dierelewe en natuurlike hulpbronne. Oor hierdie natuurlike wetmatighede het die mens weinig beheer en dit bepaal die ligging en toeganklikheid van skole. Die mate waarin grondstowwe beskikbaar is, bepaal ook die vestigingspatrone van gemeenskappe waardeur die beskikbaarwording van skole bepaal word. Die klimaat wat bepaal word deur seisoene, reënval en temperatuur stel bepaalde eise ten opsigte van vakansietye en skooldagure (Dekker en Van Schalkwyk, 1989:4). So byvoorbeeld beperk die bergagtige dele van die Koninkryk van Swaziland die toeganklikheid van skole. Daarenteen speel die beskikbaarheid van grondstowwe 'n belangrike rol in die vestigingspatrone van die bevolking, byvoorbeeld die teenwoordigheid van asbesmyne in die noorde en die bosboubedryf in die suidweste wat weer op sy beurt die voorsiening van onderwys bepaal (Swaziland Government, 1969:25 en 34).

2.5.7 Landsbehoefte as determinant van die onderwysstelsel

Die staat ver wag van die onderwysstelsel om in die landsbehoefte te voorsien, ten opsigte van 'n verlangde sosiale en ekonomiese bestel. Die onderwysstelsel moet leer-geleenthede daarstel wat nie 'n gevaar inhou vir die staat nie, en leerders in staat stel om selfonderhoudend te wees (Steyn, Steyn en De Waal, 1990:15-16). Die staat in die Koninkryk van Swaziland ver wag van die onderwysstelsel om in die mannekragbehoefte

te voorsien en sodoende meer tegnies opgeleide persone beskikbaar te stel om aan die landsaanvraag te voorsien (Swaziland Government, 1969:47).

2.5.8 Gedifferensieerde behoeftes van die leerders as determinant van die onderwysstelsel

Die onderwysstelsel moet rekening hou met die gedifferensieerde behoeftes van die leerders binne die raamwerk van die land. Dit vind algemeen plaas dat die verantwoordelike van die gemeenskap gedeeltelik aan die staat oorgedra word (Bondesio & Berkhout, 1987:37). Volgens Van Schalkwyk (1981:177-187) is daar in elke gemeenskap verskille waarmee rekening gehou moet word en dit behels die volgende:

- geslagsverskille;
- aanlegverskille;
- verskille in belasting;
- verskille in ontwikkelingspeil;
- verskillende abnormaliteite onder leerlinge, byvoorbeeld: gehoorgestremdes, gesiggestremdes, liggaamlike gestremdes, leergestremdes, geestelike gestremdes en kinders wat opvoedkundig verwaarloos is. Hierdie abnormaliteite veroorsaak dat spesifieke onderwysfasiliteite voorsien moet word om die behoeftes te bevredig. Dit spreek dus vanself dat hierdie verskille die aard van die onderwysstelsel bepaal (Steyn, Steyn en De Waal, 1990:17).

2.5.9 Lewensbeskoulieke verskille as determinante van die onderwysstelsel

Die aard van die onderwysstelsel word lewensbeskouliek bepaal en wanneer in die onderwysbehoefte van verskillende samelewingsgroepe voorsien moet word, moet die onderwysstelsel daarvoor voorsiening maak. Dit word gedoen deur onder andere die onderwysbeleid, skoolsoorte en kurrikulum (Steyn, Steyn en De Waal, 1990:17). So byvoorbeeld is Bybelonderrig nie deel van die voorgeskrewe kurrikulum van skole in die Koninkryk van Swaziland nie, maar dit word wel aangebied by skole wat onder sendingbeheer ressorteer.

2.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die term onderwysstelsel uitgelig deur beskrywende definisies. Daar is ook aandag gegee aan die beskrywing van die verskillende komponente aan

die hand van die belangrikste wesenskenmerke van elk van die komponente. Die determinante van die onderwysstelsel is behandel in samehang met 'n begripsverklaring en aanduidings van die invloed wat die determinante op die rigtingbepaaldheid van 'n onderwysstelsel het. Ten einde begrip te hê vir die besondere samestelling van die onderwysstelsel van Swaziland is dit noodsaaklik dat die historiese verloop van die onderwys in oënskou geneem word.

HOOFSTUK 3

DIE SWAZILANDSE ONDERWYSSTELSEL - 'N SOSIO-POLITIESE EN HISTORIESE PERSPEKTIEF

3.1 INLEIDING

“In African cultures time is measured by events and it is these that make time; time does not make events. For this reason real time exists only in the past, whereas the future when nothing has happened yet is unreal or at best vague” (Sislian, 1980:73-74).

Dit is noodsaaklik om begrip en waardering vir die leefwêreld van die Swazivolk op verskillende vlakke en samelewingsverbande te hê ten einde 'n begrip te kry vir die ontwikkeling wat daar in die onderwysstelsel plaasgevind het. Die Swazivolk het oor 'n “onderwysstelsel” beskik lank voordat hulle met die blankes in aanraking gekom het. In hierdie onderwysstelsel is voorsiening gemaak vir metodes van onderrig, religie en kultuur. Met die koms van die Westers is pogings aangewend om die plaaslike gemeenskap te verander deur 'n wysiging in die onderwysstelsel en die geloofsoortuiginge aan te bring.

In hierdie hoofstuk word 'n beknopte toeligting gegee oor Swaziland se geografiese gesteldheid, historiese verbande, die samestelling van die bevolking, die ekonomiese stelsels en politieke strukture wat almal by die beskrywing van die onderwysstelsel in ag geneem moet word.

Vervolgens word in die hoofstuk aandag gegee aan die historiese gebeure op die terrein van die onderwys. Eerstens is daar 'n perspektief oor die tradisionele onderwys en die rol wat dit vervul het in die leefruimte van die volk. Formele onderwys is ingelei deur die sendelinge, maar dit het terselfdertyd differensiasie meegebring in die vorm van onderwys vir blankes, kleurlinge en swartmense. Deur die “winde van verandering” in Afrika soos Harold McMillan, Eerste Minister van Brittanje, dit in die begin van die sestiger jare uitgespel het, het integrasie in die onderwys in Swaziland ook sy beslag gekry.

3.2 GEOGRAFIESE GESTELDHEID

Swaziland is een van die kleinste state op die vasteland van Afrika en beslaan 'n totale oppervlakte van 17,363 vierkante kilometer. Aan die oostekant word dit begrens deur Mosambiek, en in die noorde, weste en suide deur die Republiek van Suid-Afrika.

Hoewel klein, is dit 'n land met groot geografiese kontraste. Die gebied kan van wes na oos in drie duidelike uitkenbare topografiese dele verdeel word. In die weste is die hoëveld, die middelveld in die sentrale gedeelte en in die ooste die laeveld.

Die bergagtige hoëveld vorm deel van die Drakensbergreeks en wissel in hoogte tussen 1076 en 1384 meter bo seevlak, met 'n jaarlikse gemiddelde reënval van 1325mm (Swaziland Government, 1969:4). In die westelike gedeelte kom een van die grootste aangeplante dennepplantasies in Suidelike Afrika voor en die temperatuur wissel tussen 'n minimum van 10,4 grade C en 'n maksimum van 35,4 grade C (Sislian, 1980:61). Die middelveld wat bestaan uit grasvlaktes, het 'n gemiddelde hoogte van 692 meter bo seevlak, 'n gemiddelde reënval van 875mm per jaar; is subtropies met 'n gemiddelde temperatuur wat wissel tussen 14,5 grade C en 41,5 grade C. Op 'n hoogte van tussen 153 en 306 meter bo seevlak is die laeveld wat bestaan uit tropiese savanna landskap met 'n gemiddelde reënval van 675mm per jaar en 'n temperatuur wat wissel tussen 14,8grade C en 44,0 grade C (Central Statistical Office, 1993:3). Die land is ryk aan water en die belangrikste riviere wat deur die land vloei, is die Usutu-, die Komati- en Mlumatiriviere. Net die Mbulusirivier het sy oorsprong in Swaziland. Die ander het hulle oorsprong in die Republiek van Suid-Afrika (Swaziland Government, 1969:4).

3.3 HISTORIESE AGTERGROND

Die Bembo-Nguni het teen die helfte van die sestende eeu in die gebied wat bekend staan as Delagoabaai in beweging en hulle vir byna twee eeue daar gevestig. Voor 1750 het afstammelingen van die Bembo-Nguni onder leiding van Dlamini die huidige Swaziland inbeweeg en hulle daar gevestig. Hulle het bekend gestaan as die Dlamini-Nguni (emalangeni). Teen 1750 het die Swazilandse geskiedenis eintlik sy beslag gekry onder koning Ngwane III. In 1840 het Mswati II vir Sobhuza I opgevolg en kontak gemaak met die Britte uit Natal (Matsebula, 1972:1 13). In 1844 het die eerste Wesleyaanse sendelinge, Allison en Gibby, kontak gemaak met die inwoners van Swaziland. Daar is eendelik voldoen aan talle versoeke van Sobhuza I wat hy aan sy raadslede gerig het, naamlik: "Ne funele o montuana me o motlope, o ta go mo zondolota ne seve

sa ke.” (Seek a white man as a teacher for my son; he will preserve him and his nation) (Perkins, 1974:74-83).

Die eerste blankes het nou die landstreek binnegekom as jagters, boere, handelaars en sendelinge. In 1860 is die eerste konsessie om te boer en te jag aan Conraad Vermaak toegeken en hierna het baie jagters, boere, handelaars en sendelinge hom gevolg. Gedurende die tydperk tot 1902 het Swaziland ook deurgeloop onder die anneksasiebeleid van Brittanje. In 1902 het Swaziland egter finaal oorgegaan in die hande van Brittanje nadat dit sedert 1895 onder administrasie van die Zuid-Afrikaanse Republiek was (Matsebula, 1972:28-85).

In 1899 is Sobhuza II gebore en van 1899 tot 1921 het Labotsibeni, sy grootmoeder, opgetree as regentes. Sobhuza II was die eerste koning van Swaziland wat formele skoolopleiding ontvang het aan die Zombodze National School en vanaf 1916 het hy vir byna drie jaar opleiding ontvang aan die Lovedale Institution in die Kaap. Op 22 Desember 1921 het hy beheer oorgeneem van Swaziland en onder sy leiding het Swaziland stap vir stap beweeg in die rigting van onafhanklikheid. Na jarelange onderhandelinge is die eerste grondwet in 1963 aan Swaziland toegeken en in 1964 het die eerste verkiesing vir die Wetgewende Vergadering plaasgevind. Op 6 September 1968 het Swaziland volle onafhanklikheid van Brittanje verwerf (Matsebula, 1972:86-121). Koning Sobhuza II het op 21 Augustus 1982 gesterf en hy word opgevolg deur sy vyftienjarige seun, Prins Makhosetive as Koning Mswati III van Swaziland (Booth, 1983:78).

3.4 BEVOLKING

Die bevolkingsamestelling van Swaziland sien volgens die sensus van 1966 as volg daar uit (Swaziland Government, 1966:14):

Swazi's	341925
Blankes	7500
Kleurlinge en Asiate	3750
Ander uit Afrika (swart)	21825

Dit dien vermeld te word dat die geboortesifer per 1000 tans 47 tot 48 is. Hierdie getal is vandag die hoogste in die wêreld en hou ernstige implikasies in vir die onderwys. Ongeveer 14,13% van die bevolking is verstedelik en 85,87% word nog op die platteland

aangetref. Daar is twee amptelike tale naamlik Si-Swati en Engels. Laasgenoemde is ook die administratiewe taal. Die meerderheid van die bevolking is Christene wat aan 'n groot verskeidenheid kerkgroepe behoort (Swaziland Government 1969:5).

3.5 EKONOMIESE STRUKTUUR

Die tradisionele ekonomiese bedrywighede van Swaziland word gesentreer om die gesin. Dit behels in hoofsaak die verbouing van voedsel in die vorm van mielies en koring en die teel van beeste, skape en bokke. Die rykdom en status van 'n man word bepaal deur die aantal beeste waaroor hy beskik. In die tradisionele Swazigemeenskap is die ekonomiese struktuur nie gebaseer op 'n kapitalistiese uitgangspunt nie, maar op die skepping van positiewe sosiale waardes. Hulpverlening tot die bereiking van sukses in die skepping van 'n ekonomiese struktuur vir die individu is die spil waarom die tradisionele ekonomiese stelsel wentel (Sukati, 1985:84-85).

Die moderne ekonomiese struktuur is Westers georiënteer en bestaan in hoofsaak uit enkele klein metropolitaanse gebiede soos die industrieë by Mbabane, Matsapa en Manzini, die besproeiingskemas by Malkerns, die Usutu bosbouprojek, mynbou by Havelock en suikeraanplantings in die suidelike en noordoostelike laeveld. Hierdie bedrywe is ook hoofsaaklik in die hande van nie-Swazi's; daarom word ongeveer 85% grond aangewend vir tradisionele landbou waarby 75% van die bevolking betrokke is.

Swaziland is afhanklik van buitelandse kapitaal vir die ontwikkeling van die privaatsektor asook van buitelandse staatslenings van onder andere die Wêreldbank en ander ekonomiese hulpprogramme soos UNICEF en die World Food Programme (Swaziland Government, 1969:6-8, Magagula, 1994).

Handel met die buiteland word hoofsaaklik met RSA as deurgangstroete gedryf, hoewel tans 'n geringe hoeveelheid handelsware deur Maputu die land binnekom en verlaat. Die RSA is dan ook Swaziland se grootste handelsvennoot (Swaziland Government, 1973:25).

3.6 POLITIEKE STRUKTURE

Die politieke strukture in Swaziland is tiperend van wat in die res van Afrika gebeur het. Die politieke geskiedenis van Afrika en ook van Swaziland kan volgens Coetzee (1986:286-293) in drie tydperke ingedeel word, naamlik:

- die prekoloniale tydperk waar alle magte in die hande van die koning was;
- die koloniale tydperk waar die mag in die hande van die koning of koningin van Engeland wat in die kolonie verteenwoordig was deur 'n hoë kommissaris, en
- die postkoloniale tydperk waar die magte weer terug geplaas is in die hande van die heerser van die land, en in die geval van Swaziland, die koning.

In Swaziland was daar 'n uitsondering gedurende die koloniale tydperk. Die tradisionele politieke struktuur het bly funksioneer. Die koning (paramount chief), hoewel met verminderde mag, het tesame met die residensiële Kommissaris in wie se hande die administrasie van die land was, regeer (Swaziland Government, 1969:6).


Hierdie tweehed in die politieke struktuur het bly voortbestaan na onafhanklikheid, met die verskil dat die koloniale regering vervang is deur 'n moderne verkose regering. Die Swazikoning en koningin het aan die hoof van albei strukture gestaan. Die moderne stelsel, wat eintlik die administrasie van die land behartig, bestaan uit Swazi's en in uitsonderlike gevalle blankes, met 'n eerste minister wat 'n Swazi is. Dit kan skematies, soos dit in figuur 3.1 aangedui is, voorgestel word.

Die koning beskik oor alle wetgewende, uitvoerende, administratiewe en religieuse magte. Hy word in die tradisionele lyn bygestaan deur die liqoqo, bestaande uit senior prinse, belangrike hoofmanne en hoofraadslede wat hom in die uitvoering van sy magte van raad bedien. Hiernaas bestaan 'n groter raad, die Swazi Nasionale Raad wat namens die monargie toesien dat die Swaziwette en gebruike verbonde aan tradisie en die kultuur uitgevoer word. Die hiërargie volg verder die weg dat die ouer mans, die Tindvuna, die hoofmanne bystaan om probleme rondom die familie en statsamestelling te help oplos.

Die moderne stelsel maak voorsiening vir 'n kabinet met 'n eerste minister aan die hoof, en 'n parlement, bestaande uit twee huise, nl. 'n wetgewende vergadering en 'n senaat. Hierdie lede is verkose, maar sedert onafhanklikheid is daar heelwat wysigings in die kiesproses aangebring (Sukati, 1985:80-84). Hierdie vernuwing het aanleiding gegee tot die opkoms van politieke partye wat die magsposisie van die Ngwenyama bedreig het. Die grondwet is opgeskort en daar is na die tradisionele regeringsvorm teruggekeer. Sobhuza II het weer in 1978 'n nuwe grondwet daargestel. Na sy afsterwe is 'n tydperk van politieke onstabiliteit beleef. Almal met politieke ambisie wou die geleentheid uitbuit om politieke mag en invloed tydens die bewind van die koningmoeder as regentes te bekom. Ten einde laasgenoemde probleme die hoof te bied, is prins

Makhosetive op 25 April 1986 as koning Mswati III aangestel. Daar word allerweë gehoop dat sy koningskap die toets van die tyd sal deurstaan om Swaziland te hou op die pad van die tradisionele monargie met inagneming van die eise wat die moderne nasionalistiese beweging aan die regering van Swaziland stel (Coetzee, 1986:286-367).

FIGUUR 3.1: DIE REGERINGSTELSEL VAN SWAZILAND



(Sukati, 1985:81)

3.7 DIE ONDERWYS IN SWAZILAND - 'N HISTORIESE AGTERGROND TOT 1968

3.7.1 Inleiding

Tradisionele onderwys vorm 'n integrale deel van die kind se leefwêreld in Swaziland. Veral in die landelike gebiede word baie klem gelê op die onderhouding en behoud van die tradisionele gebruike en sal 'n historiese agtergrond van die onderwys nie volledig gewees het sonder om kennis te neem van die tradisionele onderwys nie. In die formele onderwys word die onderskeiding gemaak tussen onderwys vir blankes, gekleurdes en swartmense omdat die fasette van die onderwys as aparte strukture funksioneer het.

3.7.2 Tradisionele onderwys

Die tradisionele onderwys van die Swazi geskied op informele wyse en neem 'n aanvang op die ouderdom van ongeveer drie jaar. In die begin sentreer dit in hoofsaak rondom optrede teenoor volwassenes. Dissipline speel 'n baie belangrike rol en liggaamstraf word toegedien by ongehoorsaamheid. Die voorbeeld wat deur volwassenes en ouer kinders gestel word, speel 'n baie belangrike rol tydens kinders se vormingsjare (Kuper, 1963:50-51).

Die Swazikind leer op 'n ongestruktureerde wyse deur waarneming, nabootsing en herhaling van en uit die natuur en die volwasse leefwêreld. Klem word gelê op die tradisie, goeie maniere en diplomatie deur na stories te luister oor die geskiedenis van die stam, die volk en die groot oorloë. Spel, danse, rymelary, gedragspatrone en sosiale norme kry baie aandag. Klein seuntjies gaan saam met ouer seuns om na die vee om te sien waar hulle onderrig word in stokgevegte, die maak van kleiosse en hutte, die eetbaarheid van veldvrugte en wortels.

Dogters word deur die ouer dogters geleer om na kleiner kinders om te sien, water te haal, hout te versamel, skoon te maak en hoe om goeie toekomstige moeders te wees (Mthethwa, 1985:2).

Op die ouderdom van ses jaar vind die inisiasieproses plaas. Van nou af kan hulle deelneem aan sosiale en ekonomiese aktiwiteite, afhange van hulle fisiese en kognitiewe vermoëns. Hierdie opleiding duur voort tot puberteit bereik word waarna seuns en dogters verder in die waardes en norme van die volwasse getroude lewe opgelei word. Hierdie proses word van geslag tot geslag herhaal en dit is die taak van die ouer mense

om toe te sien dat die "onderwys" na wense verloop om 'n gebalanseerde samelewing daar te stel in belang van die gemeenskap en die volk (Mthethwa, 1985:1-5).

3.7.3 Formele onderwys

3.7.3.1 Sendingonderwys

Georganiseerde onderwys in Swaziland het sy oorsprong gehad as 'n neweproduk van die sendingwerk van sendelinge van verskillende sendinggenootskappe (Anon, 1980:17). Soos dit reeds in paragraaf 3.3 opgemerk is, is die eerste sendingaksie van stapel gestuur in Julie 1844 met die daarstelling van 'n sendingpos te Hovunga deur die Wesleyaanse sendelinge (Perkins, 1974:81). Hierdie eerste poging het op 17 September 1846 tot 'n einde gekom, as gevolg van die magsopbou van koning Mswati II en die konflikte wat hiermee gepaard gegaan het. Teen die einde van 1872 is die eerste skooling wat 'n skool genoem kan word, by die Holy Rood Mission, Enhlozana, opgerig deur Jackson met twaalf jong Swazimans as werkers gedurende die oggend en as leerlinge in die namiddag. Holy Rood het in 1879 verskuif na Mahamba waar 'n skool gestig is en wat tans nog bestaan (Perkins, 1974:104, 188, 194). Teen 1890 het die Lutherane en die Anglikane hulle in Swaziland gevestig. Hierna het die Skandinawiese sendinggenootskap in 1893 gevolg, die kerk van die Nasareners in 1909, die Noorweegse Vrye Evangeliese Kerk in 1910 en die Rooms Katolieke Kerk in 1914 (Rose, 1973:228).

Die verskillende sendinggenootskappe het daarna gestreef om kinders te leer lees, skryf en reken, ten einde daardeur te verseker dat die Evangelie versprei word. Daar is ook aandag geskenk aan die landbou, om sodoende die produksie van lewensmiddele op die sendingstasie, maar ook tuis by die stante te bevorder, ten einde die bevolking minder afhanklik van die verskaffing van voedsel deur die sendingstasies te maak. Daar was ook onderlinge kompetisie tussen die verskillende groepe deur soveel skole as moontlik op te rig ten einde meer volgelinge te werf. Elke groep het sy eie kurrikulum ontwikkel wat tot dispariteit in die onderwysvoorsiening gelei het. Ten spyte van dit het die sendingonderwys die basis gevorm waaruit die nasionale onderwysstelsel later sou groei (Sukati, 1985:119-127).

Die toename van sendingskole het bygedra tot die relatief hoë mate van geletterdheid, naamlik ongeveer 30 persent van alle volwassenes in 1974. Terselfdertyd word sending-skole verkwalik vir die feit dat hulle meer aandag aan literêre vakke geskenk het as aan die wiskunde en wetenskap. Vanaf 1972 het die staat meer seggenskap oor sendingskole verkry, maar dit het meegebring dat die staat 'n finansiële bydrae moes maak tot die

skole se bedryfskoste en daar moes verantwoordelikheid aanvaar word vir die salarisse van alle gekwalifiseerde onderwysers verbonde aan sendingskole. Dit het die skole onder die beheer van die Ministerie van Onderwys gebring wat die moontlikheid tot die daarstelling van gelyke standaarde in skole bevorder het (Harley, 1977:75-80). Vir 'n klein land soos Swaziland het daar in 1976 nog 'n skoolstelsel bestaan wat beheer is deur verskillende instansies. Dit sluit in staatskole, staatsondersteunde sendingskole en privaatskole.

Die volgende tabel vir primêre en sekondêre skole gee 'n duidelike voorbeeld van die bydrae wat sendingonderwys gelewer het tot die geheel van onderwys in Swaziland in 1976.

TABEL 3.1: GETAL PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOLE IN 1976

PRIMÊRE SKOLE	GETAL SKOLE	% VAN TOTAAL
Staatskole	52	12,1
Staatsondersteunde sendingskole	248	58,9
Privaatskole	120	29,0
Totale getal skole	420	100,0
SEKONDÊRE SKOLE	GETAL SKOLE	% VAN TOTAAL
Staatskole	33	49,3
Staatsondersteunde sendingskole	34	50,7
Totale getal skole	67	100,0

(Swaziland Government 1978:5 en 47)

3.7.3.2 Onderwys vir blankes

Die eerste skole vir blankes in Swaziland het ontstaan in 1902. Die sogenaamde plaasskole of eenmanskole het die kinders van nabygeleë plase geakkommodeer. Die meeste onderwysers by hierdie skole was ongekwalifiseerd (De Jager, 1963:6). Die eerste volwaardige skole het hulle beslag gekry in 1909 met die totstandkoming van skole by Bremersdorp (tans Manzini), Stegi en Goedgegung (tans Nhlanguano) (Sasnet & Sepmeyer, 1966:1383). By laasgenoemde het die gemeenskap 'n koshuis vir die leerlinge opgerig. Na die

Tweede Wêreldoorlog is die skool herdoop tot die Evelyn Baring School en het dit in so 'n mate ontwikkel dat dit 'n primêre en sekondêre afdeling ingesluit het. Die gevolg hiervan was dat die eenmanskole in die suide van die land gesluit het.

In 1910 het die St Michael's School sy beslag gekry deur die bemoeienis van Biskop Watts wat 'n skool in Mbabane vir blankes daargestel het, dit self finansieel onderhou het en self as die eerste onderwyser opgetree het (Matsebula, 1972:100). Hierdie skool het 'n primêre en sekondêre afdeling ontwikkel en is in 1956 op versoek deur die staat oorgeneem (De Jager, 1973:6).

Teen die einde van 1953 was daar agt skole vir blankes met 'n totale leerlingtal van 774 (S.A. Institute of Race Relations, 1955:23-24).

Die ontwikkeling van bosbou, mynweese en die suikeraanplantings het tot gevolg gehad dat primêre skole vir blankes by Piggs Peak, Usutu Forests (Mhlambanyatsi), Havelock-myn, Malkerns, Big Bend en Mananga opgerig is (De Jager, 1963:6).

Teen 1962 was daar twaalf skole vir blankes, waarvan 11 staatsondersteund en een 'n privaatskool was. Hiervan was nege primêre skole en drie sekondêre skole. In 1963 is wetgewing voorberei om voorsiening te maak vir die integrasiebeleid vanaf 1964 en sedertdien word ander rassegroepe ook in die eens eksklusiewe blanke skole toegelaat. Die gevolg hiervan was dat eksaminering deur die Gemeenskaplike Matrikulasieraad van die RSA verdwyn het (Sasnet & Sepmeyer, 1966:1383 en 1387).

3.7.3.3 Onderwys vir kleurlinge (Euroafricans)

Die literatuur verwys na mense met 'n gemengde afkoms in Swaziland as "Euroafricans". Die eerste skool vir kleurlinge het in 1914 tot stand gekom as gevolg van die inisiatiewe van Biskop Watts by Empolonjeni naby Mbabane. Hierdie skool is later verskuif na Endlozana en is in 1931 gesluit as gevolg van 'n daling in getalle en die gevolglike onttrekking van staatsteun. Die Anglikaanse Kerk het 'n kosskool geopen te Manzini vir kinders uit die noordelike dele van Swaziland. In 1921 het die Skandinawiese Sendinggenootskap die Florence Skool gestig vir kleurlingkinders uit die suidelike deel van Swaziland en in 1934 is die skool verskuif na Hluti. In 1934 het die Rooms-Katolieke Sending ook 'n skool hier opgerig. Later is kleiner skole by Mbabane en Stegi geopen (Sasnet & Sepmeyer, 1966:1383).

In 1953 het die drie kleurlingskole 'n gesamentlike inskrywing van 354 leerlinge gehad (S.A. Institute of Race Relations, 1955:24). Tot 1962 het die leerlinge in die vyf kleurlingskole meer as verdubbel en drie van die skole het oor koshuise beskik. Die skole het slegs die junior sertifikaat- eksamen aangebied (Sasnet & Sepmeyer, 1966:1386). In 1963 is wetgewing voorberei wat die Coloured Schools Proclamation van 1953 herroep het en sodoende is die weg gebaan vir integrasie in kleurlingskole vanaf 1964 (Sasnet & Sepmeyer, 1966:1383).

3.7.3.4 Onderwys vir Swazi's

Soos dit blyk uit paragrawe 3.7.3.2 en 3.7.3.3 was daar nie afsonderlike skole en dus nie gelyke onderwys vir die drie bevolkingsgroepe van Swaziland nie. Soos dit reeds in paragraaf 3.7.3.1 vermeld is was die sendingaksie vir die meeste onderwys in Swaziland verantwoordelik. Dit dien egter vermeld te word dat die staat so vroeg as 1906 die Zombodze National School opgerig het, hoofsaaklik om onderrig te verskaf aan die jong koning Sobhuza II omdat daar te veel kompetisie was tussen die verskillende sendingskole om hom as leerling te werf (Mthethwa, 1985:8).

In 1928 is 'n skool geopen te Matshapa vir die seuns van die koningshuis en hoofmanne. Die skool is later herdoop tot die Swazi National High School te word. Daar het geen skoolplig vir Swazikinders bestaan nie, en gevolglik het min kinders skole bygewoon. Na die Tweede Wêreldoorlog het die toestand begin verbeter. So het leerlinge in die primêre skool se getalle met 4 persent tussen 1945 en 1968 gegroei en leerlinge in die sekondêre skool met 'n fenominale 1968 persent in die ooreenstemmende tydperk. Die aantal primêre en sekondêre skole het van 1950 tot 1968 respektiewelik met 75 persent en 210 persent toegeneem. Die getal onderwysers het van 1955 tot 1968 in die primêre skole met 159 persent gegroei en in die sekondêre skole met 500 persent.

In 1953 het slegs 'n vierjaarkurrikulum bestaan vir die primêre skool, maar dit is geleidelik verhoog na agt jaar en het so bly voortbestaan tot 1968. Aan die einde van die agt jaar is 'n Swazilandse Primêre Skooleksamen afgelê wat leerlinge toegang verleen het tot die junior sekondêre fase wat drie jaar geduur het en beëindig is met 'n Junior Sertifikaateksamen. Hierdie eksamen het toelating verleen tot 'n verdere twee jaar wat tot die matrikulasie-eindeksamen gelei het. Slegs een skool, die Waterford Kamhlaba wat 'n privaatskool was en in die begin van die sestiger jare gestig is, berei kandidate voor vir die Cambridge Higher School Certificate. Die meeste van die kinders wat hierdie skool besoek, is kinders van diplomate, koninklikes in Swaziland, ministers en hoë amptenare en vermoënde sakelui (Swaziland Government, 1969:46 en 73).

3.7.4 Integrasiemodel en kultuurverskille in die onderwysstelsel, 1963-1968

Gedurende 1963 is die wetgewing voorberei wat voorsiening sou maak vir integrasie van verskillende kulture en rassegroepe in alle skole in Swaziland. Met hierdie wetgewing is die Public Education Proclamation 1951, die Africa School Proclamation 1940, die Coloured Schools Proclamation 1951 en die Education Advisory Board Proclamation van 1962 herroep (Sasnet & Sepmeyer, 1966:1383). Daar was egter nog enkele voorbehoude wat deur die Gesamentlike Adviserende Onderwysraad voorgestel is en deur die regering aanvaar is, naamlik dat na gelang die beskikbaarheid van akkommodasie in die oorspronklik slegs vir blankes bedoelde skole swart leerlinge sal toelaat as dagskoliere op voorwaarde dat:

- die leerlinge nie ouer is as 7 jaar op 1 Januarie van die betrokke jaar sal wees nie;
- die hoof van mening is dat die leerling Engels sodanig magtig is dat hy/sy die leerinhoud kan volg en absorbeer;
- die hoof verseker is dat die leerling die reëls van die skool sal nakom.

Hierdie proses het so ontwikkel dat teen 1967 ongeveer 30 persent van die leerlinge in die oorspronklik blanke skole van swart of gekleurde afkoms was (Rose, 1973:228).

Met die invoering van die integrasiemodel in die skole is verder voorsiening gemaak vir gelyke onderwys vir almal. Die primêre skoolfase is verander van agt jaar na sewe jaar, met 'n sekondêre skoolfase van vyf jaar, maar nog steeds verdeel in 'n junior sekondêre fase van drie jaar en 'n senior sekondêre fase van twee jaar. Daar is ook begin om die toelatingsouderdomme tot die primêre skool geleidelik af te bring, byvoorbeeld in 1964 is slegs tienjarige toegelaat tot sub A; in 1965 slegs negejarige en in 1966 slegs agtjarige. Dit sou egter nog 'n probleem bly in die plattelandse dele van die land (Sasnet & Sepmeyer, 1966:1384 en 1386).

Met die uitfasering van afsonderlike skole is 'n nuwe fase in die onderwysbedeling van Swaziland betree, ten einde gratis primêre skoolopleiding aan alle leerlinge te verskaf.

3.8 SAMEVATTING

In hoofstuk 3 word die geskiedenis van onderwys in Swaziland uitgelig. Dit kon egter nie gebeur het sonder dat daar 'n beknopte bespreking gegee is van die geografiese

gesteldheid, die geskiedenis, die bevolkingsamestelling en die ekonomiese en politieke strukture nie. Teen hierdie agtergrond kan daar 'n beter begrip gevorm word van die tradisionele onderwys van die Swazivolk en hoe formele onderwys sy beslag gekry het met die koms van die sendelinge. Daar word ook verwys na die drie vorme van onderwys vir die drie bevolkingsgroepe wat die land bewoon en hoe dit oorgeloop het in 'n geïntegreerde onderwysstelsel kort voordat onafhanklikheid verwerf is.

HOOFSTUK 4

DIE NASIONALE ONDERWYSIDEAAL, ONDERWYSBELEID EN ORGANISASIESTRUKTURE IN DIE SWAZILANDSE ONDERWYSSTELSEL

4.1 INLEIDING

Om die nasionale onderwysideale, die onderwysbeleid en die organisasiestrukture van die Swazilandse onderwysstelsel die beste te begryp, is dit belangrik om die lyn van ontwikkeling wat deur die Swazilandse regering daargestel is te volg. Die ontwikkeling was aan die hand van vyfjaarplanne wat bedoel was om ener syds die individuele aspirasies en behoeftes van die bevolking en andersyds die strewe van nasiebou te bevredig. In die nutgevonde onafhanklikheid het sosiale eise 'n groter rol gespeel as ekonomiese faktore. Hierdie rigting word weerspieël in die onderwysbeleid en onderwysdoelwitte van Swaziland (Magagula, 1990:3).

4.2 DIE NASIONALE ONDERWYSIDEAAL

4.2.1 Inleiding

Vir die doel van hierdie bespreking gaan daar nie aandag geskenk word aan die ideale van die tradisionele Swaziopvoeding nie, omdat hierdie bespreking slegs gerig is op die formele onderwysstelsel.

4.2.2 Onderwysideale voor onafhanklikheid

4.2.2.1 Die onderwysideale van die sendelinge

Volgens Matsebula (1972:16) en Anderson (1970:30) blyk dit dat al die skrywers dit eens is dat die sendingaksie in Swaziland meer besorg was oor evangelisasie as oor onderwys, maar daar word ook onomwonde verklaar dat die sendingonderwys die grond-

slag gelê het vir die nasionale onderwysstelsel wat tans in gebruik is en dat die onderwys sonder die bydrae van die sendelinge baie armer sou gewees het.

In kort kan die ideale van die sendelinge vir die onderwys soos volg saamgevat word, naamlik (Sukati, 1985:120-121):

- om basiese onderwys aan die Swazi's te verskaf ten einde die mense in staat te stel om 'n beter en gekerstende lewe te lei;
- om toekomstige kategete, sonderagskoolonderwysers en predikers daar te stel;
- om die kultuur van die betrokke sendinggroep op die leerlinge oor te dra.

4.2.2.2 Die onderwysideale van die Britse koloniale regering

Die onderwysideale reflekteer die filosofie van die koloniale regering, naamlik om aan die behoeftes van die koloniale administrasie diensbaar te wees. Dit kan soos volg saamgevat word, naamlik:

- om onderwysers, administrateurs en klerke op te lei vir diens in die koloniale regering;
- om gehoorsame onderdane te kweek wat trou is aan die koningin van Engeland en die Britse ryk (Sukati, 1985:128).

4.2.3 Onderwysideale na onafhanklikheid

4.2.3.1 Die onderwysideale van die eerste nasionale ontwikkelingsplan, 1969-1973

Na onafhanklikheid op 6 September 1968 verwerf is, is die eerste ontwikkelingsplan vir Swaziland daargestel vir die eerste periode van vyf jaar. In hierdie plan word daar melding gemaak van die ernstige probleme wat in die onderwys aangespreek moet word, naamlik (Swaziland Government, 1969:47-49):

- Daar bestaan 'n ernstige behoefte aan uitbreiding van die onderwys. Slegs sowat 60% leerlinge in die ouderdomsgroep 7-13 jaar ontvang primêre skoolopleiding en slegs 30% van die in die ouderdomsgroep 14-18 jaar ontvang sekondêre skoolopleiding. Daar word ook te min onderwysers opgelei om in die behoefte te voorsien.
- Die uitvalsifer (drop outs) van leerlinge, wat nie hulle opleiding voltooi nie, was kommerwekkend.

- Die verspreiding van skole, veral in die platteland was onvoldoende.
- 'n Tekort aan toepaslike opgeleide onderwysers was 'n bron van kommer want in 1968 het 400 van 1,600 primêre skoolonderwysers nie oor sekondêre skool opleiding beskik nie.
- Die skool kurrikulum moes dringend aandag kry op sowel primêre as sekondêre vlak, omdat dit slegs 'n akademiese karakter het.
- Daar bestaan geen informasie oor die mannekragbehoefes van die privaatsektor op tersiêre vlak nie.

Met hierdie probleme in gedagte is die volgende ideale daargestel:

- Klem is gelê op die uitbreiding en verbetering van sekondêre onderwys en opleiding.
- Die primêre skoolinskrywings moes met gemiddeld 2,000 leerlinge per jaar groei. Meer onderwysfasiliteite moes geskep word en die uitvalkurwe moet verlaag word.
- Die sekondêre skoolinskrywing moes met 10% per jaar toeneem om 'n totaal van 10,000 leerlinge in 1973 en 12 000 in 1975 te bereik.
- Stappe moes gedoen word om die kurrikulum van die primêre en sekondêre onderwys te verbeter in soverre dit die daarstelling van prakties gerigte studierigtings betref.
- Wat tersiêre opvoeding betref, moes daar gestreef word na die bevrediging van die behoeftes van die publieke sektor en daar moes navorsing gedoen word oor die behoeftes van die privaatsektor.
- Daar is beplan om teen die helfte van die sewentigerjare, 100 graduandi van die universiteit per jaar beskikbaar te hê. 40 sal deur die onderwys opgeneem word, 30 deur die publieke sektor van die regering en die ander dertig sal beskikbaar wees vir die private sektor.
- Die regering moes voortgaan om die geletterdheidsprogram van die Sebenta Nasionale Instituut aan te moedig en te ondersteun.
- Die jaarlikse toevoeging van onderwysers tot die primêre skool en junior sekondêre fase moes van 100 tot ongeveer 200 per jaar vermeerder word.
- Swaziland Industrial Training Institute (S.I.T.I.) en Staff Training Institute (S.T.I.) en die Swaziland Agricultural College (S.A.C.) moes uitgebrei word.
- Jeugopleidingskampe moes daargestel word vir die opleiding van seuns in die landbousektor wat hulle primêre skoolopleiding voltooi het.

Van die bogemelde ideale wat gestel is vir die eerste ontwikkelingsperiode is die volgende ideale bereik:

- Wat die inskrywing van primêre skoolleerlinge betref, was daar 'n groei van ongeveer 15,5% per jaar gedurende die tydperk onder bespreking;
- die inskrywing van sekondêre skoolleerlinge het met 23% per jaar gegroei na onafhanklikheid;
- wat die tersiêre opleiding betref, was daar ook ontwikkeling. So bv. het die S.I.T.I. sy kursusse op die vlak van ambagsmanne en tegnisi uitgebrei, die S.I.T.I. speel 'n meer beduidende rol in die voorsiening van personeel vir die publieke sektor en die S.A.C. lei persone in die landbousektor op vir Swaziland, Botswana en Lesotho. Ook die Universiteit van Botswana, Lesotho en Swaziland (U.B.L.S.) het begin om sedert 1971 eerstejaarkursusse plaaslik aan te bied en meer studente is oorsee gestuur waar kursusse nie plaaslik aangebied word nie.

Dit blyk dus dat daar gedurende die eerste ontwikkelingsperiode wel positiewe vordering gemaak is, maar dat daar nog heelwat terreine was wat groot struikelblokke veroorsaak het. So byvoorbeeld het die volgende sake groot kommer gewek:

- daar was slegs 50% van die leerlinge in die ouderdomsgroep 5-19 jaar op skool, waarvan die helfte gekonsentreerd is in die eerste vier jaar van die primêre skool;
- die leerlinge wat standerds herhaal en totaal uitval het ongeveer 75% van die wat graad I en St 6 respektiewelik begin het, beloop;
- sowat 70% van die volwasse bevolking was nog ongeletterd;
- die swak kwalifikasies waarvoor onderwysers beskik het was kommerwekkend, byvoorbeeld slegs 35% van die primêre skoolonderwysers het oor 'n hoër kwalifikasie as die minimum wat by 'n onderwyskollege aangebied word, nl. die Primary Lower Certificate beskik;
- die skoolstelsel was steeds akademies gerig en te min aandag is geskenk aan tegniese vakke.

Die grootste wesenlike probleme was egter drievoudig van aard, naamlik:

- die skoolstelsel moes herstruktureer word om die kwaliteit te verhoog, die behoeftes van ekonomiese ontwikkeling van die land aan te spreek en om die plattelandse gebiede so spoedig moontlik te ontwikkel;

- toepaslike onderwys en opleidingsmoontlikhede moes beskikbaar gestel word vir die maatskappij grootste gedeelte van die bevolking;
- naskoolse opleiding moes gebaseer word op mannekragbehoefes.

4.2.3.2 Die onderwysideale van die tweede nasionale ontwikkelingsplan, 1973-1977

In die lig van die reeds gestelde probleme in paragraaf 4.2.3.1 is die volgende ideale geformuleer vir bereiking gedurende die tweede ontwikkelingsperiode van vyf jaar, naamlik (Swaziland Government, 1972:150-162):

- om vol te hou met die uitbreiding van die inskrywings in die primêre skole ten einde die gestelde langtermyn doelwitte van algemene primêre skoolopleiding te bereik;
- om toegang te verleen aan sekondêre skoolleerlinge wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen;
- om wysigings in die kurrikula van sowel primêre as sekondêre skole aan te bring ten einde leerders in staat te stel om vrylik in die arbeidsmark in te beweeg;
- om die kwaliteit van die opvoeding te verbeter, ten einde die hoë uitval en droopiesyfers te verminder;
- om die nie-formele onderwys en opleiding te ontwikkel, ten einde aan volwassenes en jeugdige, wat nie oor voldoende formele opleiding beskik nie, die geleentheid tot ontwikkeling te bied;
- om die fasiliteite van tersiêre onderwys en beroepsgerigte opleiding op te gradeer om te voldoen aan die vereistes wat gestel word deur die openbare en private sektore.

Aan die einde van die tydperk 1973-1977 is die volgende gestelde ideale deur die onderwysowerhede in Swaziland bereik:

- Wat die inskrywingsgetalle van leerlinge in die primêre skool betref, was die ontwikkeling bevredigend as in aanmerking geneem word dat daar 'n jaarlikse toename van 13% oor die tydperk was. Wat die sekondêre skole betref, was daar nog 'n groter verbetering te bespeur, nl. 'n toename van 40% per jaar.
- 'n Primêre kurrikulumontwikkelingsprojek is in 1973 van stapel gestuur en in 1977 is die Sekondêre kurrikulumteenwoordigheid tot stand gebring, om in samewerking met die Primêre kurrikulumteenwoordigheid 'n meer homogene benadering in kurrikulumontwikkeling te bewerkstellig. In die tyd is daar ook gewerk aan verbeterings

van die kurrikula van vakke soos Engels, Wetenskap, Wiskunde en Ontwikkelingstudies. Die totstandkoming van 'n nuwe kurrikula vir die primêre skool sal moontlik aan die einde van die derde periode bereik word.

- In die sektor vir nieformele onderwys was daar wel vordering, in soverre dit vakdidaktiek en die voorsiening van fisiese fasiliteite betref.
- Wat die beroepsgerigte onderwys betref, was daar merkbare vordering. Die kursusse van die Swaziland College of Technology (S.C.O.T.) wat gekombineer word met vakleerlingskappe, het in gewildheid toegeneem onder sowel die werkgewers as werknemers en ongeveer 80% van die persone wat kursusse voltooi het, het onmiddellik werk gekry, terwyl die oorblywende 20% ook spoedig geholpe geraak het.

In die lig van die gestelde ideale is dit ook duidelik dat op die volgende terreine min of geen vordering gemaak is:

- Daar kon nog nie in geslaag word om kwaliteitopvoeding aan die leerlinge te verskaf nie. Die persentasiegroei van leerlinge in skole het die aanbod van onderwysers verswelg wat weer tot gevolg gehad het dat die probleem van herhaling en uitval deur leerlinge slegs tot 'n geringe mate gestuit kon word. (Kyk tabelle 4.1 en 4.2.) Gepaard hiermee is die verswakking van kwalifikasies van onderwysers in sowel die primêre as die sekondêre skole. Dit het 'n negatiewe invloed op die vordering van leerlinge gehad. (Kyk tabelle 4.3 en 4.4.)
- In die beplanningsperiode onder bespreking, was daar wel groei in die daarstelling van fasiliteite vir die U.C.S, ten einde volle status teen 1982 te kan bereik maar wat die voorsiening van mannekrag betref, is die gestelde doelwit om minstens 56 afstuderende studente per jaar te lewer op die terrein van die natuurwetenskappe nie bereik nie. Slegs sowat 30 is gelewer terwyl sowat 70 studente in die sosiale wetenskappe afgestudeer het. Dit dui steeds daarop dat daar nog nie weggekome is van die ou koloniale studierigting nie. Daar kon dus nog nie voldoen word aan die gestelde behoeftes van die openbare en private sektor op die vlak van die onderwys nie.
- Die toelatingsvereistes tot sekondêre onderwys wat in die tydperk laat vaar is om sodoende toegang aan alle leeringe tot die sekondêre skoolfase te verleen, het gelei tot die verswakking van eksamenuitslae; gevolglik is die stelsel van vrye toegang weer afgeskaf (Swaziland Government, 1978:181-182).

TABEL 4.1: ONDERWYSERKVALIFIKASIES IN DIE PRIMÊRE SKOOL

JAAR	GEKWALIFI- SEERD	ONGEKWALI- FISEERD	TOTAAL	% GEKWALIFI- SEERD
1973	1618	494	2112	76,6
1974	1643	577	2220	74,0
1975	1644	719	2363	69,6
1976	1699	814	2513	67,6
Toename in %	5	65	19	

(Central Statistical Office, 1977:11).

TABEL 4.2: ONDERWYSERKVALIFIKASIES VIR DIE SEKONDÊRE SKOOL

JAAR	GEKWALIFI- SEERD	ONGEKWALI- FISEERD	TOTAAL	% GEKWALIFI- SEERD
1973	467	83	550	84,9
1974	480	131	611	78,6
1975	538	201	739	72,8
1976	655	230	885	74,0
Toename in %	40	77	61	

(Central Statistical Office, 1977:11).

**TABEL 4.3: PERSENTASIE LEERLINGVORDERING IN PRIMêRE SKOLE
(PERSENTASIE VAN ALLE LEERLINGE)**

JAAR VAN KURSUS	1972	1973	1974	1975
1	100,0	100,0	100,0	100,0
2	79,5	83,7	83,6	82,5
3	71,1	77,4	75,8	73,2
4	58,6	66,5	62,6	60,9
5	46,6	54,5	51,1	49,0
6	36,2	43,3	40,8	39,7
7	28,8	35,4	33,4	32,4

(Central Statistical Office, 1977:12).

**TABEL 4.4: PERSENTASIE LEERLINGVORDERING IN SEKONDêRE SKOLE
(PERSENTASIE VAN ALLE LEERLINGE)**

JAAR VAN KURSUS	1972	1973	1974	1975
1	100,0	100,0	100,0	100,0
2	83,2	87,0	85,5	82,2
3	65,1	69,3	67,3	63,0
4	38,6	37,3	35,3	32,4
5	33,3	30,6	28,3	23,9
6	1,9	1,2	0,8	1,1

(Central Statistical Office, 1977:12).

Dui op die aantal leerlinge wat die spesifieke skoolfase voltooi het as 'n persentasie van die getal leerlinge wat aanvanklik daarmee begin het.

4.2.3.3 Die onderwysideale van die derde nasionale ontwikkelingsplan, 1978-1983

Die derde nasionale ontwikkelingsplan (1978-1983 is 'n voortsetting van die voriges, maar volgens die ideale van die regering het daar tog progressie plaasgevind. Daar word ideale gestel wat die strategie moet bepaal wat deur alle instansies wat met die onderwys temake het, gevolg gaan word naamlik (Swaziland Government, 1978:193-200):

- om die sterk veranderende vraag na onderwys te hanteer;
- om die inskrywing van die primêre skool te verhoog tot 122,000 met 'n onderwyserstal van 3,400 teen die einde van 1982/83;
- 'n standaardruimte van 55m² vir 40 leerlinge in 'n klaskamer is nagestreef;
- om die onderwyser-leerlingverhouding te verlaag na 36 tot 1 en die verhouding per gekwalifiseerde onderwyser tot 45 tot 1;
- om die inskrywing in die sekondêre skool te verhoog tot 22,500 leerlinge met 'n onderwyserstal van 1,150;
- 'n standaardruimte van 55m² vir 35 leerlinge in 'n klaskamer sou nagestreef word;
- om die verhouding tussen leerling en onderwyser in die sekondêre skool te verlaag na 25 tot 1;
- om toelatingsvereistes tot senior sekondêre skole te beperk sodat slegs leerlinge wat in die eerste en tweede klas geslaag het in die junior sertifikaat eksamen, onderhewig aan die beslissing van die Ministersraad toegelaat sou word;
- om voort te gaan met die verandering van die kurrikulum om nader te beweeg aan die behoeftes van die arbeidsmark;
- om dit te bereik moes klaskamers vir praktiese vakke in junior sekondêre skole aangebring word ten einde die aanbieding van praktiese en tegniese vakke moontlik te maak;
- om noukeurige ondersoek in te stel na die eksamenstelsel wat relevant is vir die behoeftes van Swaziland;
- om onderwysersopleiding uit te brei en te verbeter;
- om indiensopleiding van onderwysers uit te bou om teen 1980 600 gekwalifiseerde onderwysers beskikbaar te hê;
- hierna sou met indiensopleiding daarna gestreef word om alle onderwysers te bereik in die gebruik van die nuwe kurrikulums;
- om radio-onderwys te integreer met die hervorming van die kurrikulum, onderwysers opleiding en korrespondensiekursusse;
- om korrespondensiekursusse uit te brei sodat universiteitstoelating ook hierdeur verkry kon word;
- om S.C.O.T. se jaarlikse volume leerders te verhoog sodat meer mense toegang tot die opleidingsfasiliteit kan kry;

- om twee beroepsgerigte opleidingsentrums in die platteland te vestig om in die ontwikkelingsbehoefes van persone te voorsien wat die skool na die junior sekondêre fase verlaat;
- om plaaslike opleidingsentrums (R.E.C.) en volwasse opleidingsentrums se programme te koördineer, te integreer en te evalueer in die gestelde beplanningsperiode;
- om Sebenta (S.N.I.) se geletterdheidsprogramme voort te sit;
- om die jeugopleidingsfasiliteite by Gcina uit te brei om 160 persone te kan akkommodeer.
- om primêre onderwys vir dowes en verstandelik agtergeblewenes op te gradeer en beroepsgerigte opleiding vir blindes en ander gestremdes uit te brei;
- om aan die Universiteit van Swaziland aan die einde van 1982/83 die volgende studenteverdeling te bewerkstellig:
 - Handelsrigting - 118
 - Regte - 56
 - Ander professionele studierigtings - 133
 - Sosiale wetenskappe - 105
 - Wetenskap en Wiskunde - 285
 - Landbou - 302.

Die derde nasionale ontwikkelingsplan is dus meer uitgebreid in vergelyking met die vorige twee en dit is duidelik dat daar vordering gemaak is op die beplanningsvlak van die onderwys. Wat die realisering van die ideale in die praktyk betref, is die gestelde ideale weens die groot hoeveelheid struikelblokke wat bestaan slegs in geringe mate bereik. Die ondergemelde ideale is wel bereik:

- Daar is in die ideaal om die inskrywings in die primêre skool te verhoog geslaag, en die beraamde getal van 122,000 is selfs verbygesteek met 3,303 leerlinge terwyl die onderwyserstal ook die verwagte 3,400 met 379 oorskry het. Wat egter op gelet moet word, is dat die beskikbare ruimte vir leerlinge in die primêre skole meer as voldoende was, maar dat leerlinge buite die neergelegde primêre skool ouderdomsgrens ongeveer 20% van die primêre skool leerlingstal uitgemaak het wat vir die owerhede probleme op die vlak van voorsiening van fisiese fasiliteite geskep het.
- Die ideaal van die verhouding tussen leerling tot onderwyser in die primêre skool is ook bereik en het gedaal van 35:1 in 1978 tot 33:1 in 1982 terwyl die beplande verhouding 36:1 was. Die gekwalifiseerde leerling-onderwyser-verhouding het ook verbeter van 'n beplande 45:1 tot 38:1. Samehangend hiermee

het leerlingprestasies gedaal en kan die gevolgtrekking gemaak word dat die kwaliteit onderwys nie verbeter het nie, maar wel aansienlik verswak het weens 'n gebrek aan kontrole deur hoofde omdat hulle nie oor die toepaslike be-
stuursvaardighede beskik het nie.

- In die sekondêre skole het die leerlingtal van 'n beraamde 22,500 in 1982 tot 26,469 vermeerder wat 'n groei van 6,5% per jaar verteenwoordig. Hier moet in gedagte gehou word dat gedurende die tydperk die beperkende toelatings-vereistes opgehef is en dat leerlinge wat die junior sertifikaat in die derde klas geslaag het ook nou toegang verkry het tot die senior sekondêre fase.
- Die getal sekondêre skoolonderwysers het met 8,8% per jaar gegroei wat die beraamde 1,501 teen 1982 met 351 oorskry het. Selfs die gekwalifiseerde onderwysers in die sekondêre skool het 'n toename getoon, want in 1982 was 78% onderwysers gekwalifiseerd. Daar was nog 'n nypende tekort aan behoorlik gekwalifiseerde onderwysers in wiskunde, wetenskap en tegnologie.
- Die leerling-onderwyserverhouding het ook gedaal van 'n beraamde 25:1 na 18:1. Ten spyte van hierdie positiewe tendens het die kwalitatiewe aanbieding van die onderwys 'n daling getoon, aangesien die enigste verbetering in die slaagsyfer te bespeur was in die leerlinge wat in die derde klas in st. 8 geslaag het.
- Die opgradering van onderwysers deur indiensopleiding het vrugte afgewerp, want in die tyd is 803 primêre skoolonderwysers se kwalifikasies verbeter.
- Die skoolkurrikulum is in die tyd gediversifiseer met die instelling van vakke soos huishoudkunde, landbou en elementêre tegnologie in die primêre en sekondêre skool. Tabel 4.5 gee 'n duidelike beeld van die suksesse wat hier behaal is.
- Die S.N.I. se geletterdheidsprogram het in die tydperk weereens suksesvol verloop, as gevolg van die intensivering van die aanbieding van kursusse.
- Die S.N.I se taak is geïntensifiseer en 'n beraamde 22,000 volwassenes het die basiese geletterdheidsprogram deurloop.
- Die inskrywings van studente aan U.C.S. het die verwagte getal oorskry en 'n gemiddelde groei van 8% per jaar is vir die tydperk bereik. (Swaziland Government, 1982:226-231).
- Die ontwikkelingsplan het voorsiening gemaak vir uitbreiding van die spesiale onderwys. In die bereiking van hierdie ideaal is geslaag want daar is twee nuwe skole gestig, nl. te Mhabane en Mzimpofo en uitbreidings is by ander skole aangebring.
- 'n Nuwe mylpaal in tersiêre opvoeding is bereik met die skeiding van U.B.S. Vanaf Julie 1982 het die Universiteit van Swaziland met 'n eie identiteit begin funksioneer. Daar is ook vordering gemaak met die opleiding van die getal studente in die natuurwetenskappe, nl. 'n toename van 23,5% is aangeteken.

- Daar is in die ideaal om die getal leerders van S.C.O.T. te verhoog geslaag met 'n toename van 44,42% in die tydperk onder oorsig (S.C.O.T. annual report 1982 in: Swaziland Government, 1983:226).

TABEL 4.5: GETAL SKOLE WAT PRAKTIESE VAKKE AANBIED, 1978 EN 1982

VAK/SKOOL	1978	1982	SAAMGESTELDE GROEITEMPO 1978 & 1982
LANDBOU			
Primêr	45	75	13,6%
Junior Sekondêr	31	51	13,3%
Senior Sekondêr	2	7	36,8%
HUISHOUDKUNDE			
Primêr	105	166	12,1%
Junior Sekondêr	29	48	13,4%
Senior Sekondêr	10	14	8,8%
TEGNIËSE VAKKE			
Sekondêr #	21	41	18,2%

(Ministry of Education, 1982:251).

Getal skole wat toegerus is om tegniese vakke aan te bied.

In die tydperk onder bespreking, was daar ook terreine waar daar min of geen vordering getoon is nie. Die redes hiervoor kan gewyt word aan ekonomiese faktore, mannekrag-potensiaal in die onderwys wat aanleiding gegee het tot 'n verlagings van die prestasie-moontlikhede van die leerders.

So byvoorbeeld het die uitbreiding van die fisiese fasiliteite by skole (primêr en sekondêr) totaal tekortgeskiet. Die uitvalsyfers t.o.v. druipepinge oor die breë spektrum het met byna 50% gestyg wat tot gevolg gehad het dat die normale tyd om 'n laerskoolkursus te voltooi van 7 jaar vermeerder het in 1981 na 12,6 jaar. Dit het tot gevolg gehad

dat leerders plekke “vol sit” en geensins gevorder het nie en dus ander leerders van die voorregte ontnem het. In die sekondêre skole is die probleem eweneens so groot. Leerders wat te oud is vir die bepaalde standaard veroorsaak dat leerlinge met die korrekte ouderdom uit die skool gehou word. So was van die totale skoolbevolking in die junior sekondêre fase en senior sekondêre fase slegs 24% en 9% respektiewelik binne die korrekte ouderdomsgrens. Wat die ontwikkeling van die kurrikulum vir die primêre sowel as sekondêre fase betref was dit ook teleurstellend. Weens die teleurstellende resultate het die National Curriculum Centre (N.C.C.) tot stand gekom wat as koördinerende liggaam onderwysmedia sou ontwikkel vir die primêre sowel as die sekondêre skoolfase.

Gedurende die onderhawige tydperk was daar geen besinning, koördinering of vergelyking van programme van opleidingsentrums nie, maar daar was wel ’n fenominale toename in die inskrywings by sentrums wat dui op groot dryfkrag en ’n besef van die behoefte aan formele en nieformele naskoolse opleiding.

Die daarstelling van addisionele opleidingsgeriewe in die platteland het nie gematerialiseer soos voorsien is nie. Die opleiding van onderwysers het nie die vordering getoon wat beplan was nie. Daar is net 76% van die begrote fondse vir opleiding van onderwysers vir die tydperk spandeer.

Spesiale onderwys het ook nie in die tydperk tot sy reg gekom nie. Dit blyk dat slegs 54% van die begrote fondse vir spesiale onderwys in die tyd daaraan spandeer is (Swaziland Government, 1983:240-276).

Dit dien vermeld te word dat in die algemeen daar gedurende die derde beplanningsperiode aansienlik vordering gemaak is ter bereiking van die uitbreiding van opvoedingsgeleenthede. Die vraag wat nou egter gevra kan word, is naamlik:

Moet daar voortgegaan word met die gebruik soos vasgelê in die derde ontwikkelingsplan om onderwys te verskaf volgens die gemeenskapsaanvraag of moet toegang en vordering beperk word, afhangende van die vermoë van die leerder, finansiële hulpbronne en beroepsmoontlikhede van die arbeidsmark?

Uit die dilemma wat hieruit mag voortspruit, kan antwoorde en oplossings gevind word om die ideale vir die vierde en volgende ontwikkelingsplanne vir die Koninkryk van Swaziland te formuleer.

4.2.3.4 Die onderwysideale vir die vierde nasionale ontwikkelingsplan, 1983/84 - 1987/88

Uit die stukke ter hand is dit duidelik dat daar in die opstelling van hierdie vyfjaarplan doelmatig gewerk is aan die skepping van planmatige strukture wat aan die onderwystelsel 'n eiesoortige en uitkenbare karakter verleen. Die strukturering van die verskillende komponente van die onderwysstelsel is so gedefinieer dat die ideale gekonkretiseer kon word, ten einde die uitvoerbaarheid daarvan in die praktyk te verwerklik. Laasgenoemde gaan egter steeds gebuk onder die las van faktore wat die uitvoerbaarheid kortwiek, naamlik 'n gebrek aan genoegsame fondse vir die verskillende sektore van die onderwys. Hieruit vloei 'n reeks ander remmende faktore voort, naamlik

- die tempo van bevolkingsaanwas van ongeveer 3,4% is groter as die tempo waarteen fisiese fasiliteite voorsien kan word;
- die uitvalsyfers bly steeds 'n wesenlike probleem en metodes om dit aan te spreek, blyk nog nie in die praktyk suksesvol te wees nie;
- die kwaliteit van die onderwys wat voorsien word is steeds nie na wense nie, wat gewyt kan word aan gebreke by die opleiding van onderwysers;
- die kurrikulum spreek nog nie die probleem van die land, naamlik 'n gebrek aan praktiese vakke genoegsaam aan nie.

Die gestelde ideale vir die periode onder beplanning kan aan dertien verskillende sentrums toegewys word, maar sal vir die doel van die bespreking nie afsonderlik behandel word nie, maar wel gekonsolideer word tot die essensie. Dit moet beklemtoon word dat die ideale vir die dertien sentrums in teorie tot in besonderhede gestel is wat dit beslis teoreties meer uitvoerbaar lyk en dus getuig van deeglike beplanning. Dit dui ook op die erns waarmee onderwys in Swaziland deur die regering en die amptenary wat daarmee gewerk het, bejeën word.

Die volgende ideale is gestel vir die tydperk, 1983/84 tot 1987/88:

- om die kwantitatiewe en kwalitatiewe verbeterings wat in die onderwysstelsel behaal is te konsolideer;
- om voort te gaan met die gedagte van die implementering van algemene primêre onderwys vir die hele land wat uiteindelik sou manifesteer in 'n tienjaarkursus in basiese onderwys;
- om toelating tot die senior sekondêre skoolfase en ander gevorderde kursusse te koppel aan die vermoë van die leerders;

- om alternatiewe leergeleenthede daar te stel deur 'n verskeidenheid van voor-beroepe-, en beroepsgerigte kursusse;
- om die onderwysersopleidingsprogram uit te brei en te verbeter deur die meer effektiewe gebruik en beplanning van bestaande fasiliteite;
- om leesstof te verskaf vir navorsings-, opvoedkundige en ontspanningsdoeleindes;
- om die ministerie van onderwys te herorganiseer en te versterk in die hoofkantoor sowel as op streeksvlak, en
- om die leergange vir onderwysersopleiding so aan te pas dat toepaslike opleiding in onderwysmetodiek ingesluit word (Swaziland Government, 1983:428-448).

In die tydvak onder bespreking is die ideale oor die breë spektrum tot 'n meerdere en 'n mindere mate bereik omdat daar aan alle fasette aandag gegee is.

Die ideaal om die kwalitatiewe en kwantitatiewe verbeterings in die onderwysstelsel te konsolideer het net in 'n geringe mate geslaag omdat die regering steeds geworstel het met die skoolakkommodasieprobleem wat die uitermate hoë bevolkingsgroei teweeg bring. Weens laasgenoemde oorsaak kon die ideaal van 'n tienjaarkursus in basiese onderwys ook nie bereik word nie. Leerders word toegelaat tot die senior sekondêre skoolfase op grond van hulle vermoë. Die ideaal van alternatiewe leergeleenthede is aangespreek en meer geleenthede is vir die voor-, beroeps-, en beroepsgerigte leerders is beskikbaar gestel. Die ideaal om die onderwysersopleidingsprogram uit te brei en te verbeter kon net gedeeltelik bereik word weens 'n tekort aan fondse. Die uitbreidings aan die biblioteekgeriewe van die universiteit het in die tyd volgens plan verloop. Die ideaal om die ministerie van onderwys te herorganiseer het net gedeeltelik op streeksvlak plaasgevind, terwyl die hoofkantoor steeds gebuk gegaan het onder 'n lomp stelsel wat veroorsaak is deur die vinnige groei van die onderwysbehoefte. Die ideaal om die leergange vir onderwysersopleiding so aan te pas dat toepaslike opleiding in onderwysmetodiek ingesluit word het nie gerealiseer nie (Swaziland Government, 1993:53-57).

4.2.3.5 Die onderwysideale van die vyfde nasionale ontwikkelingsplan, 1989-1994

Die regering van Swaziland stel die ideaal om in die hierdie vyf jaar onderwys aan alle Swaziburgers te verskaf wat van toepassing is op hulle behoeftes en vermoëns en wat die land se ontwikkelingsbehoefte bevredig. Om hierdie breë ideaal te bereik, is spesifieke ideale vir die onderwys in sy geheel gestel. Ten einde egter 'n meer vaartbelynde struktuur te verkry, is die onderwys opgedeel in die volgende subsektore wat elk afsonderlik behandel sal word:

- Primêre en sekondêre onderwys.
- Tersiere onderwys (Post-Secondary Education).
- Onderwysersopleiding.
- Spesiale onderwys.
- Volwasse en nie formele onderwys.
- Preprimêre onderwys.

'n Beleidsverandering het ingetree nl. dat basiese onderwys na 9 jaar verminder gaan word. Dit impliseer dat daar sekere primêre wysigings sal kom in die ideaalstellings vir die tydperk. Dit is ook duidelik uit die inligting dat die plan wesenlik verskil van die vorige, naamlik dat dit meer volledig, berekend en gesistematiseer is.

Primêre en sekondêre onderwys

Die volgende doelwitte is gestel:

- om primêre en sekondêre opleiding te verskaf aan alle leerders tussen die ouderdomme 6-12 en 12-18 jaar;
- om alle leerlinge in 9 skooljare toe te rus met voldoende vaardighede om hulle in staat te stel om hierna hulle opleiding voort te sit;
- om publieke eindeksamens aan die einde van die sewende en negende skooljare geleidelik uit te faseer;
- om 'n stelsel van kontinue evaluering en diagnostiese meting in te faseer;
- om 'n breër kurrikulum aan te bied vir die nuwe basiese onderwysprogram wat nege jaar sal duur;
- om leerlinge bloot te stel aan praktiese vakke veral in die sekondêre skool soos landbou-, huisvlyt-, tegniese en handelsrigtings;
- om voorberoepsonderwys in geselekteerde sekondêre skole beskikbaar te stel vir die uitvalleerlinge (drop out);
- om meer fisiese fasiliteite beskikbaar te stel vir die steeds groeiende leerlingbevolking;
- om verligting te bring aan die tekort aan onderwyswonings;

Tersiere onderwys (Post Secondary Education)

- Universiteit van Swaziland
Uniswa het die volgende ideale vir die bepaalde fase gestel:

- om die bestaande kursusse aan Uniswa te verdiep;
 - om spesialisering deur graduandi in 'n besondere rigting te bevorder deur die aanbieding van een spesialiseringvak in die finale jaar;
 - om 'n Departement van Landbou-ekonomie en Bestuur tot stand te bring;
 - om navorsing in alle fakulteite op te gradeer;
 - om 'n begin te maak met die aanbieding van nagraadse studierigtings in sommige fakulteite waarin die behoefte van die land in ag geneem sal word;
 - om die behoefte aan fisiese fasiliteite aan Uniswa se Kwalusenikampus te bevredig;
 - om die bestaande biblioteekgeriewe uit te brei.
- Gwanile Vocational and Commercial Training Institute
Die ideale vir volwasse onderwys in die tydperk was die volgende:
 - om die onderwysvoorsiening vir volwassenes te herorienteer
 - om aan te pas by die ontwikkelingsbehoefes van die land;
 - om entrepreneurskap in kabinetkonstruksie te bevorder.
 - Swaziland College of Technology (S.C.O.T.)
S.C.O.T. beoog in die tydperk:
 - om die opleidings- en behuisingsfasiliteite vir studente uit te brei.

□ **Onderwysersopleiding**

Gedurende die tydperk word gepoog om:

- die getal ongekwalfiseerde onderwysers te verminder;
- om opleiding aan onderwysers en hoofde te verskaf oor die implementering van die nuwe kurrikulum;
- om meer aandag te skenk aan die skole se landbouprogramme in die opleiding van studente.

□ **Spesiale onderwys**

Die ideaal hier is om die skole se fisiese toestand te verbeter.

□ **Volwasse en nieformele onderwys**

Die volgende ideale is vir die bepaalde fase gestel naamlik:

- om deur volgehoue ondersteuning deur die staat ongeletterdheid teen te werk deur middel van die die instellings wat daarmee verband hou (Swaziland Government, 1990:75-81).

□ **Preprimêre onderwys**

Om preprimêre onderwys se belang by die bevolking te aksentueer, word gepoog

- om gemeenskappe en privaatinstellings aan te moedig om deel te hê aan pre-primêre programme;
- om ouers se belangstelling te verkry om betrokke te raak by die opvoeding van hulle kinders (Swaziland Government, 1990:75-81).

4.2.4 Samevatting

Die ideale wat die regering van Swaziland na onafhanklikheid vir die onderwys gehad het in die vorm van sy vyfjaarplanne is net gedeeltelik bereik. Dit was weliswaar nie maklik bereikbare ideale wat die Swazilandse regering homself opgelê het nie, byvoorbeeld die uitbreiding en verbetering van primêre en sekondêre onderwys; die uitbreiding van die kurrikulum om prakties gerigte studierigtings te akkommodeer; die uitbreiding van die geletterdheidsprogram (vgl. paragraaf 4.2.3.1); die bevordering van beroepsgerigte onderwys (vgl. paragraaf 4.2.3.3); die indiensopleiding van onderwysers; die herorganisering van die ministerie van onderwys (vgl. paragraaf 4.2.3.4) en die vermindering van skoolplig tot nege jaar (vgl. paragraaf 4.2.3.5). Die verwesenliking is gekortwiek deur byvoorbeeld die hoë uitvalsyfers; swak onderwyserskwalifikasies (vgl. paragraaf 4.2.3.1); 'n tekort aan fisiese fasiliteite weens die hoë bevolkingsaanwas (vgl. paragraaf 4.2.3.3); en die gebrek aan toepaslike opleiding vir onderwysers (vgl. paragraaf 4.2.3.4). Nietemin is daar besliste ontwikkeling te bespeur ter bereiking van hierdie ideale soos vergestalt in die verskillende planperiodes, byvoorbeeld die toename in die getal primêre en sekondêre skoolleerlinge (vgl. paragraaf 4.2.3.1); die inisiëring van die primêre kurrikulumontwikkelingsprojek (vgl. paragraaf 4.2.3.2); die verbetering van die onderwyser-leerlingverhouding; die opgradering van onderwysers deur indiensopleiding (vgl. paragraaf 4.2.3.3) en die bevordering van beroepsgerigte onderwys (vgl. paragraaf 4.2.3.4).

4.3 DIE ONDERWYSBELEID

4.3.1 Inleiding

Soos reeds in 4.1 vermeld, is die onderwysbeleid van Swaziland gestruktureer in periodes van vyf jaar wat saamval met die nasionale ontwikkelingsplan van die regering. Daar is egter uitsonderinge op die reël wat algaande vermeld sal word.

4.3.2 Die onderwysbeleid van die eerste nasionale ontwikkelingsplan, 1968-1973

In die eerste ontwikkelingsplan vir die onderwys moes die regering in sy nuwe beleid die ernstige probleme wat in die onderwys bestaan het onmiddellik aanspreek. Hierdie probleme het gewissel van oneweredig verspreide skole, hoë uitval-, herhaling- en druipeysers tot 'n ernstige tekort aan opgeleide onderwysers en 'n hoogs akademies gerigte kurrikula in sowel die primêre as die sekondêre fases van die onderwys. In die lig van gemelde probleme, is drie belangrike beleidsrigtings daargestel (Magagula, 1990:5-6), naamlik:

- kostelose primêre onderwys vir almal;
- sekondêre onderwys sal beskikbaar wees vir almal wat graag daarvan gebruik wil maak en oor die vermoë beskik om dit te benut;
- die uitset van graduandi, tegnisi en ander professioneel opgeleide persone moet voldoende wees om in die behoeftes van die openbare- en privaatsektore te voorsien.

4.3.3 Die Imbokodvo National Movement

In die manifes van hierdie beweging wat in 1972 bekend gestel is, is daar gestalte en rigting gegee aan die beleid wat deur alle sektore van die Swazilandse regering gevolg sou word. Hierdie dokument word dan ook allerweë beskou as een van die belangrikste algemene beleidsdokumente, ook wat die onderwys betref, wat nog in Swaziland aan die lig gesien het (Magagula, 1990:3).

In die manifes word daar dan ook besondere klem gelê op die onderwys. In die inleiding tot die bekendstelling van die manifes word beklemtoon dat: "The movement lays stress on the content of education. The Ministry of Education is scrutinizing the syllabi to determine whether the education being imparted at all levels is the type of education which is in the best interest of all Swazi's as a nation" (Dlamini, 1972:23).

Volgens die beleid van hierdie beweging gaan die onderwysbeleid van die toekoms gebou word. Die verskillende kere wat die onderwysbeleid na 1972 aangepas is, bly die onderbou van die Imbakodovobeweging steeds te bespeur (Harley, 1977:82). Die onderwysdoelstellings en -ideale vervat in die Imbokodvo-manifes kan in kort soos volg saamgevat word (Dlamini, 1972:26-28):

- Die regering van Swaziland glo dat onderwys 'n onvervreembare reg van elke kind en elke burger is om sodoende tot die maksimum van hulle potensiaal te ontwikkel;
- die doel van die onderwys is om 'n verligte en deelnemende burgerskap daar te stel;
- die inhoud van die onderwys moet beroepsgeoriënteerd wees van die primêre vlak tot op die hoogste opvoedingsvlak. Op die terrein van die volwasse onderwys moet dit veral beklemtoon word.
- algemene gratis (kostelose) primêre onderwys vir elke Swazikind is die einddoel van die Imbokodvo;
- verdienste en aanleg moet die enigste kriteria wees wat toelating bied tot sekondêre en ander vorme van hoër onderwys;
- die nasionale veldtog vir volwasse onderwys sal aktief ondersteun word;
- spesiale beurse sal deur die staat beskikbaar gestel word vir verdere studie;
- daar sal volgehou word om in 'n groter mate verbeterde fasiliteite vir sekondêre onderwys te voorsien;
- onderwysinrigtings wat spesialiseer in landbou onderwys, tegniese opleiding vir ambagslui, opleiding in administrasie, gemeenskapsontwikkeling, handel en spesiale skole vir gestremde leerlinge moet tot stand gebring word;
- Imbokodvo gee die versekering dat alle diskriminasie teen die status van onderwysers en leerlinge verwyder sal word;
- die regering moet finale beheer uitoefen oor alle onderwys, hetsy dit staatskole, staatsondersteunde skole of privaatskole is;
- in die beleid van Imbokodvo is as ideaal gestel dat alle onderwys ontwerp sal word om 'n liefde te kweek vir die land, lojaliteit teenoor die koning en die land, selfrespek, selfdisipline, respek vir die regstelsel, die hoogste mate van skolastiese kennis en 'n goeie karakter;
- die onderwysers is die draers van die regering se onderwysbeleid.

Om hierdie beleid te laat slaag, sal die regering deeglik na die onderwysers moet omsien, byvoorbeeld deur die verskaffing van 'n kostelose mediese skema en 'n pensioenskema. Na ander belange van die onderwysers moes omgesien word deur die Teaching Service Commission en soos dit vervat is in die Towbridge Report.

4.3.4 Die Nasionale Onderwyskommissie, 1972

In November 1972 het die Swazilandse regering 'n belangrike beleidsbesluit geneem, naamlik om die onderwys in Swaziland te herkonstrueer. Vir die doel is die Eerste Nasionale Onderwyskommissie op die been gebring om volgens die beginsels van demokrasie die organisasie van die onderwys te ondersoek en om sinvolle aanbevelings te maak rakende veranderinge en ontwikkeling in die onderwysstelsel (Magagula, 1990:15). Die kommissie se voorstelle is onder andere die volgende:

- Die kommissie was dit eens met die regeringsbeleid dat primêre onderwys teen 1985 beskikbaar moet wees vir elke kind. Samehangend hiermee beveel hulle aan dat algemene gratis primêre onderwys so gou moontlik bereik moet word en wel so vroeg as 1980.
- Alle junior primêre skole moes so gou moontlik opgegradeer word na primêre skoolstatus.
- Dat tien jaar basiese onderwys ingestel moet word tot op junior sekondêre vlak met 'n twee jaar senior sekondêre vlak wat daarop volg.
- Opvoedingsprogramme moet daargestel word vir die vroeë skoolverlaters en volwassenes ten einde basiese geletterdheid aan 'n spesifieke groep mense te kan verskaf.
- Nuwe junior sekondêre skole gestig moet word.
- Meer sekondêre skole moet opgegradeer word tot op senior sekondêre vlak.
- Kosskole moet die minimum beperk word.
- Meer wetenskap- en wiskundeonderwysers moet opgelei word deur middel van spesiale opleidingsprogramme.
- Die kurrikula moet so gewysig word dat vakke soos houtwerk, huishoudkunde en landbou ingesluit kan word. In die lig van die beleid moet onderwysers opgelei word om die betrokke vakke aan te bied.
- Daar is aanbeveel dat die primêre skoolfase net ses jaar moet wees, die junior sekondêre fase drie jaar en die senior sekondêre fase twee jaar. Hierdie aanbeveling is nie deur die regering aanvaar nie omdat dit nie strook met die heersende onderwyspraktyk wat in die substreek van Suidelike Afrika waarin Swaziland geleë is gebruik word nie.
- Aandag moet aan praktiese georiënteerde vakke strook met die doelstellings van sekondêre onderwys gegee word.
- Die kommissie beveel aan dat die Education Consolidation Order van 1975 ingestel word met die doel om ses statutêre liggame tot stand te bring, naamlik:
 - Die Nasionale Onderwysraad.

- Vier Distrikonderwysadviesrade.
- Volwasse onderwysraad wat ten doel het die advisering van die Minister van Onderwys oor sake rakende die breë onderwys in die land.

Gebaseer op hierdie aanbevelings van die kommissie is die Education Rules, 1977 in die staatskoerant afgekondig en het dit dieselfde jaar in werking getree (Ministry of Education, 1976:11-75).

4.3.5 Die tweede nasionale ontwikkelingsplan vir die onderwys, 1973-1977

Met die tweede nasionale ontwikkelingsplan vir die onderwys is die hoofklem in die beleid verplaas na die uitbreiding van onderwysfasiliteite en die kwantitatiewe verbetering van die onderwys oor die hele spektrum (Magagula, 1990:14).

Ten einde die gestelde beleid werkbaar te maak, is die volgende regulasies ook afgekondig:

- Prioriteit sal verleen word aan sewejariges vir toelating tot die primêre skool. Geen leerlinge van ander ouderdomsgroepe sal aanvaar word nie.
- Geen herhaling sal toegelaat word in enige deel van die primêre skoolfase vanaf 1973 nie en drupelinge sal heeltemal uitgeskakel word uit die skoolstelsel. Slegs uitsonderlike gevalle sal op meriete behandel word. Die rede vir hierdie drastiese beleidsverandering word gevind in die uitsonderlik hoë drup- en uitvalsyfers wat baie goed in tabel 4.6 geïllustreer word (Swaziland Government, 1973:155).

Die beleid ten opsigte van primêre onderwys vir die onderhawige tydperk kan saamgevat word in die volgende aspekte (Swaziland Government, 1973:159):

- dat die getal leerlinge wat moet baat vind by die primêre opvoeding drasties verhoog moet word;
- gemeenskapsbydraes aangemoedig sal word om die primêre skoolstelsel te verbeter, en
- die kurrikulum indringend hervorm sal word.

Wat die sekondêre onderwys betref, lê die beleid klem op die verbetering van die inhoud en kwaliteit van die onderwys en die deversifikasie van die kurrikulum om in die behoeftes van individue en die land te voorsien. Prakties georiënteerde vakke moes daarom prioriteit geniet (Swaziland Government, 1973:163).

TABEL 4.6: TEMPO VAN VOORTSETTING, HERHALING EN UITVAL
IN DIE PRIMÊRE SKOOL 1971 TOT 1972

KLAS	INSKRY- WING 1971	% VOORT- SETTING VAN VOL- GENDE KLAS 1972 1	% HERHA- LING VAN KLAS 1972 1	% UITVAL UIT STEL- SEL 1	TOTALE TEMPO VAN VOORT- SETTING 2
Gr. 1	14524	78,9	16,0	5,1	100,0
Gr. 2	12149	88,7	11,4	0,13	78,9
St. 1	12041	78,1	13,4	8,5	70,0
St. 2	10347	76,8	16,8	7,0	54,7
St. 3	8796	73,6	17,7	8,7	41,6
St. 4	6913	72,4	18,3	9,3	30,7
St 5	6685	54,5	28,5	17,0 ₃	22,2

Numering

- 1 Hierdie persentasie is beïnvloed deur leerlinge wat weer begin het met die klas na 'n afwesigheid van een of meer jare.
- 2 Hierdie kolom dui die gegewe inskrywing in gr. 1 aan wat sal deurhou in elke opvolgende jaar gemeet aan die standarde van 1971 en 1972.
- 3 Die negatiewe uitvaltempo kan te wyte wees aan die abnormale hoë getal leerlinge wat weer die klas begin het.

(Swaziland Government, 1973:154).

Wat die opleiding van onderwysers betref, word die beleid bevestig om die kwalifikasies van alle onderwysers so gou doentlik op te gradeer deur indiensopleiding (Swaziland Government, 1973:165-168). Die regering onderneem om die kampusse van die Universiteit van Botswana, Lesotho en Swaziland by Kwaluseni en Luyengo op te gradeer, sodat beter in die behoeftes van studente voorsien kan word. Die belangrikste is egter om in die mannekragbehoefte van die land te kan voorsien (Swaziland Government, 1973:184-185).

4.3.6 Die derde nasionale ontwikkelingsplan vir die onderwys, 1978-1983

Met die opstelling van die derde nasionale ontwikkelingsplan het die Swazilandse regering sy vorige beleidstellinge oor die onderwys herhaal wat die volgende aspekte herbeklemtoon het, naamlik (Magagula, 1990:34):

- dat volgehou word met die uitbreiding van die onderwys op primêre vlak ten einde algehele primêre onderwys vir alle leerling teen 1985 te kan bereik met tien jaar basiese onderwys wat hierop volg;
- dat die regering op toelatings sekondêre vlak sal beperk afhangend van die mannekragbehoefes van die land;
- dat die regering sy filosofie herbevestig dat elke kind die reg tot toegang tot onderwys het in ooreenstemming die individuele behoefte van elke leerling.

4.3.7 Die vierde nasionale ontwikkelingsplan vir die onderwys, 1984-1988

Gedurende hierdie periode het die beleid van die regering vir die onderwys geen verandering ondergaan nie. Dit word beklemtoon dat die onderwysstelsel beheer en bestuur moet word volgens die beleid wat in die onderwyswet van 1981 vervat is. Die onderneming word gegee dat daar voortgegaan sal word om 'n kurrikulum te ontwikkel wat in die behoeftes van alle leerders sal voorsien, ten einde die maksimum van die individuele potensiaal te bereik.

4.3.8 Die Nasionale Onderwysersiensingskommissie 1985

Op 20 Maart 1984 het die regering van Swaziland bekend gemaak dat 'n Nasionale Onderwysersiensingskommissie op die been gebring gaan word. Die wenslikheid om die hele onderwysstelsel te hersien en die onderwysbeleid te herdefinieer is bepleit deur die Minister van Onderwys, mnr. D.H.S. Nhlabatsi. In sy betoog het hy aangevoer dat die klem in die onderwysbeleid sedert onafhanklikheid geval het op die demokratisering van die onderwys by wyse van die beskikbaarstelling van onderwys aan die ganze bevolking van die land. Hierdie oogmerk is grootliks bereik omdat ongeveer 90% van alle kinders in die ouderdomsgroep 6 tot 13 jaar reeds toegang tot die onderwys het.

Die kwantitatiewe aspekte van die onderwys wat bereik is, moes hierna gekonsolideer word. Daar moes ernstig aandag geskenk word aan die kwalitatiewe aspekte van die onderwys ten einde gelyke geleenthede aan alle leerders in die Koninkryk van Swaziland te bied (Government of Swaziland, 1985:1-3).

Die kommissie het opdrag gekry om sy taak binne ses maande te voltooi. Die werkprogram het bestaan uit inligting wat van die breë bevolking deur vraelyste ingewin is, streeksvergaderings en geskrewe en mondelinge aanbevelings omdat die regering graag wou sien dat die hele bevolking deel het in formulering van die onderwysbeleid (Government of Swaziland, 1985:6-7).

Die kommissie het sy verslag voltooi op 27 Februarie 1985 en aanbeveel dat die onderwysbeleid die volgende hoofstroomkomponente aanspreek ten einde aan die gestelde behoefte te voldoen (Ministry of Education, 1993:3).

- Preprimêre onderwys behoort kosteloos aan alle kinders so naby as moontlik aan die ouerhuis in die ouderdomsgroep 4-6 jaar gebied te word.
- Persone moet beter opgelei word en ouers moet aangemoedig word om deel te hê in die vestiging en die bedryf van preprimêre skole (Government of Swaziland, 1985:67).
- Primêre onderwys moet sewe jaar duur. Kostelose onderrig vir die eerste vier skooljare moet 'n werklikheid word en skole moet meer eweredig oor die land versprei word.
- Die kurrikula van die primêre en sekondêre skool moet gekoördineer word en praktiese vakke moet ingestel word.
- Kontinue evaluering moet ingestel word. Herhaling moet slegs twee keer gedurende die primêre fase toegelaat word.
- Remediêrende onderwys en 'n sielkundige hulpdiens moet ingestel word. Die administratiewe en inspeksiediens moet op streeksvlak versterk en uitgebrei word (Government of Swaziland, 1985:71).
- Wat sekondêre onderwys betref, word aanbeveel dat die junior sertifikaat eksamen afgeskaf moet word en dat 'n publieke eksamen aan die einde van die vierde jaar in die sekondêre skool afgelê moet word wat uitloop op 'n skoolverlaterssertifikaat. 'n *Gediversifiseerde kurrikulum moet aangebied word met kontinue evaluering as basis.*
- Beroepsvoorligting en 'n sielkundige hulpdiens moet ingestel word.
- Skoolgeboue moet opgeknip word en voorsiening moet gemaak word vir toerusting, laboratoriums, biblioteke en werkswinkels.
- Die skole se administrasie moet aangespreek word deur die hoofde van skole behoorlik op te lei en die dienste van inspekteurs uit bou (Government of Swaziland, 1985:77).
- Daar word aanbeveel dat die onderwysbeleid voorsiening moet maak dat onderwysers so opgelei word dat hulle die leerinhoud van die kurrikulum en vak-

didaktiek wat by die onderrig ter sprake is, sal ken (Government of Swaziland, 1985:87).

- Die kommissie het ook aanbeveel dat die toelatingsvereistes vir die universiteit verhoog word na 'n A-stroom eksamen en dat 'n basiese graadkursus verkort word na drie jaar. Die universiteit se akademiese jaar moet ook aanpas by die skooljaar, en dat die diensvoorwaardes van personeel hersien word ten einde te verseker dat die beste intellektuele persone in diens van die universiteit staan (Government of Swaziland, 1985:92).
- Die kommissie beveel verder aan dat 'n direktoraat vir nieformele en volwasse onderwys geskep word sodat meer effektief in die veld vir die behoeftes van leerders voorsien kan word (Government of Swaziland, 1985:97).
- Daar word aanbeveel dat spesiale onderwys 'n integrale deel vorm van die onderwysstelsel moet wees wat 'n vrye beweging van leerlinge tussen die gewone en spesiale skool bewerkstellig. Meer fondse moet beskikbaar gestel word vir die uitbreiding van spesiale onderwys. 'n Indiensopleidingsprogram vir onderwysers in spesiale onderwys moet ingestel word. Gestremde leerlinge moet so gou moontlik na die aanvang van die skoolloopbaan geïdentifiseer word (Government of Swaziland, 1985:102).
- Die kommissie beveel aan dat die administrasie en bestuur van die onderwysstelsel gedentraliseer word na die streekvlakke, ten einde die onderwysbeleid meer doeltreffend te kan deurvoer. Senior personeel in die Ministerie van Onderwys moet opgelei word in bestuursvaardighede. Die reg tot dissiplinêre stappe moet op streek- en skoolvlak uitgebrei word, ten einde die kwaliteit van die onderwyser te verbeter en bevordering moet op 'n stelsel van meriete geskied. 'n Onderwysersraad moet in die lewe geroep word om einde die regte van onderwysers te beskerm (Government of Swaziland, 1985:105). Die diensvoorwaardes vir onderwysers moet ook uitgebrei word sodat dit ooreenstem met hul eweknie in die res van die staatsdiens. Die voorsiening van behuising en ongeriefstoelaes moet meer aandag ontvang. Die stelsel van evaluering en die kriteria vir bevordering van onderwysers moet duidelik gestipuleer word. Indiensopleiding moet uitgebrei word en die reg om aan 'n professionele vereniging te behoort moet erken word (Government of Swaziland, 1985:130-135).
- Die kommissie beveel voorts aan dat die ontwikkeling van die kurrikulum om verskillende vlakke van die onderwys gekoördineer word deur die National Curriculum Centre. Dit is van belang dat die Swazikultuur en tradisionele waardes en geskiedenis geïnkorporeer word in die nasionale kurrikulum (Government of Swaziland, 1985:124-126).

- Die kommissie beveel aan dat 'n ondersoek op gereelde basis gedoen sal word na die mannekragbehoefte van die land ten einde die onderwys in staat te stel om in die gestelde behoefte te kan voorsien deur die korrekte kursusse aan te bied na gelang van die behoefte (Government of Swaziland, 1985:137-139).
- 'n Disiplinêre kode vir onderwysers sowel as kinders moet opgestel word. Onderwysers moet deur die regering beskerm word teen beskuldigings van ouers en ander persone. Ouers moet ook ingelig word oor die vordering van hulle kinders en ook aangemoedig word om meer belang te stel in die vordering van hulle kinders (Government of Swaziland, 1985:139-141).

4.3.9 Die vyfde nasionale ontwikkelingsplan vir die onderwys, 1989-1994

In die lig van die snelle ontwikkeling op feitlik alle terreine van die samelewing en die daarmee gepaardgaande veranderende behoeftes, het die regering daarvan afgesien om 'n vyfjaarplan daar te stel. Vir die doel van die kontinue verloop van die geheelbeeld sal die regering sy onderwysbeleidsrigting in die siklus van vyf jaar behandel word. Daar word egter sedert 1989 elke jaar 'n nuwe plan opgestel, maar uit objektiewe ontledings blyk dit dat hierdie beleidstellinge feitlik woordeliks jaarliks in elke dokument herhaal word. Dit dui daarop dat die groei nie so snel is as wat aanvanklik verwag is nie. In hierdie planperiode (1989-1994) val die hoofklem van die beleid nog op die verskaffing van nege jaar basiese onderwys aan alle leerlinge (Swaziland Government, 1990:75).

Die afskaffing van eksterne eksamens aan die einde van die 7de en 9de skooljare word in die vooruitsig gestel. Dit word vervang met 'n proses van kontinue evaluering en diagnostiese meting. Vir die doel moet die afdeling vir toetsing, leiding en sielkundige dienste van die onderwysdepartement uitgebrei word.

Die kurrikulum moet ook uitgebrei word ten einde gestalte te gee aan die gedagte om meer praktiese vakke soos landbou, huishoudkunde, 'n tegniese studierigting en 'n handelsstudierigting te kan akkommodeer.

Daar is beplan om voorberoepsopleiding aan vier hoërskole aan die begin van 1991 in te stel ten einde te voorsien in die behoefte van leerlinge wat nie na wense in die gewone akademiese studierigting vorder nie. Sodoende kan leerlinge in staat gestel word om hulle eie bedrywe\beroepe te beoefen na skoolverlating. Die regering het ook beplan om ernstig aandag te skenk aan die bou van nog klaskamers en die daarmee gepaardgaande toerusting van die klaskamers.

Die regering het hom verder verbind om meer huise vir onderwysers te bou (Swaziland Government, 1990:76).

Die regering onderneem om die fasiliteite van die Universiteit van Swaziland uit te brei in soverre dit kantoor-, lesing-, koshuisakkommodasie betref. Daar is ook aandag geskenk aan die opgradering van salarisse van doserende personeel (Swaziland Government, 1990:77).

Weens die hoë mate van werkloosheid onder skoolverlaters is tegniese en beroepsgerigte opleiding verder uitgebou. Wat die opleiding van onderwysers betref, is die kurrikula van die onderwyskolleges so aangepas dat dit ooreenstem met die veranderde skoolkurrikulum. Die beleid om nie toepaslik gekwalifiseerde onderwysers verder op te lei vir primêre en sekondêre onderwys sal steeds aandag geniet (Swaziland Government, 1990:78).

Spesiale onderwys sal verbeter word deur die voorsiening van toerusting en ameublement.

Die regering beoog om in die beplande periode gemeenskappe en privaatorganisasies aan te moedig om deel te hê in die verskaffing van preprimêre onderwys (Swaziland Government 1990:79).

Volwasse opvoeding is voortgesit en logistieke steun is aan die inrigtings verskaf. Die verskaffing van indiensopleiding aan staatsdiensamptenare het in die tydperk aandag geniet in soverre dit verfyning van die beleid betref om die mannekrag ook hier te ontwikkel (Swaziland Government 1990:80-82).

Gedurende 1991 is die beleid aangepas om voorsiening te maak vir die daarstelling van 'n volledige inventaris oor die toestand van onderwysgeboue en die beskikbaarheid van onderwysfasiliteite in die geboue. Die doel hiermee was om beter beplanning te kan doen vir die verskaffing van onderwysfasiliteite (Swaziland Government, 1991:92).

Die beleid is aanvaar dat indiensopleiding ook aan hoofde van skole verskaf word, ten einde die effektiwiteit van die leerproses asook van die administratiewe prosesse in skole te kan verbeter (Swaziland Government 1991:98).

Gedurende 1992 tot 1994 het die beleid dieselfde gebly, maar daar word reeds daaraan gedink dat die beleid weer in 1995 aangepas sal moet word in die lig van veranderende behoeftes en omstandighede.

Die terreine waarop 'n beleidsaanpassing gemaak sal moet word, is die volgende (Swaziland Government, 1992:123):

- die ideale van die regering in die voorsiening van basiese onderwys;
- die kwantitatiewe en kwalitatiewe uitbreiding van die onderwys in die lig van die koste-implikasies;
- desentralisasie en groter deelname van die gemeenskap in die bestuur van basiese onderwys;
- die verstewiging van die onderwysstelsel se beplanning en bestuursvermoë.

In 1993 is die beleidsbeginsel aanvaar om die sewejaarstelsel van primêre onderwys te konsolideer en geleidelik te vervang met die negejaarstelsel (Swaziland Government, 1993:112).

Die stelsel van kontinue evaluering neem in 1993 in aanvang met grade I en II, waarna elke opeenvolgende jaar twee standerds bygevoeg sal word. Aanvanklik is net engels en wiskunde geraak deur hierdie nuwe stelsel (Swaziland Government, 1993:114).

Gedurende 1993 is daar begin om kursusse te identifiseer waarin studente kan vorder tot die vlak van 'n meestersgraad aan die Universiteit van Swaziland (Swaziland Government, 1993:117).

Spesiale onderwys kry in die tydperk meer aandag deurdat 'n kursus in spesiale onderwys by al die onderwyskolleges ingestel word. Daar word ook 'n spesiale onderwysprogram in die gewone skoolstelsel ingefaseer. 'n Adviesraad om die Minister van Onderwys te adviseer oor kinders met leerprobleme word in die lewe geroep (Swaziland Government, 1993:119).

Afstandsonderrig word uitgebrei om 'n groter diens te lewer aan werkende jongmense en dienende onderwysers (Swaziland Government, 1993:120).

4.3.10 Samevatting

Die onderwysbeleid van Swaziland is oor die afgelope 26 jaar gekenmerk en in 'n groot mate oorheers deur die beleidstelling wat daar kort na onafhanklikwording in 1972 deur die Imbokodvo-beweging gemaak is oor die onderwys (vgl. paragraaf 4.3.3). Die kernpunte van hierdie beleid is dat die regering van Swaziland glo dat die onderwys 'n onvervreembare reg van elke kind en elke burger is; dat kostelose primêre onderwys

verskaf moet word; dat verbeterde fasiliteite vir sekondêre onderwys verskaf moet word en dat beroepsgerigte en volwasse onderwys beklemtoon moet word. Hierdie beleid van die Imbokodvo-beweging is as grondslag behou deur die jare en daar is telkens net aanpassings gemaak ten einde tred te hou met die ontwikkelings wat daar in die land plaasgevind het.

Die regering het in die tyd daarin geslaag om onderwys te verskaf aan die grootste gedeelte van die bevolking wat daarvan gebruik wou maak. Teen 1994 is baie meer aandag gegee aan beroepsgerigte onderwys en is die kurrikulum sodanig aangepas dat dit die beleid van die regering ten opsigte van beroepsgerigte onderwys weerspieël het (vgl. paragraaf 4.3.9). Samehangend hiermee is gepoog om die geletterheidsvlak van die volwasse deel van die bevolking te verhoog. Die poging is in die wiele gery deur die hoë uitvalsyfers onder die volwasse leerders en die beperkte fasiliteite wat vir die doel beskikbaar is. Die regering kon nog nie die beleid deurvoer om kostelose primêre onderwys aan almal te voorsien nie (vgl. paragraaf 4.3.2). Die ekonomie, veral sedert die begin van die negentigerjare, het belemmerend hierop ingewerk. Toe die land onafhanklik geword het, was toegang tot sekondêre onderwys beperk deur veral die ondervoorsiening van fisiese fasiliteite. Die voorsiening ten opsigte van hierdie faset van die beleid het besondere groei getoon en dit is weliswaar moontlik vir almal wat oor die vermoë beskik om van sekondêre onderwys gebruik te maak (vgl. paragraaf 4.3.9). 'n Ernstige probleem wat hieruit voortvloei, is die oorvoorsiening van skolasies gekwalifiseerde persone aan 'n lae volume arbeidsmark. Hierdie tendens is ook vergelykbaar met die huidige situasie in die RSA. Die beleid waartoe die regering van Swaziland hom verbind het om onderwys aan alle Swazi-burgers beskikbaar te stel om hulle vermoëns en behoeftes te bevredig en ongeletterdheid in die land uit te wis, is grootliks aan beantwoord.

Om die beleid vir die onderwys wat deur die regering daargestel is te kan uitvoer, is sinvolle organisasiestrukture nodig wat so bedryf moet word dat daar aan die onderwys-behoeftes van 'n bepaalde groep mense voldoen kan word.

4.4 ORGANISASIESTRUKTURE IN DIE SWAZILANDSE ONDERWYSSTELSEL

4.4.1 Inleiding

Dit is belangrik om te meld dat die organisasiestrukture in 'n onderwysstelsel en ook vir die onderwysstelsel van Swaziland van kardinale belang is, omdat dit enersyds die

beleid en ideale vir die onderwysstelsel daarstel en andersyds sorg dat die gestelde beleid en ideale in die praktyk realiseer. Die organisasiestrukture word in die literatuur beheerstrukture genoem en dan sluit dit strukture soos ministeries van onderwys, departemente van onderwys en streekowerhede in (Steyn, 1991:26-27). (Vergelyk ook paragraaf 2.3.3., ook Van der Westhuizen, 1986:330-331 en Van Schalkwyk, 1986:86). Vir die doel van hierdie bespreking sal daar gehou word by hierdie indeling.

Ten einde 'n volledige beeld te skep van die ontwikkeling wat plaasgevind het in die organisasiestrukture van Swaziland na onafhanklikheid word die tydperk onder bespreking in drie katagorieë verdeel, naamlik:

- die organisasiestruktuur met onafhanklikheid in 1968;
- die organisasiestruktuur soos dit daar uitgesien het in 1980, en
- die organisasiestruktuur in 1990.

In laasgenoemde twee tydvakke sal ook 'n aanduiding gegee word van die probleme wat daar in die organisasiestruktuur bestaan wat hervorming daarvan noodsaak.

4.4.2 Organisasiestrukture met onafhanklikheid in 1968

In 1968 met onafhanklikwording het die organisasiestruktuur van die onderwys in Swaziland gelyk soos dit in figuur 4.1 aangedui word.

4.4.2.1 Minister van onderwys

Hy is die hoof van die beleidbepalende en uitvoerende gesag en is verantwoordelik aan die kabinet. Hierdie pos word deur 'n Swazi gevul.


4.4.2.2 Permanente hoofsekretaris van onderwys

Hy is die uitvoerende hoofbeampte en is verantwoordelik aan die Minister van Onderwys. Hierdie pos word ook deur 'n Swazi gevul.

4.4.2.3 Direkteur van onderwys

Dit is 'n nuwe pos wat geskep is om 'n ervare administrateur daar te stel om deskundige leiding aan die ontwikkelende onderwysstelsel te gee, en om toekomstige Swazi-administrateurs in die praktyk op te lei. Hierdie pos word deur 'n blanke gevul.

FIGUUR 4.1: ORGANISASIESTRUKTUUR VAN DIE SWAZILANDSE ONDERWYSSTELSEL IN 1968



4.4.2.4 Ondersekreterisse van onderwys

Die twee poste se funksies is geskei, naamlik 'n ondersekreteris (professioneel) wat verantwoordelik is vir die algemene onderwysbeplanning en eksaminering en 'n onder-

sekretaris, (administratief) wat verantwoordelik is vir die algemene administrasie, die werkeafdeling en rekeningaafdeling. Beide is verantwoordelik aan die Direkteur van Onderwys (Rupert, 1974:69-70).

4.4.2.5 Distriksonderwysbeampte


Oor elk van die vier distrikte naamlik: Manzini, Lumbombo, Hhohho en Shiselweni waar 'n vorm van plaaslike regering geldig was, is 'n distriksonderwysbeampte (D.O.B.) aangestel. Die D.O.B. is in beheer van die distriksonderwyskantore of -afdeling en is vir die uitvoering van sekere voorgeskrewe administratiewe pligte aan die Direkteur van Onderwys verantwoordelik. Hierdie D.O.B. het ook inspeksies waargeneem as deel van hulle gewone werksaamhede (Rupert, 1974:140).

4.4.2.6 Hoofinspekteur van onderwys

Aan elk van die vier distrikte is ook 'n hoofinspekteur van onderwys toegewys wat verantwoordelik is vir die verskillende skoolvakke. Hier word egter 'n kontroversie aangegref tussen die vertolkings van verskillende skrywers. Thebela, (1980:128) verklaar dat die hoofinspekteurs geen administratiewe funksie het nie en dus voldoende geleentheid het om hulle toe te spits op hulle vakgebied, terwyl Rupert (1974:139) aanhaal uit 'n Unesco-dokument dat die Swazilandse ministerie van onderwys verklaar: "There is no separate corps of inspectors. The chief inspector and the district education officers have administrative as well as inspection duties." Laasgenoemde beskrywing van Rupert (1974:140) blyk dus meer korrek te wees, naamlik dat daar 'n minder duidelike skeiding tussen administratiewe en inspekteurpligte was omdat Swaziland op die stadium nog sterk onder die Britse invloedssfeer gestaan het waar die inspektoraat 'n groter omvang van pligte gehad het as byvoorbeeld in die RSA.

4.4.3 Die organisasiestruktuur van die onderwys in 1980

Weens die ontwikkeling wat daar plaasgevind het sedert onafhanklikheid het die organisasie van die onderwys ook administratief gegroei ten einde tred te hou met die steeds groeiende getal leerlinge. Wat egter opgemerk moet word, is dat vir die eerste keer van die dienste van 'n adjunkminister gebruik gemaak word en dat die las van die streekonderwysbeampte in die streke verlig word deur die aanstelling van 'n assistent wat weliswaar die beheer oor die onderwys kan verbeter.



FIGUR 4.2: ORGANISASIE VAN DIE ONDERWYS IN 1980
 (Ministry of Education, 1981:1)

4.4.3.1 Die minister van onderwys

Die minister van onderwys is die hoofbeleidbepalende en uitvoerende gesag en hy is direk verantwoordelik aan die kabinet.

4.4.3.2 Adjunkminister van onderwys

Die adjunkminister van onderwys funksioneer as uitvoerende beampte vir die minister van onderwys en voer opdragte uit wat deur die minister aan hom opgedra word.

4.4.3.3 Permanente sekretaris van onderwys

Hy is die hoof uitvoerende hoofbeampte van die onderwys in Swaziland. Die Universiteit van Swaziland staan direk onder sy beheer. Hy is verantwoordelik aan die minister van onderwys via die kantoor van die adjunkminister van onderwys.

4.4.3.4 Die direkteur van onderwys

Die direkteur van onderwys wat verantwoordelik is vir die professionele deel van die onderwysadministrasie, het 'n wye spektrum verantwoordelikhede en die volgende afdelings is direk verantwoordelik aan die direkteur van onderwys:

- Die kurrikulumeenheid vir sekondêre skole.
- Die kurrikulumeenheid vir primêre skole.
- Die afdeling onderwysbeplanning en statistiek.
- Die hoofinspekteur, primêre onderwys.
- Die inspekteur van die eksamenafdeling.
- Die hoofinspekteur, sekondêre onderwys.
- Die onderwyskolleges.

4.4.3.5 Ondersekretaris van onderwys

Die ondersekretaris van onderwys is verantwoordelik vir die algemene administratiewe sake, die rekeningafdeling en die afdeling verantwoordelik vir skooloprigtingsprogramme (Werke-afdeling).

4.4.3.6 Die distriksonderwysbeamptes (D.O.B.)

Hulle is verantwoordelik vir professionele en administratiewe take in die vier distrikte soos dit aan hulle opgedra is deur die hoofinspekteur van primêre onderwys. Die inspekteurs van onderwys wat toegewys is aan die distrikte is verantwoordelik aan die hoofinspekteur vir primêre onderwys, maar via die kantoor van die D.O.B.

4.4.3.7 Die sekondêre skoolinspektoraat

Die skoolinspektoraat vir die sekondêre skool funksioneer op 'n vakkundige basis. Hierdie groep inspekteurs is betrokke by 'n wye reeks take wat wissel van die administratiewe en toesighoudende tot die aflewering van skoolmateriaal en voorrade.

4.4.4 Knelpunte in die organisasiestrukture van die onderwys in 1980

Algemene gratis primêre onderwys en die strewe na tien jaar basiese opvoeding vir alle leerlinge in Swaziland, het tot gevolg gehad dat die organisasiestruktuur wat vir die laaste dekade feitlik dieselfde gebly het, nie meer tred kon hou met die fenominale ontwikkeling wat plaasgevind het nie. Daarom is dit noodsaaklik om kortliks te let op die tekortkominge wat die stelsel ervaar het en waaraan dringend aandag geskenk moes word, ten einde uitvoering te kan gee aan die gestelde onderwysbeleid en die gepaardgaande onderwysideale.

Die volgende knelpunte ten opsigte van die onderwysbeleid is ervaar (Bishop & Atherton, 1981:147-158):

- Die onderwys en opleidingstelsel het oor die afgelope dekade (1970-1980) baie vinniger gegroei as wat die ministerie effektief kon hanteer. So byvoorbeeld het die getal onderwysers in die 10 jaar meer as verdubbel maar die inspektoraat het feitlik glad nie gegroei nie. Dit het tot gevolg gehad dat die standaard van onderwys moes verswak.
- Die Direkteur van Onderwys het te veel afdelings gehad wat aan hom verantwoordelik was, met die gevolg dat hy oorlaai was met roetine-take in plaas van om aandag aan beleidsake aandag te gee.
- Die senior amptenare verbonde aan die ministerie, se tyd word opgeneem deur administratiewe rompslomp. Daarom was daar 'n dringende behoefte aan desentralisasie van die onderwys.


- As gevolg van die enorme groei, was dit noodsaaklik dat die administratiewe personeel, sowel as die inspektoraat vergroot en uitgebrei moes word, want onderwysersopleiding en die kurrikulumontwikkelingseenhede moes op eie bene staan.
- Die inspeksie by primêre skole het veel te wense oorgelaat, want daar was baie skole wat vir jare geen inspeksie ontvang het nie. Gedurende 1980 was daar na raming 3,000 meer skoolonderwysers wat slegs deur 20 inspekteurs bedien moes word. Die twintig inspekteursposte was ook nie almal gevul nie; gevolglik kon hulle nie hulle funksie tenvolte vervul nie.
- Wat die inspektoraat vir sekondêre skole betref, het dit net so sleg daaraan toe gegaan want in 1968 is 300 sekondêreskoolonderwysers bedien deur 5 inspekteurs. In 1980 is 1,155 sekondêreskoolonderwysers deur 9 inspekteurs bedien en omdat die inspekteurs vakgebonde is, bring dit mee dat elkeen ongeveer 80 skole gehad het om te bedien.
- Die onderwysbeplanningsafdeling is nie aangewend vir beplanning, evaluering en navorsing soos die veronderstelling was nie, maar wel vir allerlei ander sake wat niemand eintlik weet wie se verantwoordelikheid dit was nie.
- Daar het 'n behoefte bestaan aan opgeleide administratiewe personeel veral by die distriksonderwyskantore.
- Daar was 'n dringende behoefte aan onderwysleiers in al die sektore van die onderwys in Swaziland wat in die land self indiensopleiding ontvang het in plaas daarvan om oorsee opgelei te word.

4.4.5 Organisasiestruktuur in 1990

Soos die Ministerie van Onderwys die afgelope dekade ontwikkel het, het die organisasie van die onderwys ook gegroei, ten einde uitvoering te kan gee aan die groeiende behoeftes van die onderwys. Uit die organogram (figuur 4.3) is dit egter duidelik dat die struktuur van die onderwys besig is om lomp te raak wat sinvolle beheer deur die beheerstrukture bemoeilik.

4.4.5.1 Die minister van onderwys

Die minister van onderwys is finaal verantwoordelik vir die vorming van die onderwysbeleid. Hy is ook die hoof uitvoerende gesag en moet aan die kabinet verslag doen.



FIGUR 4.3 ORGANISASIE VAN DIE ONDERWYS IN 1990 (Kunene, 1994)

4.4.5.2 Die eerste sekretaris van onderwys

Die eerste sekretaris van onderwys funksioneer as uitvoerende amptenaar vir die minister van onderwys. Hy ontvang opdragte van die minister en gee dit deur aan die verskillende sektore vir uitvoering. Alle terugvoering na die minister van onderwys gaan via die eerste sekretaris van onderwys se kantoor. Hy kan dus beskou word as die uitvoerende hoofbeampte van onderwys in Swaziland. Die funksionaris onder sy direkte beheer is die rektor van die Universiteit van Swaziland, die onder sekretaris van onderwys, die afdeling onderwysbeplanning en statistiek en die direkteur van onderwys. Laasgenoemde is in beheer van die professionele been van die organisasiestruktuur terwyl die ander funksionaris vir die meer administratiewe en tegniese komponente van die organisasiestruktuur verantwoordelik is (Kunene, 1994).

4.4.5.3 Onderwysdienskommissie

Die kommissie se verantwoordelikheid is die aanstelling van alle professionele personeel. Die keuring van personeel vir die verskillende posvlakke moet deur die kommissie behartig word in noue samewerking met die hoofde van skole (Swaziland Government, 1985:122).

4.4.5.4 Universiteit

Die Universiteit van Swaziland vorm 'n outonome liggaam. Afstandsonderrig is ook onder beheer van die universiteit.

4.4.5.5 Ondersekretaris

Die ondersekretaris van onderwys is verantwoordelik vir die algemene administrasie, die afdeling vir fisiese fasiliteite (werke-afdeling) en die rekeningefdeling (finansies) (Kunene, 1994).

4.4.5.6 Onderwysbeplanning en statistiekdiens

Hierdie afdeling se funksies is uitgebrei en waar dit eers onder die direkteur van onderwys geressorteer het, is dit nou onafhanklik en op gelyke posvlak met die direkteur van onderwys (Dlamini, 1994).

4.4.5.7 Die direkteur van onderwys

Hy is die professionele onderwysleier en die grootste deel van die organisasie van onderwys val onder sy beheer. Die volgende komponente word deur hom beheer:

- Die hoofinspekteur vir primêre onderwys.
- Die hoofinspekteur vir sekondêre onderwys.
- Onderwysopleiding.
- Opvoedkundige meting voorligting en sielkundige dienste.
- Die Inspekteur vir eksaminering.
- Kurrikulumeenheid vir primêre en sekondêre skole (Kunene, 1994).

4.4.5.8 Die distriksonderwysbeampies

Hulle is verantwoordelik vir professionele en administratiewe take in die vier distrikte soos dit aan hulle opgedra deur 'n hoofinspekteur vir primêre onderwys. Die inspekteurs van onderwys wat toegewys is aan die distrik is verantwoordelik aan die hoofinspekteur vir primêre onderwys, maar moet deur die kantoor van die D.O.B. gekontroleer word (Dlamini, 1994).

4.4.5.9 Die inspektoraat van die sekondêre skool

Die inspektoraat funksioneer op 'n vakkundige basis. Die inspekteurs is verantwoordelik vir 'n wye reeks take wat wissel van die professionele tot die administratiewe (Kunene:1994).

4.4.5.10 Onderwysersopleiding

Onderwysersopleiding val onder beheer van alle tersiêre inrigtings wat nie universitêr gerig is nie (Kunene, 1994).


4.4.6 Knelpunte in die organisasiestrukture in 1990

Basiese onderwys vir die eerste tien skooljare blyk nie haalbaar te wees nie en die stelsel moet die doelwit aanpas deur die skooljare na 9 jaar te verlaag. Weens die uitbreiding van die onderwys is enkele wysigings aangebring in die organisasiestruktuur, hoofsaaklik in 'n poging om die kostestruktuur vir die onderwys te probeer verlaag (Swaziland Government, 1990:75). Die owerhede worstel steeds met die probleem van die uiters snelle toename in getalle wat alle pogings in die wiede ry om die organisasie van die onderwys te stabiliseer.

Aan die begin van die negentigerjare word die volgende knelpunte ervaar:

- Die Direkteur van Onderwys se werklading is nog nie verlig nie. Hy is nog steeds oorlaai met roetinetake en beleidsake bly nog steeds agterweë.
- Die beplanningsafdeling is wel losgemaak van die kantoor van die direkteur, maar die werklading op die onderbemande afdeling maak sinvolle beplanning moeilik aangesien daar altyd teen tyd gewerk moet word (Dlamini, 1994).
- Die afdeling onder beheer van die ondersekretaris belas met die verskaffing van fisiese fasiliteite slaag ook nie daarin om hulle oogmerke te bereik nie weens die feit dat die vraag na fisiese fasiliteite steeds toeneem weens die volgehoue groei in die bevolking. Verder word hulle aktiwiteite gekortwiek deur die gebrek aan die beskikbaarheid van fondse (Kunene, 1994).
- Daar bestaan 'n ernstige behoefte aan bestuursopleiding vir die onderwysleiers in alle sektore van die professionele organisasiestruktuur van die onderwys sowel as die administratiewe kant. Die vernuwing in die onderwys en die snelle groei in die bevolking het tot gevolg dat die strukture nie behoorlik tred kon hou nie. (Ministry of Education, 1993b:2).
- Weens die uitbreiding van die onderwys neig die totale organisasiestruktuur om te lomp te word. Ten einde hierdie probleem aan te spreek, is daar deur die Departement van Ekonomiese beplanning en Statistiek gepoog om 'n nuwe organisasiestruktuur die lig te laat sien, soos voorgestel in figuur 4.4.

FIGUUR 4.4: VOORGESTELDE ORGANISASIESTRUKTUUR VIR DIE ONDERWYS



(Kunene, 1991:Memorandum)

Hierdie struktuur sou die direkteur die geleentheid bied om meer aandag te skenk aan professionele aangeleenthede. Die voorgestelde struktuur sou die afdeling vir onderwysbeplanning versterk het en meer verantwoordelikhede rondom die streke aan die afdeling toegewys het. Die eerste sekretaris vir onderwys het egter heftig hierteen beswaar gemaak omdat hy geglo het dat onderwysbeplanning nie na 'n sentrale beplanningsdepartement afgewentel kan word nie. Die rede wat hy aanvoer het, is dat 'n beplanner oor 'n onderwysagtergrond moet beskik want so 'n persoon moet 'n besliste impak hê op die wyse waarop die onderwysbeleid geïmplementeer word. Hy het ook sy bedenkinge oor die aantal personeel wat bewillig word om die taak te verrig (Kunene, 1991: Memorandum).

In 'n onderhoud met A.C. Dawson (1994), Adviseur vir Internasionale Navorsing, wys hy daarop dat die organisasiestruktuur vir die onderwys sedert 1990 nie vas is nie en dat daar gedurig aanpassings gemaak word ten einde in die bepaalde behoefte op daardie oomblik te voorsien. Die organogram wat in figuur 4.3 verskyn, blyk dus volgens hom die mees resente een te wees omdat dit verskaf is deur die Ondersekretaris van onderwys.

4.5 SAMEVATTING

Die organisasiestruktuur het saam met die hele onderwysstelsel gegroei. Om tred te hou met die ontwikkeling in die onderwys het daar telkens funksieverskuiwings plaasgevind en is die struktuur ook uitgebrei. Vergelyk in die verband figure 4.1, 4.2 en 4.3. Hieruit blyk dit dat die veranderings wat deur die regering aangebring is, nie altyd tot voordeel van alle afdelings van die ministerie was nie want in sommige gevalle is amptenare oorlaai met werk terwyl ander weer ligter daarvan af gekom het (vgl. paragraaf 4.4.4). Aan die begin van die negentigerjare het amptenare van die ministerie al hoe meer bewus geraak van die lompheid van die bestaande stelsel, maar tot op hede is daar nog nie gewaag om die struktuur te wysig nie. Tans word daar verskuiwings gedoen sonder dat daar 'n amptelike organogram van die struktuur bestaan.

HOOFSTUK 5

DIE SKOOLSTELSEL EN ONDERSTEUNINGSDIENSTE IN DIE SWAZILANDSE ONDERWYSSTELSEL

5.1 INLEIDING

Om die nasionale onderwysideale in die onderwysbeleid in die praktyk te laat vergestalt, is 'n skoolstelsel nodig waarin daar verskillende onderwysvlakke met elk 'n eie doel onderskeidbaar is. Ter bevordering van laasgenoemde is doeltreffende ondersteuningsdienste noodsaaklik. In die ontwikkeling van die Swazilandse onderwysstelsel was hierdie komponente eweneens merkbaar aan die ontwikkel sedert onafhanklikwording ten einde optimale leer te bevorder.

5.2 DIE SKOOLSTELSEL IN DIE SWAZILANDSE ONDERWYSSTELSEL

5.2.1 Inleiding

Om die skoolstelsel in die Swazilandse onderwysstelsel na behore te kan deurgrond is dit noodsaaklik dat daar na die verskillende fasette van die skoolstelsel afsonderlik gekyk word. Daarom word elke faset van die skoolstelsel ingedeel in verskillende komponente. Hierdie komponente is die volgende, naamlik die agtergrond, algemene organisasie, toelatingsvereistes, statistiese gegewens, kurrikulum, personeelvoorsiening, onderrigmedium en fisiese fasiliteite.

5.2.2 Preprimêre onderwys

5.2.2.1 Agtergrond

Preprimêre onderwys se ontstaan in Swaziland kan teruggevoer word so ver as die veertigerjare. Sedert die beginjare is preprimêre skole georganiseer deur privaatinstansies en werkorganisasies (Swaziland Government 1985:35). Met onafhanklikwording in 1968 was daar 42 sentra vir preprimêre onderwys in die land wat toe nog onder beheer

gestaan het van die Ministerie van Binnelandse Sake. In 1979 is preprimêre onderwys oorgeplaas na die Ministerie van Onderwys (Ministry of Education 1993a:13). Op daardie stadium was slegs sowat 5% van alle kinders tussen die ouderdomme van drie en ses jaar by preprimêre onderwys betrek (Swaziland Government 1985:36). In 1992 was daar meer as 300 preprimêre skole in die land met 'n leerlingtal van 14,809. Privaatinstansies soos UNICEF en die Bernard van Leer Foundation het 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van voorskoolse onderwys vir die Swazivolk gelewer (Ministry of Education, 1993a:13).

5.2.2.2 Algemene organisasie van preprimêre skole

Preprimêre skole is nie versprei volgens die behoefte van die land nie maar wel volgens dit wat die gemeenskap kan bekostig. Tot in 1985 was daar geen infrastruktuur vir preprimêre skole nie en geen definitiewe regeeringsbeleid ten opsigte van preprimêre onderwys nie. Daar is wel in die vyfjaarplanperiode van die regering voorsiening gemaak vir preprimêre onderwys, maar slegs deur gemeenskappe en privaatorganisasies te versoek om deel te neem aan sodanige program en om ouers aan te moedig om betrokke te raak by hulle kinders se opvoeding (Swaziland Government, 1985:36). In 1990 is die betrokkenheid van die Ministerie van Onderwys verder verbreed deur die byvoeging van die volgende riglyne vir preprimêre onderwys (Swaziland Government, 1990:79):

- om die kinders voor te berei vir primêre onderwys deur die simulasie van die werklike onderwyssituasie;
- om te dien as plekke waar daar behoorlik toesig is en waar daar na die kinders se welsyn omgesien word;
- om te dien as 'n sentrum vir die verskaffing van basiese mediese dienste, byvoorbeeld die bevolkingsinrentingsprogram van die Ministerie van Gesondheid.

5.2.2.3 Toelatingsvereistes vir preprimêre skole

Alle kinders tussen die ouderdomme van 3 en 5 jaar kry toegang tot die preprimêre skool, maar dit is nie in die beleid vervat nie (Swaziland Government, 1990:79).

5.2.2.4 Statistiese gegewens

Gedurende die tydperk 1983 tot 1988 was daar gemiddeld E22.000 per jaar aan preprimêre onderwys spandeer (Swaziland Government, 1983:424). In die daaropvolgende planperiodes is daar geen voorsiening in die begroting vir die onderwys vir die ontwikkeling

of uitbreiding van preprimêre onderwys gemaak nie (Swaziland Government, 1993:122-127). Na raming het slegs sowat 7 000 van die ongeveer 70 000 kinders in die ouderdomsgroep 4 tot 6 jaar preprimêre onderwys ontvang (Swaziland Government, 1985:57). In tabel 5.1 word die situasie soos dit in 1992 was weerspieël. Die groot toename in getalle tussen die jare 1990 en 1992 hou nie noodwendig verband met meer kinders wat die skole besoek het nie, maar kan eerder gewyt word aan 'n verbetering in die wyse waarop daar verslag gedoen is deur die preprimêre skole (Swaziland Government, 1993:120).

5.2.2.5 Die kurrikulum van die preprimêre skool

'n Nasionale voorskoolse kurrikulum is ontwikkel. In die formulering hiervan is die Swazi-kultuur in berekening gebring. Ouers en gemeenskapleiers is aangemoedig om deel te hê aan die leerprosesse van die voorskoolse kinders en verantwoordelikheid te aanvaar vir die aanbieding van sekere onderwerpe (Ministry of Education, 1993a:13-14). Daar word in die vooruitsig gestel om 'n kurrikulum te ontwikkel wat alle preprimêre skole gedurende 1994 tot 1996 moes volg (Swaziland Government, 1993:121).

TABEL 5.1 VOORSKOOSE INSKRYWINGS IN DIE VERSKILLEDE STREEK, 1990 EN 1992

STREEK	GETAL SKOLE		INSKRYWINGS	
	1990 *	1992	1990 *	1992
Hhohho	78	126	3 568	7 951
Lubombo	10	70	247	2 676
Manzini	95	123	620	4 767
Shiselweni	77	83	1 678	1 929
TOTAAL	260	402	6 113	17 323

(Ministry of Education, 1993a:12)

* Geskatte getalle

5.2.2.6 Personeelvoorsiening in preprimêre skole

In 1968 was daar geen spesiaal opgeleide personeel vir preprimêre onderwys nie. Formele opleiding vir die kategorie onderwysers het eers in 1976 begin met die steun van die Lutherse kerkgenootskap in Mbabane. Later is opleiding wel onderneem deur die Ministerie van Onderwys. Van die 689 onderwysers van die preprimêre skole is daar tans net meer as 200 wat toepaslik gekwalifiseerd is. Tans is daar twee soorte opleidingsprogramme vir preprimêre onderwysers beskikbaar, naamlik (Ministry of Education, 1993a:13):

- Voordiensopleiding wat residensieel een keer per jaar deur die Hlatikulu Bahai Sentrum aangebied word. Praktiese onderwys word in skole gedoen.
- Indiensopleiding word die afgelope ses jaar reeds aangebied vir diensdoenende onderwysers. Opleiers word uit die geleedere van die onderwysleiers, onderwyskolleges en opgeleide preprimêre onderwysers verkry.

5.2.2.7 Onderrigmedium van preprimêre skole

Die onderrigmedium is Siswati.

5.2.2.8 Fisiese fasiliteite van preprimêre skole

Die fisiese fasiliteite van die meeste preprimêre skole is swak en bestaan uit 'n enkel vertrek waarin daar nie voorsiening gemaak word vir leer, voeding en ablusie nie. Die skole is oorbevolk en die speelplek is klein (Swaziland Government, 1985:35, 36, 67). In 1993 was die situasie dieselfde en in sommige gevalle bestaan daar geen speelplek nie (Ministry of Education, 1993a:13).

5.2.3 Primêre onderwys

5.2.3.1 Agtergrond

Formele primêreskoolopleiding kan teruggevoer word tot 1843 met die koms van die eerste sendelinge na Swaziland. Die verskillende sendinggenootskappe het hulle posisie in die land versterk deur middel van die onderwys want sodra 'n persoon kon lees, kon so iemand die Bybel lees. Hierdie uitbreiding is voortgesit in die 20ste eeu deur die sendelinge en teen 1940, met die uitbrek van die Tweede Wêreldoorlog, het die Britse regering die Colonial Development and Welfare Act deurgevoer wat die fondse

wat bewillig is vir die kolonies drasties verhoog het en gevolglik het die onderwys in Swaziland hierby baat gevind. Dit word weerspieël in die toename in die getal primêre-skoolleerlinge sedert 1940. So was daar in 1945 11,400 leerlinge in die primêre skole en in 1968 het die getal aangegroei tot 62,108. In 1968 was daar 358 primêre skole en vyf en twintig jaar later het dit vermeerder tot 526 met 171,987 leerlinge (Mthethwa, 1985:7-10).

5.2.3.2 Algemene organisasie van primêre onderwys

Die sewe jaar wat primêre onderwys duur, maak die eerste deel uit van die tien jaar basiese onderwys waarna sedert 1968 gestreef word. Sedert 1985 is daar gepoog om die basiese onderwys te verminder na nege jaar maar hierdie doelwit is nog nie bereik nie want die aantal leerling wat steeds uit die stelsel val weens druiwing en die bogenmiddelde groei in die bevolking maak dit vir die owerhede onmoontlik om die ideaal te bereik. Die primêre onderwys word bedryf in staatskole, staatsondersteunde skole en privaatskole. Alle onderwysers word deur die staat betaal behalwe in die geval van privaatskole (Ministry of Education, 1993a:14-15). In 1990 is 'n nuwe projek om basiese primêre onderwys te verstewig van stapel laat loop. Die Educational Policy, Management and Technology Project (EPMT) is 'n gesamentlike poging deur die Swazilandse regering en die Verenigde State van Amerika deur bemiddeling van die U.S. Agency for International Development (USAID) om die kwaliteit en effektiwiteit van basiese onderwys in Swaziland te verbeter (Ministry of Education, 1993a:17).

5.2.3.3 Toelatingsvereistes

Die amptelike ouderdom vir toelating tot die primêre skool is ses jaar. Kort na onafhanklikheid was daar nog heelwat leerlinge wat bo die vereiste ouderdomsperk toegelaat is tot die primêre skool, veral in die afgeleë landelike dele. Tot 1990 is leerlinge net toegelaat om een keer in die primêre fase 'n jaar te herhaal. Die rede hiervoor was om te verhoed dat die beperkte akkommodasie deur leerlinge wat nie werklik skoolpligtig is nie opgeneem word (Bishop & Atherton, 1981:40). Tans word 'n leerling toegelaat om 'n jaar te herhaal in die junior primêre fase en een jaar in die senior primêre fase. In beide gevalle is leerlinge wat druiwing nie weer toegelaat om 'n skool te besoek nie (Magagula, 1994).

5.2.3.4 Statistiese gegewens

Sedert onafhanklikheid het die skoolstelsel werklik eers uitgebrei. Sedert 1972 het die Ministerie van Onderwys hulp ontvang van UNESCO in die vorm van kundiges op die

gebied van onderwysbeplanning wat bygedra het tot die daarstelling van sinvolle beplanning vir die onderwys. Hierin is grootliks deur die owerhede geslaag. Tabel 5.2 toon die werklike getalle leerlinge, onderwysers en onderwyser/leerling verhouding van 1968 tot 1990 en die geprojekteerde getalle tot 1995. Met onafhanklikwording was daar 358 primêre skole. Hierdie getal het toegeneem tot 526 in 1993 (Ministry of Education, 1993a:14). Volgens alle aanduidinge groei die stelsel voldoende om alle kinders op skoolpligouderdom in die toekoms te kan akkommodeer (Ministry of Education, 1993a:15).

**TABEL 5.2: GETAL LEERLINGE EN ONDERWYSERS IN DIE PRIMÊRE SKOOL
1968 TOT 1995**

JAAR	GETAL LEERLINGE	GETAL ONDERWYSERS	LEERLING-ONDERWYSER VERHOUDING
1968	62,108	1,627	38,1
1969	64,411	1,739	37,0
1970	69,055	1,706	40,4
1971	71,455	1,895	37,7
1972	76,343	2,015	37,8
1973	81,694	2,112	38,6
1974	86,110	2,220	36,4
1975	89,528	2,363	37,8
1976	92,721	2,513	36,8
1977	96,835	2,672	36,2
1978	100,700	2,853	35,2
1979	105,607	3,016	35,0
1980	112,019	3,278	34,1
1981	119,913	3,586	33,1
1982	125,303	3,769	33,1
1983	129,767	3,922	33,1
1984	134,528	4,039	33,1
1985	139,345	4,107	34,1

TABEL 5.2: GETAL LEERLINGE EN ONDERWYSERS IN DIE PRIMÊRE SKOOL
1968 TOT 1995
(vervolg)

JAAR	GETAL LEERLINGE	GETAL ONDERWYSERS	LEERLING-ONDERWYSER VERHOUDING
1986	142,206	4,290	33,1
1987	147,743	4,462	33,1
1988	152,895	4,665	33,1
1989	157,345	4,890	32,1
1990	166,454	5,083	33,1
1991	172,908	5,584	30,9
1992 #	176,248	5,852	30,1
1993 #	181,359	6,133	29,6
1994 #	186,618	6,427	29,0
1995 #	192,030	6,737	28,5
1996 #	197,599	7,059	28,0

(Swaziland Government, 1973:14;
Swaziland Government, 1977:11-12;
Swaziland Government, 1983:242;
Swaziland Government, 1993:114).

Geprojekteerde getalle

In die studie blyk dit duidelik dat die owerhede op die primêreskoolvlak te kampe het met 'n toenemende groei in die getal leerlinge wat aanspraak maak op skoolopleiding. So byvoorbeeld het die inskrywingsgetalle tussen 1989 en 1990 gegroei met 5,8%. Dit kan in hoofsaak gewyt word aan die groot getal leerlinge wat buite die voorgeskrewe ouderdom hulle in 'n spesifieke standerd bevind. Dit plaas 'n geweldige druk op die owerhede wat met beperkte middele tot hulle beskikking die onderwysbeleid moet uitvoer en laat slaag. Tabel 5.3 gee 'n duidelike beeld van die situasie in 1990. Die tendens kan egter deurgetrekk word oor die hele tydvak onder bespreking (Swaziland Government, 1992:114-115).

TABEL 5.3: ALLE LEERLINGE WAT PRIMÈRE ONDERWYS ONTVANG VOLGENS
 OUDERDOM, GESLAG EN STANDERD IN 1990

Ouderdom in jare met laaste verjaardag	JAARVLAK VAN LEERLING							
	I	II	III	IV	V	VI	VII	TOTAAL
SEUNS								
Onder 6	1384	45	0	0	0	0	0	1429
6	6227	728	25	0	0	0	0	6980
7	5577	3985	532	33	0	0	0	10127
8	2561	4406	2557	409	21	6	0	9960
9	1218	3217	3716	1800	332	22	0	10305
10	591	1821	3133	2743	1641	405	21	10355
11	272	759	1789	2359	2075	1276	303	8833
12	114	340	998	1633	1927	1704	1094	7810
13	68	170	521	948	1499	1659	1528	6393
14	49	102	267	592	931	1393	1621	4955
15	21	47	117	264	551	937	1295	3232
16	10	15	43	128	258	478	888	1820
17	11	16	10	55	99	228	489	935
18	3	9	12	27	45	101	215	410
19	1	9	0	13	27	49	134	245
TOTAAL	18107	15669	13757	11004	9406	8258	7588	83789
GEM.	7,1	8,5	9,8	11,0	12,1	13,1	14,2	10,1

TABEL 5.3: ALLE LEERLINGE WAT PRIMÊRE ONDERWYS ONTVANG VOLGENS OUDERDOM, GESLAG EN STANDERD IN 1990
(vervolg)

Ouderdom in jare met laaste verjaardag	JAARVLAK VAN LEERLING							
	I	II	III	IV	V	VI	VII	TOTAAL
DOG-TERS								
Onder 6	1659	32	0	0	0	0	0	1691
6	6521	997	42	0	0	0	0	7560
7	4804	4654	837	45	0	0	0	10340
8	2154	4087	3423	631	32	3	0	10330
9	944	2414	3759	2778	652	51	0	10598
10	469	1231	2530	3208	2507	624	68	10637
11	183	489	1251	2134	2670	2052	605	9384
12	87	206	256	1261	1987	2364	1845	8315
13	47	90	122	586	1203	1861	1966	6009
14	30	57	43	286	634	1222	1705	4056
15	15	28	18	133	293	591	1153	2256
16	10	12	7	51	89	202	565	947
17	4	13	9	20	34	83	168	329
18	2	7	14	10	11	24	67	130
19	0	5	0	13	14	11	26	83
TOTAAL	16929	14322	12876	11156	10125	9088	8168	82665
GEM.	7,0	8,1	9,3	10,4	11,4	12,4	13,4	9,8
GROOT-TOTAAL	35036	29991	26633	22160	19532	17346	15756	166454

(Swaziland Government, 1992:114)

5.2.3.5 Die kurrikulum

In 1968 was die kurrikulum in die primêre skool slegs akademies gerig. Toe reeds is daar die behoefte ervaar dat daar 'n wysiging in die kurrikulum moet kom (Swaziland Government, 1969:47).

Die Primary Curricilum Develpment Project is in 1973 van stapel gestuur op die kampus van die William Pritcher College om veranderinge in die kurrikulum aan te bring wat ooreenstem met die sosiale en ekonomiese ontwikkeling van die land. Die grootste behoefte was om landbou en ander praktiese vakke in die primêre skool gevestig te kry. Op die vlak van kurrikulumontwikkeling was daar deur die jare baie probleme ondervind wat stremmend ingewerk het, byvoorbeeld (Bishop & Atherton, 1981:141):

- Die tempo waarteen die kurrikulum ontwikkel is, het veel te wense oorgelaat, veral op die administratiewe vlak want in 1978 is byvoorbeeld nie voorsiening gemaak vir die uitgawes van kurrikulumontwikkeling nie.
- Die Primary Curricilum Unit (P.C.U.) het te veel geneig om hulle besig te hou met detail in plaas daarvan om voorrang te gee aan 'n meer vereenvoudigde en basiese benadering. Sekere programme was oordrewe gedetailleerd, in plaas van die klem op differensiasie weens individuele verskille van die leerders en die behoeftes van die land te laat val.
- Die skakeling tussen die P.C.U. en die Secondary Curricilum Unit (S.C.U.) was nie altyd na wense nie omdat die korrelasie tussen die oorskakeling van primêre na sekondêre skole nie in gedagte gehou is nie.

Dit val egter op dat in die kurrikulumontwikkeling daar deur die betrokkenes verder gekyk is as net 'n blote herhaling en vernuwing van die kurrikulum, maar dat die behoeftes van die land vooropgestel is.

Tot en met 1990 het die primêreskoolkurrikulum die volgende kenmerke vertoon (Bishop & Atherton, 1981:17, 139-142):

- Die primêreskoolkursus het oor sewe jaar gestrek met die aflegging van die junior sertifikaateksamen aan die einde van die tydperk.
- Die volgende basiese vakke is in die kurrikulum vervat:
 - Siswati
 - Engels
 - Sosiale studies

- Wiskunde
- Landbou
- Huishoudkunde
- Praktiese vakke
- Wetenskap

In 1990 is die nuwe basiese onderwysprogram wat oor nege jaar strek aangekondig. Die uitfassering van die junior sertifikaateksamen en die instelling van die stelsel van kontinue evaluering het nuwe eise aan die P.C.U. gestel. Hierdie verandering het 'n nuwe era in die ontwikkeling van die primêreskoolkurrikulum ingelei (Swaziland Government, 1980:81).

Die strewe van die kurrikuleerders om die sosio-ekonomiese en omgewingsbehoefte te bevredig, het daartoe aanleiding gegee dat die primêre kurrikulum oorlaai is; gevolglik het die basiese vermoë om te leer en om probleme op te los verwaarloos (Ministry of Education, 1993a:15).

5.2.3.6 Personeelvoorsiening

Gedurende die tydperk 1970 tot 1980 was daar 'n groot toename in die getal onderwysers in die primêre skool. So was daar 'n toename van 96% in die tydperk. Die groei was nie net kwantitatief nie maar ook kwalitatief want die getal gekwalifiseerde onderwysers het toegeneem teen 'n gemiddeld van 6,2% per jaar. Indiensopleiding vir die opradering van ongekwalifiseerde onderwysers sedert 1973 het grootliks hiertoe bygedra. (Bishop & Atherton, 1981:13-14). 'n Groot stap vorentoe was ook die mate waarin die leerlingonderwyserverhouding verlaag is van ongeveer 47:1 voor onafhanklikheid tot sowat 29,6:1 (geskat) in 1993 (Swaziland Government, 1993:114).

Onderwysers in die primêre skool moet tans oor 'n driejarige primêre onderwysdiploma beskik wat verwerf kan word nadat die persoon die senior sekondêre eksamen geslaag het. Aan alle onderwysers word indiensopleidingsprogramme beskikbaar gestel deur die verskillende onderwyskolleges. Onderwysers ontvang ook opleiding in die hantering van die nuwe kurrikula. Daar word ook kursusse vir hoofde aangebied ten einde hulle administratiewe vaardighede te verbeter met die hulp van die Educational Policy, Management and Technology Project (EMPT) (Swaziland Government, 1993:118-119).

5.2.3.7 Onderrigmedium

Die medium van onderrig vir die eerste drie skooljare is Siswati. Daarna word oorgeskakel na Engels as medium van onderrig.

5.2.3.8 Fisiese fasiliteite

Gedurende die hele tydperk onder bespreking worstel die Ministerie van Onderwys jaarliks met dieselfde probleme, naamlik dat daar te min klaslokale beskikbaar is vir die immer groeiende getal kinders wat aanspraak maak op onderwys. Die verskaffers van fasiliteite kan nie tred hou met die aanvraag nie. In 1991 was daar 4,786 primêre klasse wat gehuisves is in 4,622 klaskamers. Om vir die tekorte te kompenseer, word daar dikwels in kerkegeboue of in die ope lug skoolgehou. In 1991 het 'n ondersoek aan die lig gebring dat slegs 28% van alle primêreskoolleerders die basiese klastoerusting tot hulle beskikking het (Ministry of Education, 1993a:15-16). Daar is beplan om gedurende die 1993/1994 finansiële jaar naastenby E.3,253,000 te spandeer aan die opgradering van fisiese fasiliteite aan primêre skole (Swaziland Government, 1993:123). Hierdie bedrag verteenwoordig net sowat 7,91% van die totale kapitale besteding aan die onderwys vir die gemelde tydperk.

5.2.3.9 Eksamenstelsel

Aan die einde van die sewende skooljaar lê die leerlinge 'n eksterne eksamen af wat deur die Ministerie van Onderwys opgestel word, genaamd die Swaziland Primary Certificate (S.P.C.). (British Council, 1980:7). In 1990 is daar besluit dat die S.P.C.-eksamen aan die einde van die sewende skooljaar oor die daaropvolgende vyf jaar geleidelik uitgefaseer sou word. Dit sal vervang word met 'n stelsel van kontinue evaluering en diagnostiese meting (Swaziland Government, 1990:76).

5.2.4 Sekondêre onderwys

5.2.4.1 Agtergrond

Die eerste sekondêre skool in Swaziland is opgerig op aandrang van Koning Sobhuza II in 1928. Die Swazi National High School te Matsapa verteenwoordig die begin van sekondêre onderwys, maar na die Tweede wêreldoorlog het meer sendingskole asook staatskole gevolg. Die sendingskole sou grootliks in kompetisie wees met die staatskole maar ook met mekaar omdat elkeen graag sy eie geloofsoortuiging wou bevorder

(Mthethwa, 1985:19-20). In 1945 was daar 300 sekondêreskoolleerlinge in Swaziland, maar die getal skole op daardie stadium is onbekend. Hierdie getalle het gegroei sodat daar in 1968 6,200 leerlinge in 31 skole was (Swaziland Government, 1969:73). In 1968 was daar ook net tien sekondêre skole wat die senior sekondêre fase aangebied het terwyl net een skool leerlinge voorberei het vir die Cambridge Overseas High School Certificate (Mthethwa, 1985:20).

5.2.4.2 Algemene organisasie van die sekondêre onderwys

Die sekondêre onderwys is in twee fases verdeel, naamlik 'n junior sekondêre fase wat drie jaar duur en 'n senior sekondêre fase wat twee jaar duur (Sukati, 1985:151). Die junior sekondêre fase maak deel uit van die aanvanklike beleidsrigting van tien jaar basiese onderwys vir alle inwoners van die Koninkryk van Swaziland (Swaziland Government, 1978:185). Die inkorting van basiese onderwys na nege jaar is vanaf 1990 ingefaseer wat tot gevolg gehad het dat die junior sekondêre fase verkort is na twee jaar en die senior sekondêre fase verleng is na drie jaar (Swaziland Government, 1990:75). Die sekondêre onderwys word bedryf deur staatskole, staatsondersteunde skole en priwaatskole. Baie skole leun swaar vir hulle ontwikkeling op die gemeenskap, die regering en organisasies soos die Europese gemeenskap en die Wêreldbank (Ministry of Education, 1990:75).

5.2.4.3 Toelatingsvereistes

Die amptelike ouderdom vir toelating tot die sekondêre skool in 1968 was 14 jaar en dit duur tot en met die agtiende jaar (Swaziland Government, 1969:47). Hierdie vereistes is later gewysig na die ouderdom van 12 jaar vir eerste toelating en dit het nog steeds geduur tot die agtiende jaar. 'n Leerling wat vlak 7 of standerd 5 suksesvol voltooi het met die aflegging van die primêre sertifikaateksamen kwalifiseer vir toelating tot die junior sekondêre fase. Hierdie fase het geduur tot vlak 10 of standerd 8. In 1990 is soos reeds elders vermeld, besluit om basiese onderwys te verminder van tien jaar na nege jaar. Die strewe was om hierdie doelwit teen 1995 te bereik. Toelating tot die senior sekondêre fase word verkry deur die suksesvolle aflegging van die junior sertifikaateksamen (Swaziland Government, 1990:76). Toelating tot hierdie fase word grootliks weens 'n ooraanbod van diesulkes op die arbeidsmark in 'n groot mate beperk. Leerders word eerder aangemoedig om hulle te wend na die meer beroepsgerige studierigtings na suksesvolle voltooiing van die junior sekondêre fase (Magagula, 1990:50).

5.2.4.4 Statistiese gegewens

Die sekondêre onderwys het 'n fenominale groei getoon sedert 1968. In die finansiële jaar 1976/77 het die regering E2,673,524 aan sekondêre onderwys spandeer. Hierdie bedrag het in die finansiële jaar 1992/93 gestyg tot E58,575,000. Dit impliseer dat die koste per eenheid in die ooreenstemmende tyd gestyg het van E142-78 tot E1,577-13 vir sekondêreskoolleerlinge. In 1968 was daar net 31 sekondêre skole in die land in vergelyking met die 171 in 1993 (Ministry of Education, 1993a:8 en 20). Die getal leerlinge en onderwysers het ook drasties toegeneem die afgelope 25 jaar. Tabel 5.4 gee 'n baie duidelike beeld hiervan. Tans bestaan daar geen sekondêre privaatskole in Swaziland nie (Dawson, 1995).

**TABEL 5.4: GETAL LEERLINGE EN ONDERWYSERS IN SEKONDÊRE SKOLE
1968 TOT 1996**

JAAR	GETAL LEERLINGE	GETAL ONDERWYSERS	LEERLING-ONDER- WYSER VERHOUDING
1968	6,126	300	20,4
1969	6,777	366	18,5
1970	8,027	432	18,6
1971	9,001	448	20,1
1972	10,861	491	22,1
1973	12,459	550	22,7
1974	14,801	611	24,2
1975	16,227	739	22,0
1976	17,396	885	19,7
1977	19,359	978	20,0
1978	20,584	1,073	19,0
1979	22,091	1,158	19,0
1980	23,198	1,292	18,0
1981	24,826	1,433	17,0

TABEL 5.4: GETAL LEERLINGE EN ONDERWYSERS IN SEKONDÊRE SKOLE
1968 TOT 1996
(vervolg)

JAAR	GETAL LEERLINGE	GETAL ONDERWYSERS	LEERLING-ONDER- WYSER VERHOUDING
1982	26,469	1,501	18,0
1983	27,801	1,518	18,3
1984	28,833	1,569	18,4
1985	29,914	1,561	19,2
1986	30,489	1,617	18,9
1987	32,914	1,760	18,7
1988	32,942	1,906	17,3
1989	41,881	2,088	20,1
1990	41,128	2,213	18,9
1991	42,405	2,430	17,5
1992 #	47,259	2,668	17,7
1993 #	50,662	2,927	17,3
1994 #	54,310	3,211	16,9
1995 #	58,220	3,523	16,5
1996 #	62,412	3,865	16,1

(Swaziland Government, 1977:12; Swaziland Government, 1983:245; Swaziland Government, 1988:4; Swaziland Government, 1993:116; Ministry of Education, 1978:101; Ministry of Education, 1993a:20).

Geprojekteerde syfers

5.2.4.5 Die kurrikulum

Reeds in 1968 het die owerhede besef dat die kurrikulum hersien moet word omdat dit slegs oor 'n akademiese karakter beskik het (Swaziland Government, 1969:47).

In 1972 het die Imbokodvo National Movement die grondslag gelê vir die rigting waarin die kurrikulum moet ontwikkel in die jare wat sou volg. Hierdie riglyn word gevolg regdeur die ontwikkeling van die kurrikulum vir die sekondêre skool tot op hede. Dit word gereflekteer in die manifes van die Imbokodvo van 1972 wat verklaar dat: "The present bias inherited from our colonial past will have to be uprooted branch, stem and root. Today most children at school aspire to be clerks, teachers, nurses etc., very few think of farming, the trades, handicrafts etc. This is wrong and a start has been made to effect a change."

'n Sekondêre kurrikulumeenheid het in 1978 tot stand gekom, ten einde kurrikulum-ontwikkeling te verhaas (Swaziland Government, 1985:56). Praktiese vakke wat beroepsgeoriënteerd is, moes ingestel word en die hersiening van die kurrikula van die akademiese vakke moes ook hoë prioriteit geniet. Veral landbou is in die opsig sterk beklemtoon (Swaziland Government, 1978:199). Die vordering wat gemaak is met die instelling van praktiese vakke in die sekondêre skool word geïllustreer in tabel 5.5. Die primêre en sekondêre kurrikulumeenheid is in 1988 saamgevoeg om die nasionale kurrikulumsentrum te vorm wat tot versterking en ontwikkeling van die kurrikulumaktiwiteite sou lei (Swaziland Government, 1983:252).

TABEL 5.5: GETAL SKOLE WAT PRAKTIESE VAKKE AANBIED, 1978 EN 1982

VAK / SKOOLFASE	1978	1982	TOENAME % (1978-82)
LANDBOU			
Junior Sekondêr	31	51	13,3
Senior Sekondêr	2	7	36,8
HUISHOUDKUNDE			
Junior Sekondêr	29	48	13,4
Senior Sekondêr	10	14	8,8
TEGNIËSE VAKKE			
Sekondêr	21	41	18,2

(Swaziland Government, 1983:251).

Die regering lê hom aan die einde van die periode steeds daarop toe om praktiese vakke in die sekondêre skool te bevorder in die nuwe basiese onderwysprogram van nege jaar soos blyk uit tabel 5.5 (Swaziland Government, 1993:114).

Die volgende vakke word tans in die kurrikulum van die sekondêre skole aangetref (Swaziland National Examination Council, 1994:9-99):

- Engels
- Frans
- Duits
- Siswati
- Wiskunde
- Handelsrekenkunde
- Biologie
- Geïntegreerde wetenskap
- Landbou
- Rekeningkunde
- Handel
- Boukonstruksie
- Ontwikkelingstudies
- Geskiedenis
- Metaalwerk
- Godsdien
- Tegniese tekeninge
- Tikskrif
- Houtwerk
- Basiese handwerk
- Hushoudkunde

5.2.4.6 Personeelvoorsiening

Die toename in die getal onderwysers in die sekondêre skool sedert onafhanklikwording was ook fenominaal. So byvoorbeeld was daar 300 sekondêreskoolonderwysers in 1968. Hierdie getal het gegroei tot 2,430 in 1991. 'n Groot probleem wat deurlopend sedert onafhanklikwording ervaar is, is om onderwysers met toepaslike kwalifikasies te werf. Daar is egter prysenswaardige stappe gedoen deur die regering om die probleem die hoof te bied. In 1976 was daar net 375 onderwysers wat oor 'n universiteitsgraad en 'n onderwysdiploma beskik het. Dit het aange groei tot 942 in 1992. In 1976 was daar

net 37 onderwysers met 'n st 10-kwalifikasie en 'n onderwysdiploma teenoor die 1,467 in 1992 (Ministry of Education, 1993:20). In 1968 is onderwysers vir die junior sekondêre fase nog opgelei aan die Universiteit van Lesotho, Botswana en Swaziland en aan die William Pitcher Onderwyskollege in Swaziland. Vir die senior sekondêre fase is onderwysers ook opgelei aan die Universiteit van Lesotho, Botswana en Swaziland, in die Republiek van Suid-Afrika en oorsee. Laasgenoemde opleiding het egter op 'n baie klein skaal geskied. Onderwysers vir tegniese vakke is ook opgelei aan S.C.O.T. Vanaf 1984 tot 1990 het die Ohio Universiteit in samewerking met die regering van Swaziland 'n onderwysersopleidingsprojek wat deur USAID geborg is van stapel laat loop om sodoende 'n bydrae te lewer om beter gekwalifiseerde onderwysers beskikbaar te stel (Ministry of Education, 1993a:29-30). In 1980 was net sowat 75,5% van die onderwysers in die sekondêre skool professioneel gekwalifiseerd. Die getal het in 1990 aange groei tot 91,5%. Die Ministerie van Onderwys het sedert 1973 gebruik gemaak van indiensopleiding ten einde die kwalifikasies van onderwysers te verbeter. Aspekte waaraan ernstige aandag geskenk is, is die opleiding van onderwysers vir die skaars vakke soos wiskunde en wetenskap asook vir die praktiese studierigting wat vir die regering op daardie stadium 'n hoë prioriteit was (Magagula, 1988:21).

Tans mag 'n onderwyser by 'n sekondêre skool met 'n onderwysdiploma tot st. 8 skoolhou terwyl 'n onderwyser vir die senior sekondêre fase oor 'n graad en 'n onderwysdiploma moet beskik (Swaziland Government, 1993:118). In 1976 was slegs 84% van die onderwysers in die sekondêre skole burgers van die Koninkryk van Swaziland teenoor die 95% in 1992 (Ministry of Education, 1993a:20). Tans bestaan die tendens dat onderwysers wat in Swaziland opgelei word, uitwyk na Kangwane in die RSA omdat dit 'n Swazisprekende gebied is om daar onderwys te gee. Die oorsaak vir die optrede is omdat onderwysers in die RSA beter salarisse kan verdien (Magagula, 1994).

5.2.4.7 Onderrigmedium

Die medium van onderrig in die sekondêre skool sedert onafhanklikwording is Engels.

5.2.4.8 Fisiese fasiliteite

Sedert onafhanklikwording in 1968 ondervind die Ministerie van Onderwys steeds dieselfde probleem, naamlik dat daar nie voldoende plek is vir al die sekondêreskoolleerlinge nie, onder andere weens die feit dat daar te veel leerlinge is wat 'n standaard moet herhaal. Die gebrek aan voldoende fondse vir die oprigting en toerus van nuwe klaskamers was steeds 'n ernstige struikelblok in die weg van die ontwikkeling van voldoende

fisiese fasiliteite in die sekondêre skool (Swaziland Government, 1973:165). Die getal sekondêre skole het toegeneem van 76 in 1978 tot 86 in 1982 en die getal klaskamers met 274 teenoor die beplande 739 vir die onderhawige tydperk, dus 'n tekort van 63% (Swaziland Government, 1983:247). In 1990 het die Ministerie van Onderwys die ernstige behoefte aan die daarstelling van geboue en toerusting geïdentifiseer want oorvol klaskamers en 'n gebrek aan toerusting is remmende faktore wat 'n ernstige invloed gehad het op die kwaliteit van die onderwys. Dit word egter beklemtoon dat gemeenskapsbetrokkenheid in die daarstelling van fasiliteite noodsaaklik is (Swaziland Government, 1990:76).

5.2.4.9 Eksamenstelsel

Aan die einde van die junior sekondêre fase wat drie jaar duur, lê die leerlinge 'n junior sertifikaateksamen af wat toegang verleen tot die senior sekondêre fase. Toelating tot die volgende fase word gekoppel aan die mannekragbehoefes van die land. Aan die einde van die senior sekondêre fase word die eksamen vir die Cambridge Overseas School Certificate afgelê wat toegang verleen tot tersiêre opleiding aan die Universiteit van Swaziland. In 1984 is bevind dat slegs 2% van die leerlinge daarin geslaag het om te vorder van Graad 1 tot st 10 in die voorgeskrewe 12 skooljare (Lulsegged, 1985:29). In 1990 is besluit om die junior sertifikaateksamen geleidelik uit te faseer en dit te vervang met 'n stelsel van kontinue evaluering en diagnostiese meting (Swaziland Government, 1990:76).

5.2.5 Spesiale onderwys

5.2.5.1 Agtergrond

Voor onafhanklikwording was dit die plig van die gemeenskap om om te sien na jeugdiges en volwassenes wat nie in staat was om gewone onderwys te ontvang nie (Mthethwa, 1985:192). Voor 1983 was spesiale onderwys onder beheer van die Departement van Gemeenskapsontwikkeling en Welsyn, 'n afdeling van die Ministerie van Onderwys onder wie se beheer dit tans is. Daar is ook ander organisasies wat op hierdie terrein werksaam is en gekoördineer word deur die Swazilandse Nasionale vereniging vir Gestremdes (Swaziland Government, 1985:36).

5.2.5.2 Algemene organisasie van spesiale onderwys

Weens die groeiende behoefte aan spesiale onderwys is daar twee nuwe skoolkategorieë bygevoeg by die bestaande drie in 1983. Daar word voorsiening gemaak vir kinders met 'n gehoorprobleem, verstandelik en fisiek gestremdes. Spesiale onderwys word hoofsaaklik behartig deur die sendingaksie. By hierdie skole bestaan daar koshuise en die leerlinge gaan gewoonlik slegs gedurende vakansietye huis toe (Mthethwa, 1985:193).

5.2.5.3 Toelatingsvereistes

Leerlinge verkry toelating wanneer hulle geïdentifiseer word by voorskoolse sentra of in die primêre skool. Hierna vind klassifikasie plaas vir oorplasing na die korrekte skool (Swaziland Government, 1985:37).

5.2.5.4 Statistiese gegewens

Gedurende die derde beplanningsperiode toe spesiale onderwys deur die Ministerie van Onderwys oorgeneem is, is E225,000-00 aan hierdie sektor van die onderwys spandeer (Magagula, 1990:42). In 1993 was daar 102 leerlinge en 9 onderwysers verbonde aan die Ekswetsembeni-skool vir verstandelik agtergeblewe kinders. Die Siteki-skool vir dowes het in dieselfde tyd oor sowat 90 leerlinge beskik (Ministry of Education, 1993:18).

5.2.5.5 Die kurrikulum

Daar word in hoofsaak gekonsentreer op praktiese vakke vir die gestremde leerlinge (Magagula, 1990:49). Daar word ook beplan om in die toekoms 'n spesiale onderwys-program by gewone skole in te stel (Swaziland Government, 1993:119).

5.2.5.6 Personeelvoorsiening

Gekwalifiseerde onderwysers wat hoofsaaklik in die Republiek van Suid-Afrika en in Malawi opgelei is, is in diens by spesiale skole (Ministry of Education, 1993a:18). Daar word ook in die vooruitsig gestel om 'n kursus in spesiale onderwys by al die onderwyskolleges in te stel (Swaziland Government, 1993:119).

5.2.5.7 Onderrigmedium

Die medium van onderrig is in hoofsaak Siswati maar daar word ook gebruik gemaak van Engels.

5.2.5.8 Fisiese fasiliteite

Die fisiese fasiliteite bestaan in hoofsaak uit klaskamers, werkinkels vir praktiese vakke en koshuise (Ministry of Education, 1993a:18). Daar word ook in die vooruitsig gestel om in die nabye toekoms 'n preprimêre skool vir dowes met drie klaskamers by die skool vir dowes op Siteki op te rig. Verdere uitbreiding op Siteki behels die oprigting van 'n huishoudkundesentrum, die uitbreiding van die saal en kombuis asook 'n sentrum vir voorberoepsopleiding (Swaziland Government, 1993:119).

5.2.6 Onderwysersopleiding

5.2.6.1 Agtergrond

Voor onafhanklikheid was die opleiding van onderwysers nog heeltemal onderontwikkeld. Onderwysers vir die sekondêre skool is hoofsaaklik buite Swaziland opgelei en wel in Lesotho by Morija, in die Republiek van Suid-Afrika en oorsee. Met onafhanklikwording in 1968 was daar slegs twee onderwyskolleges, nl. die William Pitcher-, en die Nazerene-kolleges. Na onafhanklikwording is die Ngwane-kollege gebou met buitelandse hulp en het die U.B.L.S. ook 'n bydrae gelewer tot onderwyseropleiding, maar dit was baie gering (Ministry of Education, 1993a:28-29).

5.2.6.2 Algemene organisasie van onderwysersopleiding

Die doel met onderwysersopleiding aan die kolleges vir onderwysersopleiding is om 'n kursus daar te stel wat bestaan uit vakke wat in die skool aangebied word, ten einde die akademiese agtergrond van die kandidaat te verbreed. Die aspirantonderwyser kry ook die geleentheid om na praktiese demonstrasies van die onderwyspraktyk te kyk en om self praktiese ondervinding by sekere skole op te doen. Verder kry hulle opleiding in onderwysmetodologie, die voorbereiding van lesse en metodes van evaluering. Daar word ook kursusse in verdere opleiding aangebied ten einde onderwysers in staat te stel om hulle self beter te bekwaam vir die beroep (Swaziland Government, 1983:434).

Onderwysers vir die tegniese studierigtings word ook opgelei by die Swaziland College of Technology (S.C.O.T.) (Ministry of Education, 1993a:37).

5.2.6.3 Toelatingsvereistes

Die toelatingsvereistes tot die onderwysberoep is sedert onafhanklikwording by verskillende geleenthede aangepas ten einde te voldoen aan die gestelde vereistes op daardie spesifieke stadium. In 1968 is 'n tweekjarige diplomakursus aangebied, nl. die primêre onderwysertifikaat waarvan die toelatingsvereiste slegs die besit van die junior skool-sertifikaat was (Swaziland Government, 1983:434). Toelatingsvereistes vir die sekondêre onderwysertifikaat was in 1968 slegs 'n matrieksertifikaat. Hierdie vereiste is mettertyd verhoog en moet die kandidaat tans slaag met 'n C-simbool as gemiddeld en 'n C-simbool in elkeen van die drie vakke waarin verdere opleiding ondergaan wil word. Een van die vakke kan Engels wees, terwyl dit 'n vereiste bly dat die kandidaat wel 'n slaagsyfer in Engels moet behaal. Vir opleiding aan die Universiteit van Swaziland moet aan die vereistes vir universiteitstoelating voldoen word (Ministry of Education, 1993a:29).

5.2.6.4 Statistiese gegewens

In die tydperk 1982 tot 1993 het die Universiteit van Swaziland 126 onderwysers opgelei. By die drie onderwyskolleges studeer daar tans sowat 380 studente per jaar af. Die projek vir indiensopleiding van onderwysers het in 1972 begin met die doel om die sowat 600 ondergekwalfiseerde onderwysers in fases verder op te lei. In 1976 is die projek verder uitgebrei en voorsiening is gemaak vir die opleiding in fases van 'n verdere 500 ondergekwalfiseerde onderwysers. Toe die projek in 1984 voltooi is, het sowat 1100 onderwysers baat gevind by die projek wat in samewerking met UNESCO aangepak is (Ministry of Education, 1993a:32-33).

5.2.6.5 Die kurrikulum

Die kurrikulum vir onderwysersopleiding het sedert onafhanklikheid heelwat verandering ondergaan, ten einde in die steeds groeiende behoeftes van die land te kan voorsien. Die basiese beginsels wat geldend is, is die volgende:

- akademiese opleiding in vakke wat in die skole aangebied word;
- bywoning van praktiese demonstrasies van die onderwyspraktyk;
- praktiese onderwys;
- vakdidaktiek, lesvoorbereiding en evaluering.

Aan die Universiteit van Swaziland word tans ook 'n B.Ed.-kursus aangebied asook 'n deelydse onderwysdiploma. Daar word ook sedert 1991 kursusse in skooladministrasie aangebied vir hoofde van primêre en sekondêre skole. Onderwysers verbonde aan die primêre skool kan ook sedert 1992 indiensopleiding ondergaan in die gebruik van diagnostiese meting en kontinue evaluering (Ministry of Education, 1993a:32-36). Die kurrikulum vir onderwysersopleiding het altyd ooreengestem met die kurrikulum van die primêre en sekondêre skole, ten einde die effektiwiteit van die leersukses van die studente op die gestelde standaard te hou (Swaziland Government, 1992:121).

5.2.6.6 Personeelvoorsiening

Personeel vir die opleiding van onderwysers aan die onderwyskolleges en die universiteit bestaan uit plaaslike personeel asook personeel wat voorsien word deur skenkerorganisasies, byvoorbeeld USAID. Die regering stuur dan ook gereeld dosente oorsee vir graad- en nagraadse studies met die hulp van instansies soos die E.E.C., die Britse Konsulaat, USAID en die Australiese en Kanadese Regerings (Ministry of Education, 1993a:36). Dieselfde geld vir die doserende personeel verbonde aan S.C.O.T. wat met hulp van die Wêreldbank hul vermoens kan verbeter aan oorsese inrigtings (Ministry of Education, 1993a:37).

5.2.6.7 Onderrigmedium

Die medium van onderrig vir die opleiding van onderwysers is Engels, behalwe waar Siswati as vak geneem word (Magagula, 1994)

5.2.6.8 Fisiese fasiliteite

In 1968 het daar slegs twee onderwyskolleges bestaan. In 1982 is 'n derde kollege bygevoeg en in dieselfde jaar het UNISWA volle status as universiteit gekry. In die laat sewentigerjare het S.C.O.T. ook begin met die opleiding van onderwysers vir die tegniese studierigting. Al die inrigting is deeglik toegerus vir hulle taak met die hulp van skenkerorganisasies. Die regering van Swaziland dra ook sorg dat daar na behore omgesien word na die inrigtings in die begroting (Ministry of Education, 1993a:28, 35 en 36).

5.2.6.9 Eksamenstelsel

Aan die einde van elke akademiese jaar word 'n eksamen afgelê. As die jaareksamen suksesvol voltooi word, ontvang die kandidaat aan die einde van die tweede, derde of

vierde akademiese jaar 'n onderwysdiploma afhangende van die kursus wat gevolg is. Sedert onafhanklikheid was daar merkwaardige verandering in die diplomas wat toegeken is, ten einde tred te hou met die verandering en groei wat daar in die onderwys plaasgevind het (Ministry of Education, 1993a:29).

5.2.7 Tersiëre onderwys

5.2.7.1 Agtergrond

Die Universiteit van Botswana, Lesotho en Swaziland (UBLS) het in 1964 tot stand gekom. Die Universiteit se hoofsetel was geleë in Roma in Lesotho, maar daar was geen sigbare aanduiding dat die Universiteit wel in Swaziland bestaan het nie. Eers in 1970 is die Swazilandse Landboukollege by die UBLS ingelyf. (Ministry of Education, 1993a:27-28). In 1975 is die UBLS formeel ontbind en het die Universiteit van Botswana en Swaziland tot stand gekom. In 1982 is die bilaterale ooreenkoms beëindig en het die Universiteit van Swaziland (UNISWA) met 'n eie identiteit tot stand gekom (Government of Swaziland, 1985:34).

5.2.7.2 Algemene organisasie van tersiëre onderwys

Die aktiwiteite en funksies van die Universiteit word gemonitor en gekoördineer deur die sentrale administratiewe eenheid wat onder direkte beheer staan van die vise-kanselier. Hy is ook die hoof akademiese, administratiewe en dissiplinêre beampte van die universiteit. Die registrateur is verantwoordelik vir die beheer oor die administratiewe en professionele funksies terwyl die tesourier (stipendiaat) verantwoordelik is vir die finansiële administrasie (Swaziland Government, 1983:436). Die universiteit het die mandaat om hoëvlakmannekrag vir die land se ontwikkelingsbehoefes op te lei (Ministry of Education, 1993:28).

5.2.7.3 Toelatingsvereistes

Om toelating te verkry moet 'n persoon die skooleindeksamen op die A-vlak (A-level) geslaag het.

5.2.7.4 Statistiese gegewens

In 1964 het die universiteit begin met 188 studente. Tussen 1982 en 1992 het die universiteit 2,189 graduandi gelewer wat voorwaar 'n besondere prestasie is vir 'n land

met minder as 'n miljoen inwoners. In 1970 het UBLS oor 18 departemente beskik. Hierdie getal het in 1982 gegroei tot 22 en tans is daar 28 akademiese departemente. Dit is ook interessant dat tydens die eerste 10 jaar van die bestaan van UNISWA daar ernstig gepoog is om die natuurwetenskaplike studierigting te promoveer. Die volgende uiteensetting gee 'n duidelike beeld hiervan:

Natuurwetenskappe	448
Sosiale wetenskappe	305
Landbou	246
Handel	320
Geesteswetenskappe	385
Regte	359

(Ministry of Education, 1993a:27 - 28)..

5.2.7.5 Die kurrikulum

Die kurrikulum vir elke fakulteit van die universiteit word bepaal volgens die mannekrag-behoefte van die land.

5.2.7.6 Personeelvoorsiening

Die personeelvoorsieningskaal is besonder hoog. Die student/dosentverhouding staan deurgaans op 'n gemiddeld van 5:1. Daar word ook gestreef om die diensvoorwaardes so aantreklik moontlik te maak ten einde personeel van hoë akademiese standaard vir dienslewering aan die Universiteit te werf (Magagula, 1990:59).

5.2.7.7 Onderrigmedium

Die onderrigmedium is Engels behalwe in die geval waar Siswati as vak aangebied word (Magagula, 1990:59).

5.2.7.8 Fisiese fasiliteite

Die fasiliteite van die universiteit by die hoofkampus te Kwaluseni asook die kampus van die landboufakulteit te Luyengo is van 'n hoë standaard wat hoofsaaklik gewyt kan word aan die bydraes van skenkerorganisasies (Ministry of Education, 1993:36).

5.2.7.9 Eksamenstelsel

Eksamens word afgelê aan die einde van elke akademiese jaar, ten einde die suksesvolle aflegging van die besondere jaar te bepaal. By aflegging van 'n bepaalde kursus word die toepaslike graad toegeken. Graadkursusse het voorheen vier jaar geduur maar tans duur dit net drie jaar (Magagula, 1994).

5.2.8 Onderwys vir volwassenes

5.2.8.1 Agtergrond

Onderwys vir volwassenes word tans hanteer deur die Sebenta National Institute. Dit het in 1961 tot stand gekom as 'n vrywillige organisasie met die oogmerk om die gemeenskap te ontwikkel en ongeletterdheid onder volwassenes teen te werk en het bekend gestaan as die Sebenta Society. In 1972 is besluit op 'n meer omvattende benadering om ongeletterdheid teen te werk en die klem het nou geval op die ontwikkeling van geletterdheid in Siswati en in 1980 het daar 'n nuwe ortografiese benadering die lig gesien wat gekoppel was aan die ekonomiese en sosiaal-bekende leefwêreld van die volwasse leerder (Mthethwa, 1985:184-185).

5.2.8.2 Algemene organisasie van onderwys vir volwassenes

Hoewel die Sebenta National Institute onder die Ministerie van Onderwys ressorteer word dit beheer deur 'n onafhanklike raad wat as beleidmakers optree. In hierdie raad is die Ministeries van Binnelandse Sake, Gesondheid, Landbou, Finansies en Onderwys verteenwoordig asook die Universiteit van Swaziland saam met die ses verteenwoordigers van die Instituut. Aan die hoof van die organisasie staan 'n uitvoerende hoofbeampte. Die land is verdeel in nege streke met 'n streeksbeampte aan die hoof daarvan wat verantwoordelik is vir die organisasie van volwasse onderwys in daardie streek (Mthethwa, 1985:187). Die instuut vir volwasse onderwys word finansiële gerugsteun deur die Swazilandse regering en vele buitelandse organisasies, byvoorbeeld UNESCO, UNDP, en CDC. (Ministry of Education, 1993a:18).

5.2.8.3 Toelatingsvereistes

Die volgende toelatingsvereistes word gestel vir die geletterdheidsprogramme (Mthethwa, 1985:188):

- 'n Persoon moet tussen 10 en 45 jaar oud wees;
- moet totaal ongeletterd wees;
- 'n persoon moet homself verbind tot volle en gereelde deelname aan die kursus;
- 'n registrasiefooi is betaalbaar deur die leerders.

5.2.8.4 Statistiese gegewens

Die bevolkingsensus van 1966 het aan die lig gebring dat 70% van die bevolking ongeletterd is. Die 1976-sensusopname het getoon dat hierdie getal verminder het na 60% (Mthethwa, 1985:186). Gedurende die afgelope 25 jaar het meer as 67,000 volwassenes baat gevind by die programme van Sebenta. Die meeste van hierdie mense was vroue. Dit is nie moontlik om in die steeds groeiende behoefte van ongeletterdheid te voorsien nie aangesien Sebenta jaarliks daarin geslaag het om slegs ongeveer 2,000 mense geletterd te maak. Die getal ongeletterdes groei aan teen 'n tempo van ongeveer 3,500 per jaar aan wat te wyte is aan die groot uitvalsyfer in die primêre skool voordat die leerlinge die vlak van st. 2 bereik het (Ministry of Education, 1993a:18).

5.2.8.5 Die kurrikulum

Die kurrikulum is daarop gemik om aan die ongeletterde Swaziburger die basiese vermoë in Seswati aan te leer wat die leerder moet help om te lees en te skryf (Ministry of Education, 1993a:18). Verdere gevorderde kursusse kan ook gevolg word om dieselfde vermoë te ontwikkel in Engels asook 'n syferkennis (Swaziland Government, 1973:196).

5.2.8.6 Personeelvoorsiening

Die personeel funksioneer op 'n vrywillige basis. Persone wat belang stel kry 'n vyfdagopleiding in die hantering van die programme. Hierdie persone word vergoed deur die betaling van 'n honorarium. Hierdie instrukteurs staan onder beheer van 'n opsiener by elke sentrum (Mthethwa, 1985:187).

5.2.8.7 Onderrigmedium

Die onderrigmedium is Siswati en Engels (Ministry of Education, 1993a:19).

5.2.8.8 Fisiese fasiliteite

Opleiding word verskaf in die bestaande skole, werkplekke, markte en ander gemeenskapsgeboue (Swaziland Government, 1978:190).

5.2.8.9 Eksamenstelsel

Geen formele eksamens word afgelê nie. Wanneer 'n kandidaat die basiese vereistes vir lees en skryf bemeester het, word hierdie mylpaal deur die betrokke streek gesertifiseer (Mthethwa, 1985:187).

5.2.9 Nieformele onderwys

5.2.9.1 Agtergrond

In 1976 het die Ministerie van Onderwys agt plattelandse onderwysentrums (Rural Education Centres) (REC'S) opgerig (Ministry of Education, 1993a:25).

5.2.9.2 Algemene organisasie van die nieformele onderwys

Die doel van hierdie sentra was om nieformele onderwysprogramme daar te stel waar volwassenes en vroeë skoolverlaters opleiding kan ontvang in praktiese rigtings ten einde die persone in staat te stel om hulle self te kan onderhou deur selfemplojering (Ministry of Education, 1993a:25). Daar is verder beoog om deur die sentrums fasiliteite beskikbaar te stel aan die regering en nieregeringsinstansies om opvoedkundige programme aan te bied wat sal help om die plattelandse gemeenskap verder te ontwikkel (Swaziland Government, 1983:442). Die programme word onder andere geborg deur die W.K. Kellogg Foundation van die V.S.A. Die organisasie, International Labour Organization skill development project for self-reliance (ILO/SDSE) borg ook lenings by die Swazibank vir persone wat die kursusse suksesvol voltooi het en 'n eie sake-onderneming wil begin (Ministry of Education, 1993a:26).

5.2.9.3 Toelatingsvereistes

Die volgende persone kan toelating verkry by die sentrums:

- Kinders en jong volwassenes wat nooit die geleentheid gehad het om skool by te woon nie.

- Jong volwassenes wat uitgeval het uit die formele skoolstelsel.
- Ouer mans en vroue wat in die plattelandse gebiede woonagtig is.
- Persone wat spesifieke opleiding in die formele skool deurloop het, maar verdere opleiding nodig het ten einde aan die gestelde arbeidsbehoefes te voldoen (Mthethwa, 1985:211).

5.2.9.4 Statistiese gegewens

Sedert die instelling van die sentrums het meer as 400 plattelandse volwassenes en jeugdiges by die kursusse gebaat (Ministry of Education, 1993a:25).

5.2.9.5 Die kurrikulum

Populêre kursusse wat aangebied word by die sentrums is die volgende:

- Naaldwerk.
- Breiwerk.
- Houtwerk.
- Handwerk.
- Landbou (groenteproduksie).
- Akademiese vakke, rekenaarkursusse, tikskrif en sekretariële kursusse vir plattelandse jeugdiges wat nie in staat is om by groter sentra opleiding te ontvang nie (Ministry of Education, 1993a:25).

5.2.9.6 Personeelvoorsiening

Die personeel wat aanvanklik voorsien is, was Swaziburgers maar hulle het nie oor die kwalifikasies en kennis beskik om die sentrums na behore te laat funksioneer nie. Gevolglik was die regering genoodsaak om personeel aan te stel afkomstig van die American Peace Corps Volunteers (Mthethwa, 1985:213). Tans word daar weer gedeeltelik van Swaziburgers gebruik gemaak om die opleiding waar te neem. (Ministry of Education, 1993a:25).

5.2.9.7 Onderrigmedium

Die onderrigmedium is Siswati en Engels.

5.2.9.8 Fisiese fasiliteite

Geboue word voorsien aangrensend aan bestaande primêre en sekondêre skole (Ministry of Education, 1993a:25). Die nodige toerusting vir die aanbieding van die onderskeie kursusse word voorsien deur fondse afkomstig van die Wêreldbank en die Ministerie van Onderwys (Mthethwa, 1985:213).

5.2.9.9 Eksamenstelsel

Eksamens in akademiese vakke word afgelê volgens die standarde van die formele onderwys.

5.2.10 Afstandsonderwys

5.2.10.1 Agtergrond

'n Deense ontwikkelingsagentskap wat aanvanklik Ephesus House genoem is, het in Januarie 1973 die sentrum vir afstandsonderrig gestig. Dit het aanvanklik opleidingsgeleenthede beskikbaar gestel aan Suid-Afrikaanse vlugtelinge, maar later is Swaziburgers ook toegelaat (Ministry of Education, 1993a:24). Die toegewydheid van studente in die beginjare was baie goed aangesien dit middeljarige persone was wat weens 'n gebrek aan geleenthede hul kwalifikasies wou verhoog. Tans word die probleem ervaar dat daar 'n gebrek aan toewyding te bespeur is omdat studente wat registreer hoofsaaklik uit die uitvalgroep kom wat nie in die gewone skool kon vorder nie (Ministry of Education, 1993a:25). Die Ministerie van Onderwys aanvaar volle verantwoordelikheid vir die sentrum onder die naam van Swaziland International Education Centre in April 1978 (Government of Swaziland, 1978:195). Sedert 1981 staan dit bekend onder die huidige naam, naamlik Emlalati Development Centre (Place of sharpening) (Mthethwa, 1985:182).

5.2.10.2 Algemene organisasie

Die sentrum word beman deur personeel wat werkboeke voorberei en aan die studente voorsien. Die sentrum lewer ook 'n diens ten opsigte van residensiële klasse ten einde studente wat probleme ervaar by te staan. Personeel beweeg na die afgeleë gebiede om die taak te verrig. Daar word ook van plaaslike onderwysers gebruik gemaak om die ondersteuningsdiens aan studente te lewer (Mthethwa, 1985:181).

5.2.10.3 Toelatingsvereistes

Die volgende toelatingsvereistes is geldend (Mthethwa, 1985:183):

- Vir toelating tot 'n kursus in beroepsgerigte onderwys is die besit van 'n junior sertifikaat nie 'n vereiste nie;
- vir toelating tot die junior en senior sertifikaatkursusse moet die kandidaat bewys lewer dat hy/sy die vorige standerd met goeie gevolg afgelê het;
- vir toelating tot die landboukursus vir onderwysers moet die kandidaat in besit wees van 'n onderwyskwalifikasie van die primêre skool (Mthethwa, 1985:183).

5.2.10.4 Statistiese gegewens

Sedert die regering verantwoordelikheid vir die sentrum aanvaar het, het sowat 9 500 studente gekwalifiseer in die verskillende rigtings. Tans is daar 'n gemiddelde studentetal van sowat 850 per jaar wat geregistreer is. Emlalati lewer ook 'n diens ten opsigte van die herstel van skoolmeubels deurdat studente wat aanmeld vir kort praktiese kursusse in houtwerk ingespan word om die taak te verrig as deel van die praktiese onderrig. So byvoorbeeld is 4,200 skoolmeubeleenhede deur die sentrum gedurende 1992 herstel (Ministry of Education, 1993:24).

5.2.10.5 Die kurrikulum

Die kurrikulum is aangepas om die verskillende kursusse te komplementeer. So byvoorbeeld korrespondeer die vakke wat aangebied word vir die junior en senior sertifikaat grootliks met die van die formele onderwys. Die kurrikulum vir die kursus in houtwerk is 'n kursus wat 'n jaar lank duur en is in teenstelling met die ander kursusse wat aangebied word, slegs residensieel van aard. Die kurrikulum vir die landboukursus vir onderwysers wat in 'n indiensopleidingskursus is, strek oor twee jaar en bestaan uit drie fases, naamlik 'n residensiële gedeelte wat ses weke lank duur en praktyk gerig is. Die volgende fase strek oor 'n jaar en in die tyd word daar maandeliks werkstukke inlewer. Die derde fase is 'n inspeksie- en opvolg besoek deur die doserende personeel waar praktiese werk geëvalueer word (Mthethwa, 1985:183).

5.2.10.6 Personeelvoorsiening

Aanvanklik is personeel verskaf deur 'n Deense ontwikkelingsagentskap, maar nadat die sentrum deur die regering oorgeneem is, word personeel voorsien deur die Ministerie van Onderwys (Mthethwa, 1985:181).

5.2.10.7 Onderrigmedium

Die onderrigmedium is Engels.

5.2.10.8 Fisiese fasiliteite

Die Sentrum word tans bedryf vanaf die kampus van UNISWA (Magagula, 1994).

5.2.10.9 Eksamenstelsel

Eksamens word afgelê by 'n eksamenentrum wat vooraf bepaal is aangesien dit die oogmerk van die sentrum is om die onderwys na die gemeenskap te neem. Op die wyse word aan studente in die meer afgeleë dele van die land toegang tot verdere opleiding gebied (Magagula, 1994).

5.2.11 Beroepsgerigte onderwys

5.2.11.1 Agtergrond

Die hoofbron vir tegniese en beroepsopleiding in Swaziland is die Swaziland College of Technology (S.C.O.T.). Dit is in 1946 gestig as 'n ambagskool. In 1974 is kursusse vir tegnisi ingestel (Bishop & Atherton, 1981:5). Tans is dit in hoofsaak betrokke by die opleiding van middelvlak tegniese personeel en vakmanne. S.C.O.T. het 'n residensiële kapasiteit van vir meer as 600 studente per jaar (Ministry of Education, 1993a:36). Weens die groot behoefte aan tegniese, handels en ander beroepsopleiding as gevolg van die klemverskuiwing na die meer prakties-georiënteerde beroepe is nog opleidingsentra in die lewe geroep. So het die Vocational and Commercial Training Institute (VOCTIM) in 1987 tot stand gekom. In 1984 het die Manzini Industrial Training Centre (M.I.T.C.-Emakhonweni) tot stand gekom en is eers in 1991 formeel geopen deur Koning Mswati III. Die Nhlngano Agricultural Skills Training Centre (NASTC) het in Oktober 1992 sy eerste studente ingeneem en in Februarie 1993 is afdelings vir motorwerktuigkunde en metaalwerk geopen (Ministry of Education, 1993a:36-40).

5.2.11.2 Algemene organisasie van beroepsgerigte onderwys

Die hoofdoel van die sentra vir beroepsgerigte onderwys is om kursusse aan te bied wat deur die industrie en tegniese sektore benodig word ten einde die werkloosheid-probleem die hoof te bied. Hierdie sentra word hoofsaaklik gefinansier deur die Europese gemeenskap, die Duitse regering en die regering van Swaziland wat die fondse van ander skenkerorganisasies kanaliseer. Die sentra ervaar druk om meer studente in te neem as wat daar voorsiening voor gemaak is. Ongeveer 95% van byvoorbeeld VOCTIM se studente word geabsorbeer deur die industrie en terugvoering toon dat die werkgewers baie tevrede is met die standaard van opleiding wat verskaf word (Ministry of Education, 1993a:36-38).

5.2.11.3 Toelatingsvereistes

Die toelatingsvereistes wissel van kursus tot kursus, hangende die kompleksiteit van die kursus. So byvoorbeeld vereis toelating tot die kursus vir die hotelbedryf slegs 'n junior sekondêre kwalifikasie terwyl 'n senior sekondêre kwalifikasie vereis word vir meganiese en elektriese ingenieurswese en tegniese dienste (Swaziland Government, 1993:117-118).

5.2.11.4 Statistiese gegewens

Die groeiende behoefte aan beroepsgerigte opleiding om werkloosheid teen te werk en die toename in populariteit word geïllustreer deur die feit dat daar gedurende die laaste dekade drie nuwe sentra tot stand gekom het en dat daar steeds nie in die behoeftes van die leerders voorsien kan word nie. Die getal nuwe kursusse neem steeds toe om in die toenemende behoefte te voorsien. Die konstante groei op hierdie vlak van die opleiding word in tabel 5.6 duidelik weerspieël (Swaziland Government, 1993:118). Die grootste groei in die tyd is egter te bespeur in die departement vir tegniese onderwysersopleiding waar dit gegroei het met 3050%.

TABEL 5.6: INSKRYWING AAN SCOT VOLGENS DEPARTEMENTE,
1987 TOT 1992

DEPARTEMENT	1987	1988	1989	1990	1991	1992
Meganies	43	59	35	19	56	48
Elektries	65	63	61	89	74	78
Motor	114	103	113	70	101	101
Konstruksie	47	157	103	101	156	124
Spyseniering	21	24	22	23	24	24
Handel	123	153	136	157	170	161
Onderwysersopleiding	4	59	79	92	96	126
Houtwerk	26	18	12	2	6	15
TOTAAL	443	636	561	553	683	677

(Swaziland Government, 1993:118).

5.2.11.5 Die kurrikulum

Die kurrikulum bestaan uit 'n wye reeks vakke wat op die tegniese terrein gebaseer is sowel as op die gebied van die handel asook onderwysersopleiding om in die behoefte aan tegniese vakke op sekondêre skoolvlak te voorsien. Van die kursusse wat aangebied word duur vier jaar terwyl die meeste slegs drie jaar duur vir die verwerwing van 'n sertifikaat. Die kurrikulum bestaan verder uit 'n teoretiese en 'n praktiese gedeelte wat by die industrieë en onder toesig van gekwalifiseerde vakmanne afgeleë moet word. Op hierdie terrein word probleme ervaar omdat die industrieë nie altyd geneë is om studente op te neem nie aangesien hulle net belangstel in gekwalifiseerde vakmanne (Ministry of Education, 1993a:38).

5.2.11.6 Personeelvoorsiening

Personeel is aanvanklik in die buiteland gewerf, maar nou word van persone wat aan die verskillende sentra gekwalifiseer het, gebruik gemaak (Ministry of Education, 1993a:39).

5.2.11.7 Onderrigmedium

Die onderrigmedium is Engels.

5.2.11.8 Fisiese fasiliteite

Die sentra beskik oor genoegsame fasiliteite vir die opleiding wat gedoen moet word. S.C.O.T. is die enigste sentrum waar fasiliteite bestaan wat meer as tien jaar oud is. Die ander sentra is gedurende die laaste dekade opgerig met die hulp van skenkerorganisasies soos die Wêreldbank (Ministry of Education, 1993a:36).

5.2.11.9 Eksamenstelsel

Finale eksamens word aan die einde van die kursus afgelê en sertifisering vind plaaslik plaas deur oorsese instansies, byvoorbeeld Pitman, AAT, en City and Guilds (Ministry of Education, 1993a:36).

5.2.12 Gedifferensieerde onderwys

In Swaziland bestaan die enigste differensiasie in skooltipes. Daar is gewone primêre en sekondêre skole en andersyds is daar skole vir blindes, dowes en gestremde leerlinge. Wat die differensiasie betref, bestaan daar net fasiliteite vir gestremde leerlinge op primêre vlak en gevolglik is daar geen voorsiening vir die leerlinge wanneer hulle hul primêre skoolfase voltooi het nie. Wat differensiasie in vakke betref, is daar wel skole wat 'n wye keuse aan leerlinge bied, maar by ander bestaan daar geen keuse nie. Daar word slegs 'n algemene kursus in alle skole aangebied. Daar word ook nie gedifferensieer in soverre dit potensiaal van leerlinge betref nie. Alle leerlinge ongeag die verstandelike vermoë word in dieselfde klas geplaas en ontvang dieselfde leerinhoud. Daar word dus nie gedifferensieer tussen die stadige leerders, die hoogbegaafdes en die wat oor spesiale vaardighede beskik nie (Sukati, 1985:224-225).

5.2.13 Samevatting

In hierdie hoofstuk is aan die verskillende elemente van die skoolstelsel in Swaziland aandag gegee. Wat preprimêre onderwys betref het daar geen infrastruktuur bestaan by onafhanklikwording nie. Die owerhede het egter die belangrikheid van die onderwysvlak besef en daar is met ontwikkeling op talle terreine begin, byvoorbeeld die ontwikkeling van 'n kurrikulum en die opleiding van toepaslik gekwalifiseerde personeel

(vgl. paragraaf 5.2.2). Van die begin van die negtentigerjare het die leerlinggetalle vinnig toegeneem en is ouers aangemoedig om meer betrokke te raak by hierdie fase van die opvoeding.

Primêre onderwys het konstant gegroei en daar is deurlopend pogings aangewend om alle leerders wat skoolpligtig is te akkommodeer. Hiermee was die regering suksesvol hoewel die hoë druipefers 'n groot struikelblok veroorsaak het omdat hierdie leerlinge plekke volgesit het wat bedoel was vir eerste toetreders. Die nuwe basiese onderwysprogram wat oor nege jaar strek is nog in die beginstadium van implementering (vgl. paragraaf 5.2.3).

Sekondêre onderwys het in die tydperk na onafhanklikwording na wense gegroei, maar struikelblokke is steeds ervaar in soverre dit die verskaffing van fisiese fasiliteite betref. 'n Besondere kenmerk van die sekondêre onderwys is dat die owerhede in die laaste dekade hoë prioriteit verleen het aan die voorsiening van beroepsgerigte onderwys (vgl. paragraaf 5.2.4).

Wat spesiale onderwys betref, was dit na onafhanklikwording die plig van die gemeenskap om om te sien na jeugdige wat nie in staat was om gewone onderwys te ontvang nie. Die behoefte is besef en daar is 'n begin gemaak met die oprigting van spesiale skole (vgl. paragraaf 5.2.5). Daar is tans nog 'n groot agterstand wat die verskaffing van die tipe onderwys betref.

Onderwysersopleiding is oor die jare aangepas volgens die behoeftes van die skoolkurrikulum. Hierdie aanpassing het nie altyd tred gehou met die veranderinge wat in die kurrikulum van die skole aangebring is nie. Aandag is geskenk aan die opgradering van onderwysers wat nie toepaslik gekwalifiseer was nie en daar is ook begin met die opleiding van meer onderwysers vir die tegniese studierigtings (vgl. paragraaf 5.2.6).

Aan tersiêre onderwys is baie aandag geskenk. Die ontwikkeling van die Universiteit van Swaziland het dit moontlik gemaak om te voorsien in die mannekragbehoefte van die land op die vlakke waarop daar deur die universiteit gespesialiseer word (vgl. paragraaf 5.2.7).

Die belangrikheid van onderwys vir volwassenes is besef, maar daar bestaan tans nog 'n tekort aan opleidingsfasiliteite in die sektor van die onderwys (vgl. paragraaf 5.2.8). Nieformele onderwys het ook sy beslag gekry in die tydperk en daar is vir mense geleenthede geskep om hulself te bekwaam deur die kursusse wat aangebied word (vgl. paragraaf 5.2.9).

Afstandonderwys se belang is in 1973 beseef omdat baie mense in die afgeleë landelike gebiede nie altyd toegang kon kry tot die formele onderwys nie weens groot afstande wat hoofsaaklik te voet afgeleë moes word (vgl. paragraaf 5.2.10).

Beroepsgerigte onderwys se waarde is beseef en die sektor van die onderwys ontvang die nodige ondersteuning ten opsigte van uitbreiding van die regering en skenkerorganisasies (vgl. paragraaf 5.2.11).

Daar word slegs op grond van skooltipes gedifferensieer. Die skoolstelsel kan nie slaag as dit nie gerugsteun word deur 'n behoorlike ondersteuningsdiens nie.

5.3 ONDERSTEUNINGSDIENSTE IN DIE SWAZILANDSE ONDERWYSSTELSEL

5.3.1 Inleiding

In die onderwysstelsel moet daar 'n spesifieke komponent wees wat doeltreffende onderrig-leer bevorder, naamlik die ondersteuningsdiens. Die ondersteuningsdiens is gewoonlik gerig op die ondersteuning van die onderriggewer ter bereiking van effektiewe onderrig en die ondersteuning aan die leerder ter bereiking van optimale leer (Steyn, 1991:43-44). Ondersteuningsdiens verskil ook van onderwysstelsel tot onderwysstelsel as gevolg van die behoefte in die bepaalde onderwysstelsel. Spesialiste op 'n betrokke vakgebied lewer gewoonlik die ondersteuningsdiens. In 'n ontwikkelde samelewing is daar moontlik meer spesialiste om die taak te verrig as wat dit die geval is met 'n ontwikkelende samelewing (Steyn, 1991:45). Die ondersteuningsdiens in Swaziland is nog nie na wense gevestig nie soos algaande waargeneem sal word, aangesien die stelsel nog gemeet kan word aan die eienskappe soos gemeld vir 'n ontwikkelende samelewing. Steyn (1991:44) maak melding van twee kategorieë ondersteuningsdiens. Vir die doel van hierdie bespreking word die indeling, naamlik ondersteuningsdiens aan leerders en ondersteuningsdiens aan die onderriggewer gebruik.

5.3.2 Ondersteuningsdiens aan die leerders

5.3.2.1 Opvoedkundige meting, leiding en sielkundige dienste

Voor onafhanklikwording in 1968 het daar geen voorligtingsdiens in skole bestaan nie. Op daardie tydstop het personeel van die UBLS by skole rondgegaan om studente te

werf. Tans is die Ministerie van Onderwys van mening dat opvoedkundige leiding met al sy komponente 'n integrale deel van die onderwys moet wees (Ministry of Education, 1993a:23). Hierdie afdeling het begin as die Regional Testing Centre (RTC) wat 'n diens gelewer het aan die privaat- en openbare sektore ten einde persone op die korrekte wyse aan op die arbeidsmark te wend. Die diens het in 1976 verander na die National Employment Service en het geressorteer onder beskerming van die kantoor van die Adjunk eerste minister wat ook ten doel gehad het die plasing van persone in die korrekte poste in die openbare sektor. In 1975 is 'n beroepsleidingafdeling in die lewe geroep wat hoofsaaklik inligting oor beroepsgeleenthede aan skoolverlaters versprei het. Hierdie inligting is versprei deur middel van brosjure en boeke soos die Forum Magazine en die Continuing Education Handbook for School Leavers. Daar is ook by elke sekondêre skool 'n beroepsvoorligtingonderwyser aangestel. In 1983 is hierdie dienste nl. Educational testing, Guidance and Psychological Services (E.T.G.P.S.) na die Ministerie van Onderwys verskuif. Hierdie verskuiwing maak dit moontlik dat die diens werklik by onderwysers en leerlinge uitkom; dit gee aan die diens sy regmatige plek waarvoor dit aanvanklik ingestel is (Ministry of Education, 1993a:22). Die hoofdoel van die diens is om omvattende en relevante inligting te verskaf oor loopbaanvooruitsigte, beroepsleiding, keuring, ontwikkeling van meetinstrumente en beroepsplasing. In die besonder stel die diens die volgende doelwitte (Swaziland Government, 1983:445-446):

- Om leerlinge oor loopbaankeuse en werkgeleenthede te adviseer;
- om metingsprogrammatuur daar te stel en te bestuur ten einde individuele aanleg vir verdere opleiding en beroepsplasing te bepaal;
- om 'n databank te administreer en in stand te hou oor die potensiaal van skoolverlaters in soverre dit skoolprestasie, aanlegtoetsresultate en mannekragpotensiaal betref;
- om ander departemente by te staan met dataverwerking;
- om seminare te reël vir onderwysers en aspirant-onderwysers oor opvoedkundige leiding.

Die E.T.G.P.S. het gedurende 1985 vir die eerste keer aanlegtoetse afgeneem van alle st 6-(Vorm I) en st 9-(Vorm IV) leerlinge. In die proses is 90 skole betrek met 'n totaal van 8,469 st 6-leerlinge en 3,236 st 9-leerlinge (Ministry of Education, 1985:91). Sedert 1990 is verder bepaal dat die aktiwiteite van die E.T.G.P.S. uitgebrei en verstewig moet word. Die volgende aspekte in die ontwikkeling dien vermeld te word (Ministry of Education, 1993a:22):

- 'n Sillabus is ontwikkel ten opsigte van opvoedkundige leiding vir gebruik in sekondêre skole;
- 90 persent van die skole het onderwysers in opvoedkundige leiding aangestel wat verantwoordelik is vir die programme in opvoedkundige leiding programme in die skole;
- hierdie onderwysers ontvang 'n toelaag vir hulle verantwoordelikheid;
- beroepsleiding word ook nou aangebied aan die onderwyskolleges;
- beroepsleiding is ook nou ingefaseer in die primêre skool in die vak sosiale studies hoofsaaklik as 'n beroepsbewusmakingsprogram;
- indiensopleiding vir hoofde van primêre skole en onderwysers vir st 5 leerlinge word in die vooruitsig gestel;
- die hulpdiens se personeel verbonde aan die ministerie het gegroei van vier tot tien lede;
- dienste word nou in al die streke gelewer;
- slegs personeel wat beskik oor 'n universiteitsgraad word vir die diens aangewend;
- 'n radioprogram word weekliks aangebied;
- die program, "Likusasa Lakho" is positief deur ouers ontvang en het hulle beweging om hulle kinders vir opvoedkundige leiding aan te meld;
- meting word nou op 'n jaarlikse basis gedoen vir alle leerlinge in st 6 en st 9.

Dit is dus duidelik dat daar baie vordering gemaak is op hierdie terrein van die onderwys sedert dit vir die eerste keer in skole ingestel is.

5.3.2.2 Die skoolbiblioteek en -mediadiens

In Swaziland ervaar die meeste skole probleme op hierdie terrein en die grootste struikelblokke wat geïdentifiseer is, is die volgende (Sukati, 1985:225):

- Skole beskik nie oor die nodige fondse om boeke aan te koop nie;
- instansies wat boeke skenk, voorsien nie boeke op alle terreine van die sekondêre skool nie en die skenkings is ook nie groot genoeg om al die skole te help nie;
- die Swazilandse Nasionale Biblioteekdiens ondervind 'n gebrek aan voldoende finansiering van die kant van die Ministerie; dusdoende is hulle nie in staat om effektiewe diens aan skole te lewer nie;
- daar is 'n gebrek aan gekwalifiseerde biblioteekpersoneel in die land maar veral in die skole;

- skole stel soms net 'n onderwyser aan om na die biblioteek om te sien terwyl die persoon oor geen kennis beskik nie. Die biblioteek verval dan in 'n stookkamer vir ou boeke en papiere (Sukati, 1985:225).

Die biblioteek van UNISWA beskik oor genoegsame en ervare personeel. Die organisasie van die biblioteek voldoen aan die norme en standaarde van 'n universiteitsbiblioteek hoewel dit nog nie gerekenariseer is nie. Dit beskik oor die vereiste dissipline en 'n hoë graad van benutting deur die studente vind plaas. Oudiovisuele hulpmiddels word nie eers oorweeg in die meeste skole nie want slegs 'n paar skole kan die luuksheid bekostig (Sukati, 1985:226).

5.3.2.3 Skoolvoeding

Skoolvoeding word verskaf aan preprimêre, primêre en sekondêre skole. Hierdie voedingsprogram word geborg deur die World Food Programme. Die doel van hierdie projek is om die effektiwiteit te verhoog van die onderwys deur die verskaffing van voedsame etes op 'n daaglikse basis. Dit kan tot gevolg hê dat daar 'n meer gereelde skoolbywoning deur leerlinge sal wees; dat leerlinge beter sal konsentreer in die klaskamer en gevolglik beter skolastiese vordering sal toon. In 1983 het 74 preprimêre skole, 188 primêre skole en 34 sekondêre skole by die skema gebaat. Daar word voorsien dat teen 1988 74 en meer preprimêre skole, 460 primêre skole en 34 en meer sekondêre skole van die skema gebruik sal maak (Swaziland Government, 1983:383). Tans neem skole aan die skema deel op 'n vrywillige basis. Die skema word deur die gemeenskap finansiël onderhou. Die regering maak slegs bydraes in droogte geteisterde gebiede (Dawson, 1995).

5.3.3 Ondersteuningsdienste aan die onderriggewer

5.3.3.1 Kurrikulumdiens

In die verlede is alle kurrikulums buite Swaziland opgestel. Gedurende die tweede ontwikkelingsplan vir die onderwys van 1973 tot 1977 is 'n begin gemaak met die opstel van kurrikulums vir die primêre skool in Swaziland self. Vir die doel is in 1973 'n Curriculum Development Committee (CDC) saamgestel wat uit inspekteurs van onderwys, onderwysers, ander individue wat belangstel met die adviesdiens van 'n kundige uit die VSA bestaan het. Die doelstellings en doelwitte van die CDC is uitgespel deur die National Education Commission wat 'n sterk inheemse karakter daaraan gegee het (Swaziland Government, 1973:159). Die gemelde komitee se taak sou wees om die

Primary Curriculum Project (P.C.D.P) te inisieer (Swaziland Government, 1978:183). Op hierdie stadium word die sekondêre skool se kurrikulum nog in Cambridge, Engeland saamgestel (Sukati, 1985:226). Gedurende 1977 is 'n Secondary Curriculum Unit (S.C.U.) op die been gebring met die doel om veranderings te bespoedig en 'n meer homogene benadering aan die daarstelling van die kurrikulum te gee. Dit het slegs betrekking op die junior sekondêre fase gehad. (Swaziland Government, 1978:186). Die taakverrigting van die S.C.U. was egter teleurstellend en met die totstandkoming van die National Curriculum Centre (N.C.C.) is daar gehoop op beter vordering (Swaziland Government, 1983:252). Uit die dokumentasie ter hand is dit duidelik dat die N.C.C ernstige probleme ondervind om 'n kurrikulum daar te stel wat sinvol is en die gestelde behoeftes bevredig. Die redes hiervoor is drieledig van aard naamlik (Swaziland Government, 1993:114):

- 'n Gebrek aan toepaslike opgeleide personeel om die N.C.C. te beman;
- 'n gebrek aan 'n kommunikasiekanaal vir die uitruil van idees en menings tussen die kurrikulumontwikkelaars, onderwysers, onderwyseropleiers en die breë gemeenskap;
- 'n gebrek aan dissipline by die uitvoering van 'n projek want voordat die projek van toepassing gemaak kan word in die praktyk, volg 'n nuwe gedagterigting wat die bestaande idees omverwerp en vervang. Die gevolg is dat nooit by 'n geskikte kurrikulum, veral vir die sekondêre skool uitgekóm word nie.

Die N.C.C. het ook vier Teacher Innovation and Distribution Centres (T.I.D.C.) wat hoofsaaklik deur die Wêreldbank gefinansier word, nl. te Manzini, Nhlngano, Sitegi en Piggs Peak. Al vier sentra het onder die beheer van die Distriksonderwysbeampte tot stand gekóm. Deur onderwysers in diens op te lei, is hulle van die nuutste werk van die N.C.C. voorsien (British Council, 1980:20). Ten einde aan die verskillende talente van leerlinge gestalte te gee en aan hulle die geleentheid te bied om sinvolle keuses te maak betreffende verdere studie en beroepe sal die kurrikulum van skole verbreed word in die voorgestelde negejaaronderwysprogram. In die laer grade (standerds) is met die hulp van borge reeds daarin geslaag om die kurrikulum te verbreed, maar in die hoër grade (standerds) is nog geen vordering gemaak nie. In 1992 het die helfte van die primêre skole reeds aan die vereiste voldoen deurdat praktiese vakke soos landbou, huishoudkunde, tegniese en handelsvakke reeds die lig gesien het (Swaziland Government, 1993:114).

5.3.3.2 Vakadviesdiens vir onderwysers

Dit is die taak van die senior inspekteurs om aan onderwysers leiding en advies te gee in die verskillende vakke. Omdat daar net een senior inspekteur is vir 'n vak wat die hele land moet bedien, is dit te veeleisend vir een persoon om dit goed te doen. 'n Ander tekortkoming is dat daar nie senior inspekteurs bestaan vir handelsvakke, musiek en godsdiensstudies nie (Sukati, 1985:228).

5.3.3.3 Professionele hulpdiens vir onderwysers

Daar word van tyd tot tyd indiensopleidingskursusse vir onderwysers aangebied. Daar bestaan egter geen oriënteringskursusse vir beginneronderwysers nie. Slegs enkele publikasies, omsendbriewe en inligtingsbrosjures word deur die ministerie aan onderwysers voorsien. Dit is egter so gering dat dit feitlik nie die moeite werd is om daarvan melding te maak nie (Sukati, 1985:228-229).

5.3.3.4 Eksamenafdeling

Die basiese idee waarom eksamens ingestel is, naamlik om die swak en sterk plekke in die mondering van die leerling te bepaal ten einde die leerling te help met die keuse van die regte vakpakket, die regte kursus, die regte skool of 'n geskikte remediëringsprogram. Die stelsel is in Swaziland verontagsaam. Van graad I tot st 4 word vraestelle deur die klasonderwyser opgestel en nagesien en op grond van die eksamenuitslae vind promosie plaas. In st 5 word 'n eksterne eksamen geskryf wat deur die eksamenafdeling van die ministerie nagesien word. Die vraestelle van st 6,7, en 9 word ook deur die onderwysers opgestel en nagesien en die skool besluit op promosie op grond van die eksamenresultaat. Die st 8 eksamen of junior sekondêre eksamen is 'n eksterne eksamen wat opgestel en nagesien word deur die eksamenraad van Lesotho en Swaziland, terwyl st 10-eindeksamens opgestel en nagesien word deur Cambridge. Die vraag wat deur die loop van jare gevra word, is of die Cambridge-sillabus en eksamen aan die behoeftes van Swaziland beantwoord (Sukati, 1985:226-228).

In 1990 is die verkorte basiese onderwys van nege jaar aangekondig wat inderdaad ook 'n invloed op die eksamenafdeling sal hê. Daar word in 1990 die vooruitsig gestel dat die eksterne eksamens op die sewende en negende jare binne die volgende 5 jaar moet uitfaseer. Dit moet dan plek maak vir 'n stelsel van kontinue evaluering en diagnostiese meting (Swaziland Government, 1990:76). Daar word ook beplan om onderwysers op te lei om toetse op te stel wat aan die vereistes vir die nuwe kurrikula voldoen.

Gedurende 1992 is 'n ondersoek gedoen na die effektiwiteit van die eksamineringsraad deur 'n onafhanklike konsultant en is die volgende aanbevelings deurgegee (Swaziland Government, 1993:115).

- Toewysing van onderwysers moet hersien word;
- die sekuriteit by die kantore van die eksamineringsraad moet aandag geniet;
- alternatiewe akkommodasie vir die raad verdien aandag;
- die kommunikasie tussen die eksamenraad en die Ministerie van Onderwys kan verbeter word;
- die kurrikulum moet meer plaaslik gerig wees;
- verwerping van die voorstel om die Cambridge "O-level"-eksamen te vervang met 'n plaaslike eksamen;
- sommige aanbevelings sal gedurende die nabye toekoms deurgevoer word.

5.3.3.5 Radio-onderwys

Onderwysgerigte radio-uitsendings het reeds so vroeg as Januarie 1967 'n aanvang geneem onder toesig van die Ministerie van Onderwys. In Januarie 1967 is die verantwoordelikheid vir hierdie diens egter oorgeplaas na die kantoor van die Adjunk eerste minister. In 1975 het die Swaziland Broadcasting Service (S.B.S.) 'n dokument aan die regering voorgelê waarin die wenslikheid dat die diens in samewerking met die Ministerie van Onderwys onderneem word, beklemtoon. Die versoek is toegestaan en daar is ooreengekom dat daar noue samewerking sal wees tussen uitsaaiwese en die senior vakinspekteurs. In 1976 het die European Development Fund die finansiering van F.M.-senders goedgekeur wat meebring dat die radiodiens 90% van die land bereik. Die Ministerie van Onderwys en die S.B.S. het in Oktober 1976 'n gesamentlike plan opgestel om 'n verbeterde uitsaaidiens in 1977 vir opvoedkundige programme daar te stel. Radio's is in 1977 aan skole voorsien. Hierdie was die eerste stappe om opvoedkundige programme aan die breë bevolking beskikbaar te stel (Ministry of Education, 1976:85-86).

In 1978 is 'n radioprogram, "Listen and Learn", ingestel en dit is in 1979 voortgesit. In 1979 is 'n junior sertifikaat-kursus in Engels oor die radio aangebied (Ministry of Education, 1979:90). In 1980 het S.B.S. ongeveer 18 uur per week aan opvoedkundige programme afgestaan. Die Ministerie van Onderwys het in 1980 begin om met die hulp van UNESCO personeel op te lei vir die samestelling van televisieprogramme want S.B.S. het goedgegunstiglik toegestem om opvoedkundige programme te beelddsaai sonder enige vergoeding (Brittish Council, 1980:12-13).

5.4 SAMEVATTING

Die ondersteuningsdienste is bespreek met die klem op die ondersteuning wat aan die leerders en die onderriggewers verskaf word ten einde doeltreffende onderrigleer te bevorder.

Wat ondersteuningsdienste aan die leerders betref, was daar met onafhanklikwording in 1968 geen voorligtingsdiens vir skole nie. Tans is die Ministerie van Onderwys van mening dat opvoedkundige leiding met al sy komponente 'n integrale deel van die onderwys moet wees. Die erns waarmee hierdie diens bejeën word, is duidelik merkbaar want die onderwyser wat by elke skool verantwoordelik is vir die programme vir opvoedkundige leiding ontvang 'n addisionele toelaag. Die skoolbiblioteek en onderwysmediadiens ondervind baie probleme weens 'n tekort aan fondse om boeke en apparatuur aan te koop. Skoolvoeding is die verantwoordelikheid van die gemeenskap en die regering verleen slegs finansiële hulp in geval van droogte of ander natuurlike oorsake, byvoorbeeld oorstromings (vgl. paragraaf 5.3.2.3).

Die onderriggewers ontvang ondersteuning van die kurrikulumdiens. Die diens ervaar baie probleme in soverre dit die koördinerings van die projekte betref omdat toepaslik opgeleide personeel nie altyd beskikbaar is nie. Tans word daar vordering gemaak wat die primêre kurrikulumprojek betref want die meeste skole bied reeds praktiese vakke aan.

Die vakadviesdiens en professionele hulpdiens vir onderwysers skiet ver tekort omdat die vakadviesdiens slegs deur een senior inspekteur per vak bedien word en die professionele hulpdiens so gering is dat dit feitlik nie die moeite werd is om daarvan melding te maak nie (vgl. paragraaf 5.3.3.2 en 5.3.3.3). Die eksamenafdeling is tans in die proses van vernuwing om die instelling van die verkorte basiese onderwys van nege jaar te kan akkommodeer. Radio-onderwys beklee ook 'n onbeduidende posisie in die ondersteuningsdiens van die onderriggewers.

In die volgende hoofstuk word afleidings en gevolgtrekkings gemaak en 'n evaluering gedoen van die mate van ontwikkeling wat daar in die Swazilandse onderwysstelsel was sedert onafhanklikwording.

HOOFSTUK 6

AFLEIDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN EVALUERING

6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n oorsig gegee van die motivering wat aanleiding gegee het tot die studie, die doelstellings wat die navorsing gerig het en navorsingsmetodes wat gebruik is om die navorsingsdoelstellings te bereik. 'n Samevatting van die onderwysstelsel van Swaziland na onafhanklikheid word gegee en in 'n beknopte oorsig word terugverwys na die struktuur van 'n nasionale onderwysstelsel, 'n historiese perspektief van die Swazilandse onderwysstelsel, die nasionale onderwysideaal, onderwysbeleid en organisasiestrukture, skoolstelsel en ondersteuningsdienste.

6.2 MOTIVERING VIR DIE STUDIE

Swaziland is 'n ontwikkelende dertewêreldland wat in 1968 sy onafhanklikheid van Brittanje gekry het. In die land het daar verandering en ontwikkeling plaasgevind in die onderwysstelsel. Hierdie ontwikkeling kan bydra om ontwikkelinge wat in ander lande na onafhanklikwording plaasgevind het, te verstaan.

6.3 DOELSTELLING MET DIE NAVORSING

Die doel met die navorsing is om die invloed van onafhanklikheid op die Swazilandse onderwysstelsel te bepaal.

6.4 NAVORSINGSMETODES

'n Literatuurstudie is gedoen in biblioteke van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, die Transvaalse Onderwysbiblioteekdiens, die Universiteit van Swaziland en die onderwysargief van die

Ministerie van Onderwys in Swaziland. Swaziland is besoek en gesprekke is gevoer met persone verbonde aan die Ministerie van Onderwys wat oor 'n breë kennis beskik van die onderwysstelsel in Swaziland.

6.5 ALGEMENE OORSIG

In hoofstuk 2 is die struktuur van 'n nasionale onderwysstelsel bespreek. Definisies is aangehaal en 'n skematiese voorstelling van 'n definisie van die onderwysstelsel is in figuur 2.1 gegee. Die aanvaarbare internasionale vereistes waaraan 'n onderwysstelsel in die moderne tyd moet voldoen, is verduidelik (vgl. paragraaf 2.3). Die komponente waaruit die onderwysstelsel bestaan, naamlik die onderwysstelselbeleid, onderwysstelsel-administrasie, onderwyskundige struktuur en ondersteuningsdienste is verklaar en dit is duidelik dat die onderwysbehoefes van 'n teikengroep slegs bevredig kan word indien die verskillende komponente op 'n harmonieuse wyse by mekaar inskakel (vgl. paragraaf 2.4.2-2.4.5). Die *individuele struktuur van 'n onderwysstelsel is die resultaat van die invloed wat verskillende determinante op die rigtingbepaaldheid van 'n onderwysstelsel het* (vgl. paragraaf 2.5).

In hoofstuk 3 is 'n sosio-politieke en historiese perspektief gegee van die Swazilandse onderwysstelsel. Dit is nodig om begrip en waardering vir die leefwêreld van die Swazivolk te hê. Daarom moet kennis gemaak word met die land betreffende sy geografiese gesteldheid, sy historiese agtergrond, die bevolking en die politieke strukture. In 'n historiese perspektief op die onderwys word verwys na die tradisionele onderwys, die sendingonderwys en die onderwys wat deur die koloniale owerhede bedryf is vir *blankes, gekleurd en swartmense*. In paragraaf 3.3.3 word verwys na die *intergrasie*model wat in 1963 in werking gestel is en hoe hierdie model ontwikkel het dat teen 1967 reeds 30% van die leerlinge in blanke en gekleurde skole, swart leerlinge was.

In hoofstuk vier is die ideale van die regering vir die onderwys in Swaziland bespreek. In kort kom dit neer op die beskikbaarstelling van onderwysfasiliteite en leergeleenthede aan alle leerders by wie 'n behoefte vir onderwys bestaan. Hierdie leerders omvat die hele spektrum van die preprimêre fase tot onderwys vir volwassenes. Hierdie ideale is behandel volgens die vyfjaarplanperiodes van die regering en telkens is verwys na die ideale wat reeds bereik is (vgl. paragraaf 4.2.3).

Die onderwysbeleid is in terme van die vyfjaarplanperiodes van die regering bespreek en oor die breë spektrum kan die beleidsdoelstellings oor die tydperk gereduseer word tot die volgende essensies, naamlik:

- kostelose primêre onderwys vir alle leerders;
- beroepsgerigte onderwys, en
- die voorsiening van fisiese fasiliteite sodat alle leerders toegang kan kry tot die skole in Swaziland.

Die organisasiestrukture in die Swazilandse onderwysstelsel is behandel in paragraaf 4.4. Uit die bespreking kan die afleiding gemaak word dat die organisasiestrukture belangrik is vir die onderwysstelsel in sy geheel want enersyds sorg dit vir die daarstelling van ideale en beleidstrukture en andersyds sorg dit dat die gestelde ideale en beleid in die praktyk realiseer. Die ontwikkeling wat daar in hierdie faset plaasgevind het, word aangedui in figure 4.1, 4.2 en 4.3.

In hoofstuk 5 word die skoolstelsel behandel in al sy verskillende elemente. Uit die bespreking kan daar afgelei word dat daar ten opsigte van al die elemente van die skoolstelsel ontwikkeling was. Wat nie uit die oog verloor moet word nie is dat daar baie terreine was waar weinig vordering gemaak is. Dit moet beklemtoon word dat die primêre, sekondêre en beroepsgerigte onderwys in die tyd bevredigende groei getoon het sodat die voorsiening van hierdie soorte onderwys baie beter is as voor onafhanklikwording (vgl. paragrawe 5.2.3, 5.2.4 en 5.2.8). Wat die ondersteuningsdienste, (paragraaf 5.3) betref, het die ontwikkeling uitgebrei tot ongeveer die helfte van die tagtigerjare. Die owerhede het toe tot die besef gekom dat die ondersteuningsdienste noodsaaklik is; veral opvoedkundige meting, leiding en sielkundige dienste. Daar is begin om aan leerlinge voorligting te gee oor loopbaankeuses wat onontbeerlik vir die korrekte aanwending van persone op die arbeidsmark is.

Die ondersteuning wat daar aan die onderriggewer gegee word, is nog nie op standaard nie, veral wat die kurrikulundiens betref (vgl. paragraaf 5.3.3.1).

6.6 AFLEIDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN EVALUERING

Uit die navorsing oor die betrokke onderwysstelsel kan enkele afleidings en gevolgtrekkings gemaak word wat van belang is.

6.6.1 Finansiering van die onderwys

6.6.1.1 Finansiering deur die regering

Die afleiding kan gemaak word dat die regering 'n baie hoë premie plaas op die ontwikkeling van die onderwys. Bewyse vir die opregte bedoeling van die regering in die verband word gevind in die ruim toewysings wat daar uit die begroting aan die onderwys gemaak is. Daar is in die 1993/94-begroting E212,8 miljoen opsy gesit vir die onderwys wat 29% is van die bruto inkomste van die land. Van hierdie bedrag word 9.6% aan kapitaalwerke spandeer. Wanneer hierdie syfers met die van die lande van die Sub-Sahara-lande vergelyk word waar slegs 'n gemiddeld van 12% van die begroting aan die onderwys toegewys word, is die beeld des te meer gunstig.

Indien die bestaande toestande van toepassing bly, naamlik oormatige bevolkingsgroei, kursusherhaling en hoë uitvalsyfers en gunstige begrotingstoewysing word verwag dat die primêre skoolbevolking sal groei tot 223,000 wat die regering E110,5 miljoen sal kos teen die jaar 2000 en 'n groei van 3% verteenwoordig. In dieselfde tyd sal die sekondêre skoolbevolking groei tot 56,500 teen 'n koste van E81,2 miljoen en 'n groeikoers van 4,5 persent. Nieteenstaande hierdie positiewe resultaat wat daar tot op hede behaal is, is daar ernstige probleme vir die regering wat die finansiering van die onderwys betref.

Watter hervormings en veranderings daar ook al aangebring word deur die onderwysowerhede is 'n verhoging in die onderwysbegroting heeltemal onmoontlik en wel om die volgende redes:

- Die ekonomiese klimaat is van so aard dat die regering se belastinginkomste in die komende jare nie volgens beplanning sal groei nie;
- dit word verwag dat die regering se uitgawes 'n groter tekort op die betalingsbalans sal meebring, aangesien dit in die 1993/94-belastingjaar reeds op E125 miljoen te staan gekom het en daar word voorsien dat dit in 1994/95-belastingjaar die E225 miljoen kan oorskry (Ministry of Education, 1993a:18);
- onderwys ontvang reeds 'n baie groot deel van die jaarlikse begroting (29%).

Dit is dus duidelik dat die onderwys sover dit finansiering deur die regering betref, 'n baie moeilike tydvak betree. Die moontlikheid dat daar meer fondse van skenkerorganisasies ontvang sal word, kan ook op die kort termyn uitgesluit word aangesien die ekonomiese klimaat in die wêreld ook hier 'n struikelblok is. Indien hierdie tendense

onbepaald sou voortduur, kan dit die onderwys in Swaziland 'n ernstige knou toedien omdat die behoefte aan onderwys steeds buitensporig hoog is weens die uitermate hoë groei van die bevolking (tussen 3,2% en 3,4% per jaar).

Gemeet aan die minimum vereistes wat daar aan 'n onderwysstelsel in die moderne tyd gestel word, het die owerhede in Swaziland in die onderhawige tydperk wel daarin geslaag om die toepaslike *finansiële ondersteuning binne die vermoë van die land* aan die onderwys te gee. In vergelyking met ander lande het hulle bo die vergelykbare norm presteer.

6.6.1.2 Finansiering deur die ouergemeenskap

Die ouergemeenskap in Swaziland, van wie die meerderheid ongeskoolde arbeid verrig en gemiddeld sowat E303-00 per maand verdien, lewer 'n groot bydrae tot die onderwys van hulle kinders (Central Statistical Office, 1992:90). So byvoorbeeld betaal ouers van hoërskoolleerlinge drie keer meer vir die opvoeding van hulle kinders as ouers van primêrskoolleerlinge. Van ouers word verwag om bydraes te maak vir boufondse, onderhoud van geboue en skoolmateriaal. Die skoolgeld wat van die ouers verhaal word verskil ook aansienlik van streek tot streek. So byvoorbeeld is die volgende bedrae van ouers verhaal gedurende 1992 (Ministry of Education, 1993a:10):

Streek	Bedrag
Hhohho	E122,56
Lubombo	E110,70
Manzini	E96,02
Shiselweni	E76,40

Hierdie bedrae in die lig van die gemiddelde verdienste van die meerderheid van die bevolking is moeilik bekostigbaar. Daarom sal dit nodig wees om in die toekoms te kyk na die volgende aspekte ten einde die druk op die ouergemeenskap te verlig. 'n Beleid vir die bepaling van skoolgelde oor die hele land moet vasgestel word en in die beleid moet antwoorde op die volgende vrae voorsien word, naamlik:

- Wat moet alles deur die skoolgelde gedek word?
- Wat moet die kriteria wees waarvolgens dit vasgestel word (leerlingetalle of 'n persentasie van die skoolbegroting)?
- Moet jaarlikse verhogings in skoolgelde beperk word?
- Moet 'n maksimum bedrag per leerling of ouerhuis vasgestel word?

- Moet daar oorweging gegee word aan verskillende skooltipes?
- Moet ander vorme van ouerbetrokkenheid oorweeg word as middel om skoolgelde te delg?
- Moet skoolgelde gevorder word op verskillende stadium gedurende die jaar ten einde dit meer gerieflik te maak vir ouers in die verskillende sektore van die ekonomie, byvoorbeeld die boere wat merendeels 'n jaarlikse inkomste het?
- Watter maatreëls moet getref word om behoorlike beheer oor die finansies van 'n skool te verseker?
- Wie moet verantwoordelik wees om die doelmatigheid van uitgawes te bepaal?

Gemeet aan die minimum vereistes wat daar aan 'n onderwysstelsel gestel word, is bevind dat die ouergemeenskap wel deeglik betrokke is by die onderwys van die jeug, al is dit ook net 'n finansiële betrokkenheid. Die meerderheid ouers beskik ook nie oor die vermoë om andersins 'n bydrae te lewer nie weens die tot nog toe te hoë ongeletterdheidvlak.

6.6.2 Die kurrikulum

Sedert onafhanklikheid was die owerhede bekommerd oor die toepaslikheid van die kurrikula wat gevolg is. Vir 'n geruime tyd is die kurrikula gevolg wat deur die koloniale regering daargestel is. Die relevansie van die kurrikula is by verskeie geleenthede bevraagteken deur onder andere die National Education Commission (1975), die National Education Review Commission (NERCOM) (1985) en dit was gedurig in die gesigsveld van die gemeenskap. Dit het tot gevolg gehad dat daar deurentyd gepoog is om die kurrikula te laat beantwoord aan omgewingseise en sosio-ekonomiese druk. Dit het gelei tot 'n buitengewone oorlading van veral die kurrikula van die primêre skool ten einde aan die sosiale eise van die tyd te voldoen. As gevolg hiervan is die basiese leervaardighede en probleemoplossingstegnieke verwaarloos. Die ontwerpers van die kurrikula het na 1975 daarin geslaag om 'n kurrikula daar te stel wat relevant is vir die Swazivolk. Die ontwerpers van die kurrikulum het ook verder gegaan deur van die kennis en vaardighede van die volk gebruik te maak om boeke te skryf in veral vakke soos Siswati, sosiale studies, huishoudkunde en kulturele aktiwiteite. 'n Besondere mylpaal wat bereik is in die kurrikulumontwikkeling is die daarstelling van prakties gerigte vakke wat leerlinge in staat stel om eie sake-ondernemings by skoolverlating te kan bedryf. Dit was 'n definitiewe beweging weg van die ou koloniale stelsel.

Gemeet aan die minimum vereistes waaraan 'n onderwysstelsel moet voldoen, is dit duidelik dat die kurrikulum aanvanklik net akademies gerig was, maar dat die owerhede

daarin geslaag het om beroepsgerigte vakke in te voer. Aan die nuutste beskouing, naamlik dat daar 'n gesonde balans moet wees tussen die twee pole word nog nie aan voldoen nie.

6.6.3 Voorsiening van onderriglokale

Die steeds toenemende getal primêreskoolleerlinge is 'n groot probleem vir die owerhede. Die voorsiening van onderriglokale het oor die jare nie tred gehou met die groeiende getal leerlinge nie. 'n Demografiese studie wat in 1991 van stapel laat loop is, het aan die lig gebring dat gemeenskappe wel goed gemotiveerd is om betrokke te wees by skoolgemeenskappe. Die grootste probleem wat in die verband opgemerk is, is die swak bestuur van gemeenskapshulpbronne in die vorm van geld en arbeid (Ministry of Education, 1993a:16). Om hierdie probleem die hoof te bied, sal ernstige aandag geskenk moet word aan die getal leerlinge wat 'n standerd moet herhaal. Dit bring onnodige hoë uitgawes vir voorsiening van onderwys mee want leerlinge wat reeds uit die stelsel moes gewees het, sit nog waardevolle plekke in skole vol. Die hoë bevolkingsaanwassyfer vererger ook die probleem. Sinvolle gesinsvoorligting kan hier op die langtermyn 'n beduidende rol speel.

Wanneer daar 'n vergelyking getref word met die minimum vereistes waaraan 'n onderwysstelsel moet voldoen, is dit duidelik dat die owerhede ernstige pogings aangewend het om die vereiste fisiese fasiliteite vir die onderigproses daar te stel. Hierin is gedeeltelik geslaag, maar die eensydige strewe om alle skoolpligtige leerders te akkommodeer, het die daarstelling van genoeg fisiese fasiliteite laat skipbreuk ly.

6.6.4 Onderwysadministrasie

Onderwysadministrasie deur hoofde van skole het in die verlede veel te wense oorgelaat. Hierdie probleem is aangespreek deur die owerhede deur middel van indiensopleiding. Volgens aanduidinge sal alle skoolhoofde van die primêre en sekondêre skole binne die afsienbare tyd onderlê wees in die bestuur van die skole. Hierdie aksie sal die breë onderwys bevoordeel omdat die ordelike funksionering van die onderwysstelsel van kardinale belang vir opvoedende onderwys is.

6.6.5 Herhaling

Daar is bevind dat die herhaling en uitvalsyfers besonder hoog is. Indien die situasie die hoof gebied word, kan daar 'n groot "besparing" van skoolplekke plaasvind. Daar

is reeds 'n begin gemaak met die verbetering van die toestand deur gebruik te maak van die proses van kontinue evaluering. Dit het tot gevolg dat die druipsyfer reeds gedaal het tot 10 persent en die uitvalsyfer is met die helfte verminder. Dit sal tot gevolg hê dat die onderwysstelsel verbeter want die owerhede kry dan uit 'n ekonomiese oogpunt meer waarde vir geld wat spandeer word. Dit sal ook tot gevolg hê dat dit 'n groter besparing vir ouers meebring (Ministry of Education, 1993a:11). Die vraag kan egter ook gevra word of die standaard nie drasties verlaag word deur die metode van kontinue evaluering nie. Dit is 'n vraag waarop in die nabye toekoms 'n antwoord gevind sal moet word wanneer die eerste kandidate van die stelsel die finale eksterne skooleksamen moet aflê en ook wanneer die kandidate die terrein van die tersiêre opvoeding betree.

Die norm vir leergeleenthede en onderwysfasiliteite wat beskikbaar moet wees vir alle leerders as 'n minimum vereiste vir 'n onderwysstelsel is nie aan voldoen nie. Die te hoë uitval- en herhalingsyfers het veroorsaak dat gemelde leerders plekke volsit van leerders wat eintlik in die skool hoort. Hierdie tendens kan ook gewyt word aan die feit dat alle onderwysers oor toepaslike opleiding beskik nie.

6.6.6 Kostelose primêre onderwys

Die ideaal van die Swazilandse regering was onder andere om 'n geletterde bevolking daar te stel. Hierdie ideaal het steeds die owerhede ontwyk weens onder andere die hoë uitvalsyfers en die hoë koste van die onderwys. Die vraag kan nou gestel word of daar weer gekyk moet word na die aanbevelings van NERCOM wat aanbeveel het dat die eerste vier skooljare kosteloos verskaf moet word. Kan besparings bewerkstellig word in die huidige stelsel en kan die huidige begroting so herstruktureer word dat die ideaal verwesenlik kan word. Indien daar gelet word op die stand van die ekonomie is dit te betwyfel of hierdie ideaal bereik sal word.

6.6.7 Onderwysersopleiding

Dit is die standpunt van die regering van Swaziland dat die onderwysers die ruggraat van die onderwys is. Dit is dus noodsaaklik dat hulle deurentyd weerbaar sal wees. In die lig van die veranderings in die kurrikulum moet die huidige standaard van die praktiserende onderwysers opgegradeer word en die kurrikulum van onderwysersopleiding aangepas word ten einde ooreen te stem met die behoefte wat by skole en leerders bestaan.

Die norm dat daar altyd toepaslik gekwalifiseerde onderwysers beskikbaar moet wees as 'n vereiste vir 'n moderne onderwysstelsel is slegs gedeeltelik bereik omdat daar nog steeds onderwysers in die stelsel is wat nie toepaslik gekwalifiseer is nie.

6.6.8 Geslagsopvoeding

Dit is duidelik dat geslagsopvoeding 'n baie prominente rol moet speel in die skole van Swaziland. Dit is bekend dat vroulike leerders in die primêre skool oor 'n laer uitvalsifer beskik as hul manlike eweknie. Wanneer hulle egter die sekondêre skool betree en puberteit bereik, veral in standerd ses, verhoog die uitvalsifers van die vroulike leerders drasties weens tienerswangerskappe. Dit word dus aanbeveel dat die onderwysowerhede drastiese stappe moet doen om hierdie probleem die hoof te bied.

6.7 TIPIESE VERANDERINGS WAT MOONTLIK IS IN ANDER ONTWIKKELENDE STELSELS

Uit die navorsing oor 'n onderwysstelsel van 'n ontwikkelende dertewêreldse land het enkele veranderinge en ontwikkelinge na vore getree wat moontlik van toepassing kan wees op ander ontwikkelende stelsels. Hierdie aspekte kan 'n remmende invloed op die ontwikkeling van 'n onderwysstelsel hê. Waar die verskillende onderwysstelsels in die RSA nou verenig word onder een onderwysstelsel kan die volgende aspekte beskou word as probleemareas waarop voorbedag moet wees:

- finansiering van die onderwys deur die regering;
- finansiering van die onderwys deur die ouers;
- onderwysadministrasie;
- voorsiening van fisiese fasiliteite;
- onderwysersopleiding;
- die kurrikulum, en
- herhaling van kursusse.

Hierdie aspekte is oordraagbaar op ander onderwysstelsels omdat dit die tipiese probleme is waarmee 'n ontwikkelende onderwysstelsel te make het.

6.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk word daar 'n samevatting gegee van hoe die navorsingsdoelwitte bereik is en 'n beknopte opsomming van die inhoudelike van elke hoofstuk. Aandag is geskenk aan die probleemareas van die onderwysstelsel van die Koninkryk van Swaziland. Die probleem van finansiering van die onderwys deur die regering en die oergemeenskap is in oënskou geneem en enkele vrae oor die beleidsrigting is gestel. Die kurrikulum, die voorsiening van onderriglokale, onderwysadministrasie en die probleem van herhaling is onder die loep geneem. Die hoofstuk sluit af met enkele beskouings oor die voorsiening van kostelose onderwys op primêre skoolvlak, onderwysersopleiding, die kwessie van geslagsopvoeding en tipiese veranderings wat moontlik in ander ontwikkelende stelsels toegepas kan word.

BIBLIOGRAFIE

- ANDERSON, J. 1970. The struggle for the school. Nairobi : Longmans.
- ANON. 1980. Swaziland education profile. London : British Council.
- BARNARD, S.S. 1985. Inleiding tot die vergelykende opvoedkunde. Durban : Butterworth.
- BISHOP, G.D. & ATHERTON, P.J. 1981. The status and development of education in the Kingdom of Swaziland. Mbabane : Emlalati Development Centre.
- BONDESIO, M.J. & BERKHOUT, S.J. 1987. Onderwysstelselkunde. Pretoria : Universiteit van Pretoria.
- BOOTH, A.R. 1983. Swaziland: tradition and change in a Southern African Kingdom. Colorado : Westview Press.
- BRITISH COUNCIL. 1980. Education profile. London : British Council.
- CENTRAL STATISTICAL OFFICE. 1992. Annual statistical bulletin. Mbabane : Webster Print.
- CENTRAL STATISTICAL OFFICE. 1993. Annual statistical Bulletin. Mbabane : Webster Print.
- CENTRAL STATISTICAL OFFICE. 1977. Education Statistics 1972-1976. Mbabane : Webster Print.
- COETZEE, C.J. 1986. Botswana, Lesotho en Swaziland: politieke verwickelinge. Potchefstroom : PU vir CHO.

- DAWSON, A.C. 1994. Persoonlike onderhoud op 9 September 1994. Mbabane : Ministerie van Onderwys.
- DAWSON, A.C. 1995. Persoonlike onderhoud op 20 Februarie 1995. Mbabane : Ministerie van Onderwys.
- DE JAGER, C.J. 1963. Die onderwys in Swaziland. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch.
- DEKKER, ELIZE & VAN SCHALKWYK, O.J. 1989. Moderne onderwysstelsels. Durban : Butterworths.
- DLAMINI, E.M. 1994. Persoonlike onderhoud op 2 September 1994. Mbabane : Ministerie van Onderwys.
- DLAMINI, M. 1972. The philosophy policies and objectives of the Imbokodvo National Movement. Mbabane : Swaziland Printing and Publishing Co.
- HANS, N. 1949. Comparative education: a study of educational factors and traditions. London : Routhledge & Kagan Paul.
- HARLEY, F.B. 1977. Innovation and change in schools of Swaziland. Pretoria. (Verhandeling: M.Ed. - Unisa.)
- HUSEN, T. & POSTLETHWAITE, T.N. 1985. The International Encyclopedia of Education, V.8. Oxford : Pergaman Press.
- KUNENE, J.G. 1991. Memorandum aan die Eerste Sekretaris van Ekonomiese Beplanning en Statistiek. Mbabane : Ministry of Education.
- KUNENE, J.G. 1994. Persoonlike onderhoud op 8 Junie 1994. Mbabane : Ministry of Education.
- KUPER, H. 1963. The Swazi: a South African Kingdom. New York : Holt, Rinehart and Windston.

- LULSEGGED, A.H.M. 1985. Dialogue to reform in education: Challenge of Swaziland. New York : Unesco.
- MAGAGULA, C. 1990. Implementing educational policies in Swaziland. Washington : World Bank.
- MAGAGULA, C. 1994. Persoonlike onderhoud op 8 Junie 1994.. Kwaluseni : University of Swaziland.
- MATSEBULA, J.S.M. 1972. A history of Swaziland. Johannesburg : Longmans.
- MINISTRY OF EDUCATION. 1975. Report of the National Education Commission. Mbabane : Ministry of Education.
- MINISTRY OF EDUCATION. 1976. Annual Report. Mbabane : Ministry of Education.
- MINISTRY OF EDUCATION. 1978. Annual Report. Mbabane : Ministry of Education.
- MINISTRY OF EDUCATION. 1979. Annual Report. Mbabane : Ministry of Education.
- MINISTRY OF EDUCATION. 1981. Annual Report. Mbabane : Ministry of Education.
- MINISTRY OF EDUCATION. 1982. Annual Report. Mbabane : Ministry of Education.
- MINISTRY OF EDUCATION. 1983. Annual Report. Mbabane : E.D.C.
- MINISTRY OF EDUCATION. 1985. Annual Report. Mbabane : Ministry of Education.
- MINISTRY OF EDUCATION. 1987. Annual Report. Mbabane : Ministry of Education.

- MINISTRY OF EDUCATION. 1993a. The first 25 years: learning and growth. Mbabane : Ministry of Education.
- MINISTRY OF EDUCATION. 1993b. Forum. Volume 16 No 2, September 1993. Mbabane : Webster Print.
- MTHETHWA, L.T. 1985. Education in Swaziland. Mbabane : Emaladini Development Centre.
- PERKINS, J.F. 1974. A history of Christian missions in Swaziland to 1910. Thesis: Johannesburg. (D. Phil. - University of the Witwatersrand.)
- RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981. Verslag van die werkkomitee: onderwysbeplanning. Pretoria : Blitskopie. (J.B. Haasbroek).
- RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981. Onderwysvoorsiening in die RSA. Pretoria : RGN.
- ROSE, B. 1973. Education in Southern Africa. London : Collier-Macmillan.
- RUPERTI, R.M. 1974. Die onderwysstelsels in Suidelike Afrika. Pretoria : J.L. van Schaik.
- SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS. 1955. Swaziland: a general survey. Johannesburg.
- SASNET, M. & SEPMEYER, I. 1966. Educational systems of Africa. Los Angeles : University of California Press.
- SISLIAN, J. 1980. African dimensions in education: the case of Swaziland. *Compare*, 10(1):61-74.
- STEYN, H.J., STEYN, E.C. & DE WAAL, E. 1990. Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. Potchefstroom : PU vir CHO.
- STEYN, H.J. 1991. Struktuur van die onderwysstelsel. Potchefstroom : PU vir CHO.

STEYN, H.J. 1993. International opinion on minimum requirements in the South African education system. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde, 13(4):182-188.

STONE, H.J.S. 1981. Gemeenskaplikheid en diversiteit: 'n profiel van die Vergelykende Opvoedkunde. Johannesburg : McGraw Hill.

SUKATI, C.W.S. 1985. The planning of secondary school education in Swaziland. Pretoria. (Thesis: D.Ed.-Unisa.)

SWAZILAND GOVERNMENT. 1966. Population Census. Mbabane : Swaziland Printing and Publishing Co.

SWAZILAND GOVERNMENT. 1969. Post Independence Development Plan. Mbabane : Swaziland Printing and Publishing Co.

SWAZILAND GOVERNMENT. 1973. Second National Development Plan 1973 - 1977. Mbabane : Swaziland Printing and Publishing Co.

SWAZILAND GOVERNMENT. 1977. The Annual Report summary of the Ministry of Education. Mbabane : Ministry of Education.

SWAZILAND GOVERNMENT. 1978. Third National Development Plan 1978/79 - 1982/83. Mbabane : Swaziland Printing and Publishing Co.

SWAZILAND GOVERNMENT. 1978. Ministry of Education: A Financial and Statistical analysis of Swaziland's Educational System with projections to 1986. Mbabane : Ministry of Education.

SWAZILAND GOVERNMENT. 1983. Fourth National Development Plan. Mbabane : Swaziland Printing and Publishing Co.

SWAZILAND GOVERNMENT. 1985. Reform through dialogue. Mbabane : Ministry of Education.

SWAZILAND GOVERNMENT. 1988. Education Statistics 1988. Mbabane : Central Statistical Office.

SWAZILAND GOVERNMENT. 1990. Development Plan 1990/1 - 1992/3.
Mbabane : Department of Economic Planning and Statistics.

SWAZILAND GOVERNMENT. 1991. Development Plan 1991/2 - 1993/4.
Mbabane : Department of Economic Planning and Statistics.

SWAZILAND GOVERNMENT. 1992. Development Plan 1992/3 - 1994/5.
Mbabane : Ministry of Economic Planning and Development.

SWAZILAND GOVERNMENT. 1993. Development Plan. 1993/4 - 1995/6.
Mbabane : Ministry of Economic Planning and Development.

SWAZILAND NATIONAL EXAMINATIONS COUNCIL. 1994. Regulations and
Syllabuses. Mbabane : Ministry of Education.

THEMBELA, A.J. 1980. A comparative study of educational system planning in
Kwazulu and Swaziland. Pretoria.(D.Ed. - Unisa.)

UNESCO. 1971. World survey of Education, vol. 5. Paris.

VAN DER WESTHUIZEN, P.C. 1986. Onderwysbestuur. Pretoria : HAUM.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1981. Fokus op die onderwysstelsel.
Durban : Butterworth.

VAN SCHALKWYK O.J. 1986. Die onderwysstelsel: teorie en praktyk.
Alkantrant : Educo Uitgewers.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1988. The education system: theory and practice.
Alkantrant : Pretoria Alkanto.